

## DIE GROOT AFVALIGHEID

Vind uit wat jou pastoor, priester, predikant of kerk nie will hê jy moet weet nie!

**Openbaring 12:9** sê dat satan die hele wêreld verlei het. Kan dit waar wees? Hier is die feite wat van gemeentes weerhou is deur pastoors, predikante en priesters, vir die laaste 1900 jaar. Die waarheid is vreemder as fiksie. Dit is skokkend en 'n openbaring. As jy 'n gelowige is kan die, die mees belangrikste boek naas die Bybel wees, wat jy ooit sal lees. Aangesien ons lewe in 'n tyd waar kennis grootliks sal vermeerder (**Dan 12:4**) hoef jy nie langer bedrieg te word nie. Vind uit wat satan nie wil hê jy moet weet nie en dan sal die waarheid jou vrymaak. (**Joh 8:32**)

### HIERDIE BOEK MAG NIE VERKOOP WORD NIE!

Dit is geskryf en gepubliseer in die publiek se belang, om Christene wakker te skud en bewus te maak van die leuens en verdraaiings van die feite in die geskiedenis en leerstellings/dogmas in die Liggaam van gelowiges van Yahshua ons Messias.

As u baat vind uit die boek, en vedere inligting verlang, skryf gerus aan:

COYRSA  
POSBUS 50353  
COLLEEN GLEN  
PORT ELIZABETH  
6018

Of stuur 'n epos aan: [coyhwhpe@hotmail.com](mailto:coyhwhpe@hotmail.com)

Of besoek ons webwerf by: [www.coYHWH.com](http://www.coYHWH.com)

Toestemming word hiermee gegee om die boek in sy geheel of gedeeltelik te versprei op een voorwaarde dat die inhoud of bedoeling nie verander of gewysig sal word nie.

### KOPIEREG "WORD OF TRUTH PUBLICATIONS 2004"

---

#### **SKRYWER, DON ESPOSITO, SE OPMERKING**

In die Engelse boek word meeste verse uit die **J.P. GREEN'S INTERLINEAR BIBLE OF THE OLD AND NEW TESTAMENT** aangehaal. Dit is saamgestel van die oorspronklike Hebreeus en Griekse manuskripte wat 'n letterlike woord vir woord vertaling is. Dit is uiters noodsaaklik om by die waarheid uit te kom. 'n Paar verse is vertaal van uit die King James en Authorised Version.

**(VERTAALER, RUCHAMA MARX, SE OPMERKING - In hierdie vertaalde uitgawe gebruik ek die 1953 Afrikaanse vertaling wat op e-Sword verskyn en waar nodig het ek veranderings gemaak om die ware betekenis van die oorspronklike skrif aan te dui, volgens die J.P. GREEN'S INTERLINEAR Bybel. L.W. Hierdie Afrikaanse weergawe is nie in boek vorm beskikbaar nie, maar ons kan kopies van die blaaie maak, laat bind, en aanstuur indien nodig.)**

Die oorspronklike name van ons Skepper, YAHWEH, en sy Seun, YAHSUA, word dwarsdeur gebruik. Die naam YAHWEH of YHWH IS 6823 KEER IN DIE OORSPRONKLIKE Hebreeuse manuskrip. Amper elke vertaling op die aarde, insluitende die King James vertaling, het die persoonlike naam van ons Skepper vervang met die naam "LORD" of HERE 'n generiese titel wat BAAL of MEESTER beteken. Ons Verlosser se naam, Yahshua, wat beteken "YAH IS VERLOSSING" – word verander na 'n Griekse hibriediese JESUS, wat 'n baie slegte translitrasie is van die Griekse IE-ZEUS. Die Engelse translitrasie van YAHSUA sal gelykwaardig wees aan JOSHUA. Daar was geen letter J in enige taal tot en met die 16de eeu. So, die Griekse naam Jesus is **nie** die naam van ons Verlosser nie! Die derde gebod verbied ten sterkste die ydelike gebruik van YAHWEH se

naam. Ydelik beteken: sonder rede, onbestendig, onbeduidend en vrugtelos. Om die naam YAHWEH en YAHSHUA te verander is om direk teen die 4de gebod te gaan.

So, ons gebruik die oorspronklike, ware name van die Vader YAHWEH en Sy Seun YAHSHUA in hierdie boek. Ons sal ook die Hebreuse woord Elohim gebruik in plek van Elohim.

---

## INLEIDING.

Besef ons hoe ons alledaagse lewe gekontroleer word deur gewoontes en tradisies? Het jy al ooit die gewoontes en tradisies in jou persoonlike lewe bevestig? Ek het. Ek was my hele lewe gedryf deur waarheid en logika. Ek haat dit om belieg of bedrieg te word.

Ek het groot geword in 'n Roomse Katolieke kerk. Terwyl ek opgegroeï het, was ek onder die indruk dat elke Christen 'n Roomse Katoliek was. Ek het geglo dat Petrus die eerste Pous was en dat Yahshua (Hebreuse naam vir Jesus) die Roomse Kerk begin het. Ek was baie suksesvol op 'n jong ouderdom. Ek was reeds betrokke by die Beurs op die ouderdom van 12 jaar, het my eie besigheid gehad op 18 (n koerier diens met oor die 20 werkers en bestuurders) en ek het my eie huis besit toe ek 19 jaar oud was. Ek was nie iemand wat tyd gemors het met fabels en fantasieë nie. My leuse was: wat die verstand kan glo en verstaan, dit sal die verstand kan bereik. Ek wil ook nie een enkele oomblik spandeer om te glo in 'n fabel, soos die Paas Haas of Kers Vader nie, wat net betekelose tradisies is wat ons ouers ons geleer het as kinders. Ek wou altyd die rede daarvoor geweet het. Soos alreeds gesê, logika was 'n baie belangrike deel van my lewe.

As daar 'n Skepper was het ek geglo dat daar 'n rede en 'n doel is vir die lewe. Mense lewe, mense sterwe en wat is die doel? Ek het ook daaraan gedink dat as daar 'n Skepper is, hoekom het Hy my geskape? Hoekom is ek hier op die aarde op hierdie spesifieke tyd van die geskiedenis? Baie van my oortuigings as 'n Roomse Katoliek was bevestig. Ek moes antwoorde kry. Ek het my besigheid verkoop om in 'n meer betalende besigheid in te gaan, maar dit het nie gewerk nie. Toe kry ek myself in die posisie met die grootste bate wat 'n mens kan hê – tyd. Ons almal het 24 uur 'n dag om produktief te wees of om ons tyd te mors en so doende ons geleentede. Ons kan die kosbare tyd verspil, as ons so verkies, op soek na eindelose plesier of om ure voor die idioot kassie (TV) te sit. Ek het die volgende 6 maande 'n intensiewe navorsing gedoen om antwoorde te kry vir al my vrae. Ten eerste wou ek bewyse hê dat daar wel 'n Elohim (Elohim) is. Dit was maklik! Kyk na die sterre, maan, son, bome en blomme, jy hoef nie 'n wetenskaplike te wees om te weet dat alles 'n oorsprong het. Die “Big Bang” teorie maak nie sin nie. Sonder om 'n wetenskaplike te wees het logieka my verseker dat ontploffings chaos veroorsaak en nie orde nie. Dit is ook waar dat lewe alleen lewe kan verwek. As dit so is, waar het die eerste sel ontstaan? Wetenskap het geen antwoorde nie. **Ps 53:21 stel dit duidelik: “Die dwaas sê in sy hart: daar is geen Elohim nie”**. As jy die menslike anatomie bestudeer is dit absoluut absurd om te dink dat daar geen Skepper is nie.

Wat my die meeste oortuig het was die Heilige Skrif self; die mees verbasendste boek wat ooit geskryf is maar wat deur so min mense gelees word. As die meeste gelowiges net die Heilige Skrif sal lees, sal dit nie nodig wees om 'n boek soos die een te skryf nie. Een van die grootste raaisels vir my is dat letterlik miljoene boeke oor die 6,000 jaar van die mense se lewe op die planeet aarde geskryf is en dat die mense nooit moeg word om hulle te lees nie. Terwyl ons Skepper net een boek, die instruksie handboek vir die mens geskryf het, en amper geen gelowige het dit is sy geheel gelees nie, en baie min lees dit daagliks. Geen wonder dat die wêreld op die punt staan van algehele uitwissing. Die verwerping van ons Skepper se Woord is so onlogies. As jy 'n komper of 'n TV koop sal jy die hele handboek bestudeer om te weet hoe die ding werk. En tog die een boek, geskryf deur die Almagtige Skepper, om ons te leer hoe om Hom lief te hê met ons hele hart, krag en verstand en hoe om ons naaste lief te hê soos ons self, dié ignoreer ons.

Meeste mense sal sê dat die Skrif nie verstaan kan word nie. Dit is net half waar. Vir die ongeknustelde, wêreldlike, selfsugtige gesindheid sal dit na dwaasheid klink, maar die van 'n suiwer hart, wat soek na 'n werklike verstandhouding met die Een wat hulle geskape het, sal dit die woorde wees van die ewige lewe. Dit is 'n kwessie van hoe lief jy die waarheid het. Ek vra nie of jy iemand is wat die waarheid soek nie, daar is baie van hulle daar buite, nee, of jy 'n liefde vir die waarheid het? Die verskil is dat die waarheid soeker net die waarhede wat sy persoonlike lewenstyl en geloof pas sal uitsoek maar die persoon wat die waarheid lief het, sal toelaat dat

die woorde tot in sy hart sal sny soos 'n tweesnydende swaard en hom tot bekeering sal lei (**Heb 4:12**). Die een wat die waarheid lief het sal verander as die WAARHEID bewys word van uit die Skrif, want hy besef dat die wat die Vader aanbid dit moet doen in gees en waarheid (**Joh 4:24**). Die waarheid soeker will 'n opregte verhouding met ons hemelse Vader hê en dit kan alleenlik bereik word deur die waarheid en nie deur leuns of die tradisies van die mens en kerke nie.

Soos ek alreeds gesê het, ek het antwoorde gesoek. Die antwoord op my vraag: “waarom is ek op die planeet?” Ek het gesê dat ek vir 6 maande gesoek het en my antwoorde gekry het. Ek wil daardie antwoorde met jou deel in hierdie boek. Die antwoorde wat ek gekry het sal jou skok, jou verbaas en ek hoop jou wakker sal maak soos ons geliefde broer Judas gesê het in **Judas vers 3** “om julle te vermaan om te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is”. Ek het die geskiedenis van die Kerke vir amper 20 jaar bestudeer en wil hiermee met jou die feite deel en die bewyse van my studies. Ek will vir jou wys dat jy bedrieg en belieg word deur korrupsie geld-maak besighede genoem Kerke in vandag se lewe. Ek wil nie hê jy moet my woord daarvoor aanvaar nie. Elke ding wat ek geskryf het is met historiese, argeologiese en Skriftelike bewyse gestaaf. Ek sluit ook in die name van ander verwysings boeke vir jou om verdere studies te doen oor dit wat ek in die boek uit gelê het. As jy vir die waarheid soek en as jy die waarheid lief het, lees verder. Jy het dit gevind. En die waarheid sal jou vrymaak.

## HOOFSTUK 1 - CHRISTENDOM ONTMASKER

Ek het alreeds gesê dat die dinge wat in die boek geskryf is jou sal skok en verbaas maar die wat die waarheid verwerp, sal ten sterkste aanstoot neem. Hiermee verklaar ek dat my doel met die boek is om Gees gevulde kinders van die lewende Elohim van die Heelal in 'n werklike, meer produktiewe, een-op-een verhouding met Yahweh te bring deur die waarheid. NIKS GOEDS KOM VAN LEUNS NIE. Gewoonlik moet baie meer leuns opgemaak word om die eerste leun te bedek. Vir Yahweh bestaan daar glad nie so 'n ding soos 'n wit leun nie.

Ons is veronderstel om kinders van die lig en kinders van die waarheid te wees, nie van leuns nie! Toe ek my navorsing gedoen het oor my geloof as 'n Roomse Katoliek, so 20 jaar gelede, was ek geskok om te besef dat meeste wat ek geleer was/het alles leuns is. Ek was kwaad toe ek besef het dat amper alles wat die Katolieke skool my geleer het tradisies van die kerkvaders was en niks op die Skrif gebaseer nie. Verdere besef het tot my gekom dat die tradisies nie Skriftelik was nie maar die absolute teenoorgestelde - 100% Heidense vereering wat ten strengste verbied word dwarsdeur die hele Heilige Skrif, Ou sowel as Nuwe Testament.

**Deut 12:30** neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? —dat ek ook so kan doen.

**Deut 12:31** So mag jy nie handel met YAHWEH jou Elohim nie; want alles wat vir YAHWEH 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.

**Deut 12:32** Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.

Wow, dit is baie duidelike, kragtige woorde. Ons mag nie Heidense tradisies soos Paasfees (“Easter”, die naam van die Babiloniese moeder aarde god) en Kersfees verander om die ware Skepper mee te aanbid nie. Ons moet Hom aanbid op die dae wat Hy alreeds gegee het in **Lev. 23**. Ons mag nie by Sy geboorte voeg nie en ook nie van hulle weg vat nie. Dit is duidelik genoeg vir 'n kind om te verstaan. Toe die Israëliete uit Egipte geneem is deur die magtige wonderwerke van Yahweh die Skepper, het Hy hulle na die berg Sinai geneem en aan hulle bekend gemaak wie Hy was, wat Sy ewige wette is en hoe om 'n oorfloedige gelukkige lewe te lei. Maar wat gebeur toe Moses die berg op is om die wette te ontvang? Hulle bou 'n goue kalf vir Yahweh en aanbid Hom deur die kalf. Hulle het nie 'n nuwe Elohim gekry nie, hulle aanbid die Een en Alleenlike ware Elohim (Hebreeus vir Elohim) op die enigste manier wat hulle weet hoe, deur die Heidense gewoontes van Egipte. Dit was nie toe en ook nie nou aanvaarbaar vir Yahweh nie. Hy is 'n jaloerse Elohim (**Deut 5:9**) en sal nie Sy glorie/roem as die Ewige Heerser van die heelal aan 'n ander gee nie. As Hy vir ons die waarheid gegee het, presies uitgelê het hoe en wanneer om Hom te aanbid in die Skrif, en dit nog meer spesifiek in **Lev 23**, hoekom sal Hy valse, Heidense aanbidding aanvaar? Vanaf die uitvinding van die drukkerspers was elke persoon in die industriële wêreld en verder, in die bereik van 'n Bybel. Die waarheid is so maklik verkrygbaar. Enige een kan dit kry en moet dit

aanvaar. Aangesien dit so maklik verkrygbaar is, hoekom sal die Enigste Ware Elohim (Elohim) leuens and Heidense aanbidding vir Hom aanvaar? Die antwoord is Hy sal nie, het nooit nie en sal NOOIT nie.

**Joh 4:24 YAHWEH is Gees; en die wat Hom aanbid, moet hom in gees en waarheid aanbid.**

Die tradisies van die mensdom, wat die duiwel as Christelik wil afsmeer, is niks meer as die tyd morsende leuens wat terug gaan in sekere gevalle tot oor 4000 jaar, na eeu oue Babilon.

Lees wat se Paulus aan die Galasiërs:

**Gal 4:8 Maar destyds, toe julle Elohim nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie;**

**Gal 4:9 maar nou dat julle YAHWEH ken, of liever deur YAHWEH geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien?**

**Gal 4:10 Julle neem dae en en maande en tye en jare waar.**

**Gal 4:11 Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het.**

Die Galasiërs, eers heidene en nou gelowiges, geken deur die Enigste ware Skepper van die heelal, was besig om terug te keer na die Heidense praktyke waarvan hulle gekom het. Ek is seker dat hulle vir Paulus gesê het dat hulle Yahweh aanbid deur middle van hulle Heidense “heilige” dae. Weereens het Paulus gesê dat dit nie aanvaarbaar was nie. As ’n Moslem of ’n Boedis ’n gelowige in Yahshua, die Seun van Elohim en die Skepper van die wêreld word, maar aanbid nog die beeld van Boedah en noem die beeld Yahshua, sal ’n kind kan sien dat dit teen die gebooie is en lasterlik vir Yahweh. Wanneer iemand werklik gedoop word as ’n volwassene en nie ’n pasgebore baba nie (nog ’n leuen van die Katolieke) hoekom is dit so moeilik om te sien, dat hulle ook moet afsien van die Heidense praktyke van Kersfees, Paasfees en Halloween? Hulle moet Yahweh aanbid in Gees en waarheid.

Ek gaan nou tyd afstaan om vir jou na verwysings te neem om te wys dat die praktyke regtig nie van Christelike oorsprong is nie maar Heidene, deur en deur. Eintlik kan enige ensiklopedie jou al die inligting gee wat ek nou gaan, as jy net die tyd sal afstaan. Maar, ek het jou naslaan werk vir jou gedoen, so hier is dit.

**Kersfees** - is nie ’n Christelike heilige dag nie. Yahshua was nie op die 25ste gebore nie. **Lukas 2:8** sê dat met die geboorte van die Messias, die skaapwagters in die veld was. Dit kon nie die 25st Desember gewees het nie. Die “Catholic Encyclopedia” sê: “Kersfees was nie van die vroeër feeste van die kerk nie.” Eers in die 4de eeu het die Roomse Katolieke kerk dit gevier as die geboorte van die Messias, wat die ware kerk teen die tyd oorgeneem het. Ek sal hierdie geskiedenis in detail behandel in ’n latere hoofstuk. Hier is ’n artikel geskryf deur Shannon Achey wat verduidelik, met verwysings, die oorsprong van die Heidense praktyk.

#### **ONTMASKER DIE KERSFEES STORIE**

(Unveiling the Christmas Story – geskryf deur Shannon Achey.)

Kersfees was gevier deur Heidense son aanbidders lank voor die geboorte van Yahshua Messias. Dit was oorspronklik Saturnalia of Paganalia genoem. ’n Groot kompromie het begin toe die Roomse Katolieke Christene in Rome probeer het om meer heidene te bekeer tot die Christendom. Hulle het geweet dat die heidene Saturnalia laat in Desember gevier het, hulle het toe die geboorte van Yahshua die selfde tyd gemaak. Die heidene het hulle son god op die 25ste Desember aanbid terwyl hulle die fees van Saturnalia gevier het. So het die kerk in Rome die geboorte datum van Yahshua die 25ste Desember gemaak. Hulle het geglo dat dit die manier was om meer bekeerlinge tot die Messias te bring. Maar, hulle oogmerk was om die Roomse Kerk te vergroot. Die daad het toe gelaat dat die twee grootste gelowe verenig het en almal was baie gelukkig, behalwe Yahweh!

Dit was een van die baie kompromieë wat geskep was om vrede tussen die verskillende gelowe toe bring.

Na die triomf van Constantine, het die kerk in Rome die 25ste Desember as die datum van die vierings fees van die geboorte van die Messias bepaal om en by 320 N.M. of 353 N.M. (**L.W. Ons gebruik N.M. - Na Messias, in plek van N.M. Anno Domini**).

Aan die einde van die 4de eeu het die hele Christen wêreld Kersfees op die dag gevier....Die keuse van Desember 25 is beïnvloed deur die feit dat die Romeine op die dag die Mithraïse fees van die Son-god Mithras en die van Saturnalia gevier het. Collier's Encyclopedia.

Die oorspronklike naam van Rome was Saturnia, wat beteken die stad van Saturnus. Saturnalia was een van Rome se groot feeste. Die fees was gevier van af Desember die 17de-24ste. Dit was hulle oeroue geloof dat die winter son stadig besig was om dood te gaan aan gesien dit verder en verder na die suide begin opkom het. Teen die 25ste Desember kon jy sien dat die son weer noord begin beweeg en dit was gesê dat die son op die dag weer gebore word. Die dag was genoem Brumalia. Gedurende die Heidense fees was die stad van Rome oorstroom van dronk mense en orgies het oral plaas gevind, rank plante, linte, kranse en afval het die strate bedek. Dit was die Heidense fees, of die winter sonstilstand wat toe Saturnalia genoem was en vandag Kersfees!

Mithraïsme was die grootste Heidense geloof in die Romeinse en Griekse wêreld gedurende die tyd van die opposisie geloof, Christendom. Die Mithraïste het die winter fees genoem, "die geboorte van die son", omdat hulle geglo het dat die son elke jaar op die 25ste Desember gebore word. Hulle het ook die 25ste Desember as die verjaardag van Mithras gevier omdat hy hulle son-god was. Die godsdienstige hoofkwartier van Mithraïsme was in Rome. Ten laaste, 'n man by name Constantine, die Pontifex Maximus (hoë priester van Mithraïsme) verskyn op die toneel. Hy voel geïnspireerd om die Christen geloof met Mithraïsme te meng om vrede te bring tussen die mededingende gelowe, en hy het. Die diaboliese set het ontelbare mense geaffekteer reg deur die eeue.

## **2 Kor 6:14 "En watter gemeenskap het die lig met die duisternis?"**

Kersfees versierings (groen) – Die Druïdes van ouds het die voëlent/mistel tak ("mistletoe") so heilig beskou dat hulle dit aanbid/vereer het en selfs gebruik het om toor kunste daarmee te beoefen. Die primêre geloof hier was dat as hulle dit oor 'n vrou se kop gehou het dat sy magteloos was om weerstand te bied en dat hulle haar dus seksueel kon misbruik. Hier vandaan kom die tradisie om die mistel tak oor deure te hang en as 'n meisie onder die tak gevang word, sy gesoen mag word sonder om haarself teë te sit.

Van die vroegste tye af is die Denne (Kersboom) boom aanbid as 'n mans orgaan simbool, verteenwoordigend van seksuele krag, voortplanting en vrugbaarheid. Die heidene van toeka se dae, het die bome in hulle huise gesit as afgode. Dan het hulle die bome bedek met balle (manlike testes) wat lewe en vrugbaarheid simboliseer. Al die perverse dinge was gedoen om hulle afgode mee te vereer.

**Elwe/Sinterklaas** – Die woord "elf" beteken " 'n nagmerrie!" Volgens tradisie, terwyl 'n persoon slaap, word hy of sy deur afvallige elwe aangeval. Dit is dan kwansuis waar drome en nag merries vandaan kom. Die elwe is andersins bekend as bose geeste.

Baie Heidense gemeenskappe het 'n vuurherd handlanger (hearth hod) geklee in rooi aanbid, wat deur die skoorsteen gekom het om die wat hom aanstaan te seën en die wat hom nie aanstaan nie te vervloek. Kos en drank offers is vir hom op die herdsteen of skoorsteenmantel gelaat in die hoop om hom te kalmeer.

Die hele winter fees van Kersfees is vol leuens. Hoekom vertel menigte families vir hulle kinders dat Kers Vader vir hulle geskenke gaan bring? Hoekom lieg hulle vir hulle eie kinders?

**Mat 19:16 En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?**

**Mat 19:17 En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik Elohim. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië.**

**Mat 19:18 Hy vra Hom: Watter? En Yahshua sê—dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie;**

**Mat 19:19 eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.**

**Mar 7:9 En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van Elohim opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.**

**Open 21:8** Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienswaarders en al die leueners hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

Nie een van die tradisies is êrens in die Heilige Skrif te vinde nie, so hoekom word hulle almal in die Christen geloof beoefen? Dit is omdat die duiwel hard gewerk het om sy leuens te meng in die lewens van Yahweh se kosbare heiliges. Gebed gerigte denke sal ons tot die enigste gevolgtrekking bring hoekom menigte ongelowiges en heidene Kersfees vier, tog glo hulle nie in die Messias nie, nog minder in die dinge wat Yahshua ons geleer het. Die rede is omdat Yahshua nooit in die Heidense feeste in gepas het nie. Asseblief, laat ons ophou om te probeer om Yahshua in te meng met die aanbidding van Heidense gode en afgode.” **(Einde van aanhaling).**

**2Kor 17:33** Hulle het YAHWEH gevrees en hulle eie gode gedien volgens die gebruik van die nasies waar hulle vandaan weggevoer is.

**Jer 10:1** Hoor die woord wat YAHWEH oor julle gespreek het, o huis van Israel!

**Jer 10:2** So sê YAHWEH: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie.

**Jer 10:3** Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl.

**Jer 10:4** Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.

**Jer 10:5** Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goettoe by hulle nie.

**Jer 10:6** Geeneen is soos U nie, o YAHWEH! U is groot, en u Naam is groot in krag.

**Jer 10:7** Wie sou U nie vrees nie, o Koning van die nasies? Want U kom dit toe; want onder al die wyse manne van die nasies en in hulle hele koninkryk is geeneen soos U nie.

**Jer 10:8** Maar almal saam word hulle dom en dwaas, die tugtiging van die nietige afgode—dit is hout.

Dit klink baie soos die kers boom! Dit is wel bekend dat die Druïds (heidene van ouds) die Denne bome aanbid het omdat hulle nie naalde in die winter verloor het nie, terwyl dit gelyk het of al die ander bome wel hulle blare verloor het. Nog 'n niksseggende Heidense tradisie van die mens wat absoluut niks te doen het met ons geloof in Yahshua as Messias vir vergifnis van sonde, maar net weer meer afgode aanbidding.

**EASTER SUNDAY (PAAS SONDAG)** – Die valse Heidense dag is nie eers probeer vermom met 'n Christen naam nie. Istar is die naam van die Heidense godin Moeder Aarde, direk van Babilon. Let op dat die vroeër kerk nooit “Easter” gevier het nie maar eerder die Yahweh geordende Fees van Pasga.

**1Kor 11:23** Want ek het van YAHWEH ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die MEESTER YAHSHUA in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;

**1Kor 11:24** en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis.

Weereens die Yahweh geordende instelling van die Pasga, om in sy seisoen gevier te word van jaar tot jaar, **(Ex 13:10)** was deur die onheilige Katolieke biskoppe uitgegooi ten gunste van hulle Heidense gelowe/gebruike. Om die waarheid te sê, as ons kyk na die enigste teken wat Yahshua gegee het dat Hy die Messias is, word deur meeste van die Christendom verwerp deur te aanvaar dat Hy op a Vrydag tereggestel is en op Paas Sondag (Easter Sunday) opgestaan het.

**Mat 12:39** Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.

**Mat 12:40** Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.

Uit die Verlosser se eie mond! Hy sou net een teken gegee het dat hy werklik die Messias is. Vir drie dae en drie nagte sal Hy in die graf wees ... 'n kind kan uitreken dat van sonsondergang Vrydag tot Sondag more dit onmoontlik is om met drie dae en drie nagte voor die dag te kom. Die rede is omdat ons Verlosser nie op 'n

Vrydag tereggestel was nie; nog 'n tradisie van die mens wat nooit bevraagteken was deur die meeste nie, maar wat geskiedenis baie maklik verkeerd kan bewys word.

Onderstaande is 'n verduideliking van die teregstelling gebeurtenis:

### WANNEER WAS YAHSHUA TEREGGESTEL?

Daar is ietwat van 'n twispunt oor wanneer die nuwe maan begin: moet jy terug gaan voor die eintlike konjunksie begin, na die vorige sonsondergang, of wag tot die sonsondergang na die konjunksie. Ek glo dat die antwoord vir die dilemma mag rus in die jaar van Yahshua se dood in 30 N.M. Onthou ook asseblief, dat die verandering van die seisoene NIE op die dag van die Ekwinoks begin nie, want die dag van die ekwinoks is die LAASTE dag van die winter van die ou jaar.

Dus in 30 N.M., die jaar van teregstelling, alhoewel die nuwe maan konjunksie en die lente ekwinoks op dieselfde dag gebeur, het die konjunksie eintlik voor die ekwinoks gebeur en as jy na die vorige sonsondergang toe gaan, dan begin jy jou maand/jaar een dag in die ou jaar. Alleenlik deur te wag vir die sonsondergang na die nuwe maan konjunksie gebeur het, sal jy die nuwe maand begin NA die lente ekwinoks en die Pasga op April 5, 30 N.M. na sonsondergang daardie jaar na aanleiding van alle historiese dokumente. As jy die maand begin deur terug te gaan na die vorige sonsondergang VOOR die konjunksie, dan in die jaar van die teregstelling, sou dit voor die ekwinoks en gedurende die winter gewees het en sou jy 'n ekstra ingevoegde maand daardie jaar moes byvoeg, wat dan alle historiese dokumente sou weerspreek.

Maar as jy wag vir die sonsondergang na die konjunksie gebeur het, dan sou jou nuwe maand NA die lente ekwinoks begin het en sou jy nie 'n probleem gehad het met die ekstra maand nie, dit sal jou neem na 'n Donderdag teregstelling, wat ek glo meer akuraat volgens die Skrif is en NIE 'n Woensdag of Vrydag teregstelling nie. Soos ek alreeds gese het, selfs 'n kind kan sien dat jy nie 3 dae en 3 nagte kan kry van laat Vrydag na vroeë Sondag more nie. Mense het selfs gese dat indien Yahshua nie vir presies 72 uur in die graf was nie, Hy 'n bedriener sou wees. Nerens in die Skrif se dit dat Yahshua moes presies 72 uur in die graf gewees het nie, alhoewel **Mat 12:38-40** so geïnterpreteer kon word. Alhoewel, die verse wat daarop volg aandui dat 'n Donderdag teregstelling beter pas. Die Skrif se dat OP die derde dag sal Hy opstaan in plaas van NA die derde dag.

**Mar 9:31** Want Hy het sy dissipels geleer en vir hulle gesê: Die seun van die mens word oorgelewer in die hande van die mense, en hulle sal Hom doodmaak; en nadat Hy gedood is, sal Hy die derde dag opstaan.

**Mat 16:21** Van toe af het Yahshua begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word.

**Mat 17:23** en hulle sal Hom doodmaak, en op die derde dag sal Hy opstaan. En hulle het baie bedroef geword.

**Mat 20:19** en Hom oorlewer aan die heidene om Hom te bespot en te gésel en te kruisig; en op die derde dag sal Hy opstaan.

**Luk 18:33** en nadat hulle Hom gegésel het, sal hulle Hom doodmaak; en op die derde dag sal Hy opstaan.

**Luk 9:22** En Hy sê: Die Seun van die mens moet baie ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en op die derde dag opstaan.

Dit is baie duidelik van die Skrif dat Yahshua OP die derde dag sou opstaan. Die volgende vraag is: die derde dag van waar? Ek glo dat **Lukas 24** ons die antwoord gee. Yahshua ontmoet twee volgelinge, een se naam is Kleopas, maar hulle herken Hom nie toe Hy hulle vra waarom hulle so hartseer is. Hulle begin om aan Hom te verduidelik van al die dinge wat met Yahshua gebeur het en hulle sê vir Hom baie duidelik:

**Luk 24:21** .....maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat DIT plaasgevind het.

Ons weet dat die ontmoeting op 'n Sondag gebeur het, die eerste dag van die week! Party kerke smeer dit af deur te se dat dit die derde dag is omdat die Fariseers vir 'n wag gevra het die dag na die teregstelling. Sodoende erken hulle dat die Donderdag die derde dag was van daardie Sondag more. Maar hoe kon die twee volgelingen geweet het dat die Fariseers na Pilatus gegaan het en wanneer? Weereens, 'n swak probeerslag om 'n vers te verduidelik wat nie in hulle teologie in pas nie. Kleopas vertel vir Yahshua presies van waar die derde dag:

**Luk 24:19 En Hy sê vir hulle: Watter dinge? En hulle antwoord Hom: Die dinge aangaande Yahshua, die Nasaréner, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor Elohim en die hele volk;**  
**Luk 24:20 en hoe ons owerpriesters en owerstes Hom oorgelewer het tot die doodstraf en Hom tereggestel het.**

Direk uit die Skrif sien ons dat dit die teregstelling was wat drie dae gelede was, van daardie Sondag namiddag toe Yahshua die twee volgelingen ontmoet het. Jy kan nog drie dae en drie nagte van die Donderdag namiddag tot vroeg Sondag more tel, terwyl dit nog donker is, of selfs laat Saterdag nag wanneer ook al die opstanding plaas gevind het, maar ons moet baie versigtig wees om Yahshua 'n leuenaar toe noem as Hy nie presies 72 uur in die graf was nie. In werklikheid wys elke historiese rekord dat Yahshua se opstanding plaas gevind het **na** sonsondergang Saterdagmiddag en waarskynlik in die vroeëre ure van Sondagmiddag en nie voor dit nie. Dit was ook 'n twispunt oor wanneer om Paasfees te hou, op die 14de van Abib, volgens die Skrif, of volgens die Roomse Katolieke op die eerste dag van die week, na aanleiding van die opstanding. Yahshua was die “wavesheaf” en moes opgestaan het op die dag van die eerstelinge, wat die eerste dag van die week gedurende die Pasga week was (Sondag). Ek weet dat baie net sal kyk hoe om hulle eie posisies te verdedig, maar ek glo dat ons na die onderwerp moet kyk in die lig van die Skrif. Na aanleiding van wat al die verse se is dit duidelik dat die maand na die konjunksie begin en nie met die vorige sonsondergang nie en dit sal 'n Donderdag en nie 'n Woensdag teregstelling teweeg bring. Die verse is pertinent en saam met **Ps 81** klink dit baie oortuigend.

**Psa 81:1 Vir die musiekleier; op die Gittiet. 'n Psalm van Asaf. Jubel tot eer van Elohim, ons sterkte! Juig tot eer van die Elohim van Jakob!**  
**Psa 81:2 Hef aan 'n lied en laat die tamboeryn klink, die lieflike siter saam met die harp.**  
**Psa 81:3 Blaas die basuin op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag.**  
**Psa 81:4 Want dit is 'n insetting vir Israel, 'n verordening van die Elohim van Jakob.**

Soos ek voorheen genoem het, die grammatiese struktuur van die sin in die Hebreeuse sinsleer is kontraste: **Jubel en juig, lied en tamboeryn, siter en harp, nuwemaan en volmaan, insetting en verordening.** Duidelik sê die vers dat die nuwemaan (konjunksie) die teenoorgestelde is van die volmaan. Dit sal nie gebeur as jy jou maand 'n dag vroeër begin met die sonsondergang die vorige dag van die eintlike konjunksie. Dit kan alleenlik gebeur om te wag dat die konjunksie eintlik gebeur en dan begin die nuwe maand met die sonsondergang van daardie dag. Dieselfde reëls word gebruik vir die Sabbat dag. Ons begin nie die Sabbat as dit 11:00 vm in New York is omdat sonsondergang plaasgevind het in Jerusalem. Ons wag vir sonsondergang in ons area en vir die Sabbat om na ons toe te kom. Dit is nóg dogma nóg subjektief, maar niks anders as reëls van die Hebreeuse taal. Die woord CHAG of Fees in die Skrif verwys altyd na die drie pelgrim feeste: Pasga, Pinkster en Hutte Fees. Kom ons kyk na die volgende verse in **Johannes 19** en vergelyk dit met **Matteus 29**.

**Joh 19:31 En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was - want die dag van daardie sabbat was groot**

**Mat 28:1 En laat ná die sabbatte, toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.**

Die eerste Sabbat wat in **Johannes 19:31** genoem word is die Hoë fees of Heilige Dag van Ongesuurde Brood en dan in Matteus, in die oorspronklike manuskrip, sê dit baie duidelik dat daar 'n tweede Sabbat was wat dus die weeklikse Sabbat was. Duidelik was daar twee Sabbatte, wat 'n Vrydag teregstelling heeltemal verwerp/van die hand wys en nerens word daar genoem dat daar 'n geheimsinnige dag tussen die twee Sabbatte nie. Dit is duidelik dat die teregstelling op 'n Donderdag gebeur het, die Heilige Dag op die Vrydag en die weeklikse Sabbat op die Saterdag en toe dit begin lig word, wat die Skrif noem die eerste van die Sabbatte, die “Fees van Eerstelinge”, het



die aftelling begin van die sewe Sabbat tellings na Shavuot (Pinkster). Die feit dat daar baie duidelik verwys word na die belangrikheid van Yahshua se opstanding op die Fees van Eerstelinge is omdat Hy die eerste van die eerstelinge is en die verweselikheid van die “Beweegofferges” (Wave Sheaf) seremonie, wat ons vertel dat wanneer Hy opgestaan het moes dit NA sonsondergang Saterdag op die dag van Eerstelinge wees, wat Sy opstanding voorstel. As Hy in die graf geplaas was voor sonsondergang soos die Skrif aangee, (**Lukas 23:51-52**) en dan opgestaan het Saterdagmiddag of vroeg Sondagmiddag, terwyl dit nog donker was en as Hy gesterf het op Woensdag, dan sou Hy eintlik vir vier dae in die graf gewees het, vanaf Woensdag namiddag voor sonsondergang tot Saterdagmiddag of vroeg Sondagmiddag sou dit in die vierde dag gegaan het en is dit nie in lyn met die Skrif nie.

Dit is die rede hoekom van die kerke probeer sê dat Yahshua opgewek was laat Saterdagmiddag, wat glad nie in lyn is met die Skrif nie want dan sou Yahshua nie opgestaan het of die fees van eerstelinge en Hy was die “Beweegofferges” genoem. Begin weer van Sondagmiddag wanneer Yahshua die twee volgelinge op die pad na Emmaus ontmoet het en tel drie dae terug, dit maak nie saak hoe jy tel nie, dit sal jou nie na Woensdagmiddag neem nie. Tel een dag terug van Sondag en dit bring jou na Saterdag, tel twee dae terug van Sondag sal jou neem na Vrydag en as jy drie dae terug tel van Sondag sal dit jou neem na Donderdag. Dit sal Hom nog drie dae en drie nagte in die graf toelaat: Donderdag, Vrydag en Saterdag is drie dae en Donderdagmiddag, Vrydagmiddag en Saterdagmiddag is drie nagte, maar nie presies 72 uur, wat die Skrif nooit se nie. Nou waar kom die mense aan die redenering dat Yahshua op die Woensdag tereggestel moes word? Dit is omdat hulle een vers in Daniel verkeerdelik vertolk.

**Dan 9:27 En hy sal een week lank met baie ’n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou;**

Daar is ’n redelike debat oor of die vers selfs na die Messias verwys. In die Hebreeuse grammatika gaan die persoonlike voornaamwoord gewoonlik terug na die laaste persoon aangehaal en hier sal dit die anti-messias van **Daniel 26** wees en glad nie die Messias nie. Daar is baie mense wat glo dat die vers praat van ’n sewe jaar verbond wat sal ontstaan tussen die anti-messias en die Arabiese nasie’s net voor Yahshua se wederkoms. Tweedens, al het die vers van die Messias gepraat en nie van die anti-messias, is dit ’n 70 week van jare profesie en die week wat in **Daniel 9:27** genoem word, ongeag na wie dit verwys, praat van ’n week of sewe jaar, nie ’n letterlike sewe dae week nie, so dit se glad nie dat die Messias op ’n Woensdag moet sterf nie, maar as dit wel van die Messias praat, sal dit verwys na die middel van Sy sewe jaar bediening (ministry), en dat Hy die offerhande tot ’n einde sal bring met Sy dood. Dit het gebeur in die derde jaar van Sy bediening en dit val in die riglyne van die Hebreeuse woord vir “helfte (midst)” wat maar net beteken die middel deel, maar nie presies, direk, in die middel nie. Na aanleiding van die Hebreeuse woord, as die vers na die Messias verwys, sou Hy dit volbring het solank as wat Hy afgesny was in die 3de, 4de of 5de jare van Sy bediening, wat wel gebeur het. Daar is nie een ander vers wat daarop dui dat die Messias op ’n Woensdag moes sterf of Hy sou ’n bedrieër genoem word en ek wil almal ten sterkste waarsku om nie so ’n stelling te maak nie, dink twee keer voor jy oordeel en dit op jouself bring.

**Luk 23:54 En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek.**

Die vers word deur baie aanvaar dat dit die weeklikse Sabbat of Saterdag is. Met die eerste opslag sal jy dink dat dit die voorbereiding’s dag vir Vrydag is. Maar in **Johannes 19:31** lees ons:

**Joh 19:31 En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was—want die dag van daardie sabbat was groot—het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle wegeneem moes word.**

**Lev 23:4 Dit is die feestye van YAHWEH, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd.**

**Lev 23:5 In die eerste maand (Joodse kalender, April), op die veertiende van die maand, teen die aand, is die Pasga van YAHWEH;**

**Lev 23:6 en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees (heilige dag) van die ongesuurde brode van YAHWEH; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet.**

**Lev 23:7 Op die eerste dag moet daar vir julle ’n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.**

Die Sabbat waarvan ons lees in **Johannes 19:31** was nie die weeklikse Sabbat (Saterdag) nie, maar die Heilige Dag van Ongesuurde Brode. Die volgende is 'n referaat wat ek geskryf het met volle verwysings, wat wys waar die Paasfees tradisie (Easter) vandaan kom.

### **PAASFEES (EASTER) – PASGA VERSKIL. DON ESPOSITO.**

Aan die einde van die eerste eeu het die Christendom van aangesig tot aangesig met die Babiloniese praktyke gekom wat deur die Romeinse Ryk ingestel was, in verskillende vorms. Die vroeëre kerk weier om iets te doen te hê met die gewoontes en gelowe. Erge vervolging tree in werking. Baie Christene word valslik beskuldig, vir die leeu gegooi, aan die brandstapel verdelg/vernietig en op baie ander maniere gemartel en gefolter. ("Babylon Mystery Religion" – (Woodrow).

**PAAS SONDAG (EASTER SUNDAY)** – Ishtar, Ashorah, Astarte – Moeder Aarde, Semiramis, was gevier as die heidense ritueel van Lente. Dit was ook bekend as die Nagewening (equinox) van Venus, toe hulle geglo het dat Moeder Aarde deur die son bevrug word en Nimrod weerspieël die son Elohim Baal. Die dag was gevier met seks en drank partytjies. So vroeg as 100 N.M.. het die vroeëre kerk begin om dié dag te vier in plek van die Pasga. Mense soos Simon die towenaar van Samaria het wonderwerke gedoen en die mense bedrieg. Dit was veronderstel dat Ashorah uit 'n reuse eier gebroei is met haar geboorte. Die eier verteenwoordig die son. Paas Fees (Easter) aanbidding begin in die 2de eeu, ingestel deur Biskop Sixtus van Rome, na aanleiding van 'n brief deur Iraneous, 'n 2de eeuse Christen en historikus. Rome begin om Sondag dienste te hou en om die Eucharist (Nagmaal) te neem in plaas van Sabbat en Pasga.

Cladius Philo kom in Rome aan in 60 N.M. (Philo was 'n kluisenaar en 'n filosoof). Al was hy 'n kluisenaar, verwelkom hy heelhartig die goedkeuring van die apostoliese mans van die dag, wat skynbaar van Hebreeuse afkoms was en derhalwe in die Hebreeuse sedes nog meeste van die gewoontes (soos die Sabbat en die Heilige Dae) onderhou het, (deur Eusebius, Kerk Geskiedenis).

In 135 N.M.. word Biskop Marcus, 'n Italianer, Biskop van Jerusalem. Misdade van kettery en van verdeeldheid word toegeskryf aan die oorblywende Nasareners wat geweier het om die Latynse biskop te volg in Heidense aanbidding en wat aangehou het om die Apostels se voorbeeld te volg met Sabbat en die Pasga. (Gibbons, Rise and Fall of the Roman Empire).

In die 2de eeu was Polycarp, Biskop van Smyrna, die primêre leier van die kerk. Polycarp was die persoonlike dissipel van die apostel Johannes en het die Pasga verskeie kere saam met hom gevier. Die Kerke onder sy leierskap was omtrent die enigste area waar Yahweh se Feeste nog aanhoudend in gebruik was tot en met die einde van die 2de eeu. Op sy ou dag het Polycarp selfs 'n reis onderneem na Rome, om die Biskop van Rome, Anicetus te oortuig van sy fout deur dat hy nie die Bybelse Pasga vier nie maar in die plek daarvan die jaarlikse Paas Fees (Easter Sunday) aanbidding, met 'n weeklikse viering van die Nagmaal (Eucharist). Anicetus se antwoord was dat hy Sondag moet hou in eer van die Romeinse Voorvaders voor hom. (Early Church and Eusebius).

Polycrates was Polycarp se opvolger. Omtrent 50 jaar na Polycarp se reis, het Victor, nou die biskop van Rome, die kerk van Asia minor probeer intimideer met ekskommunikasie as hulle nie die Sondag Paasfees vier en Pasga en Sabbat te verwerp.

Die hele wêreld word bedrieg om die Yahweh geordende Pasga wat die dood en gestorte bloed van ons Verlosser herdenk te verwerp. Dié word vervang met die gruwel van die Heidense fees, Paasfees (Easter), vir die son god Baal en sy vrou Istar.

**Deu 12:30 neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstriek word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? — dat ek ook so kan doen.**

**Deu 12:31 So mag jy nie handel met YAHWEH jou Elohim nie; want alles wat vir YAHWEH 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.**

**Deu 12:32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.**

**SONDAG AANBIDDING** – Daar is nie EEN vers in die hele Bybel wat Sondag aanbidding onderskryf/oordra/endoseer nie. Daar is wel oor die 100 verse wat Sabbat aanbidding gebied tot eer van Yahweh as die Skepper. Ons sal later die Sabbat in detail bespreek. Sondag, net soos Kersfees en Paasfees (Easter) was nooit deel van die kerk wat Yahshua begin het nie, dit het eers 'n honderd jaar na Sy opstanding in gekruip. Dit is 'n skynheilige en ironies ding. Wanneer jy beleidende Christene vra hoekom hulle op 'n Sondag aanbid en nie op die Skriftelike geordende Sabbat nie, sal hulle gewoonlik antwoord: “omdat Yahshua uit die dood opgestaan het op 'n Sondag môre.” Die waarheid is dat hulle op die Sondag aanbid vanwee tradisies. Meeste mense het nie 'n sterk persoonlike verhouding met Yahweh nie, maar wel met hulle Paster, Priester of Predikant. Hulle wil nie opslae maak nie, al word dit bewys dat wat hulle glo verkeerd is. Wanneer jy die onderwerpe met 'n Prediker of 'n ouderling bespreek, en jy is oortuig van jou tekse, sal hulle amper altyd van jou ontslae wil raak. Dit word skade beheer (damage control) genoem. Die waarheid is nie baie hoog op die prioriteits lys van Kerke nie, maar geld en beheer is. Wat ek die meeste hoor is: “ja, jy mag reg wees, maar ons is gemaklik met ons tradisies”.

Die volgende is 'n uitreksel van Ralph Woodrow se “Babylon Mystery Religion” bladsy 146-147, en handel oor die Paasfees (Easter) en sonop Sondag tradisie van Rome.

“In die Paas seisoen (Easter) is dit nie buitengewoon vir Christene om 'n Sonsopkoms diens by te woon nie. Dit word aangeneem dat dit Messias eer omdat Hy op die Paas Sondag uit die dood opgestaan het, net toe die son opgekom het. Maar die opstanding het nie eintlik met sonsopkoms gebeur nie, want dit was nog donker toe Maria Magdalena by die graf gekom het en toe was dit alreeds leeg. Daarteen oor was daar 'n tipe sonsopkoms ritueel wat deel was van eeu oue son aanbidding. Rituele met die opkommende son – in watter vorm ook al – was in gebruik onder baie ou nasies. Die sfinks in Egipte was so geleë dat dit na die Ooste gekyk het. Van die Berg Fuji-Yama word gebede gerig aan die opkommende son. Die Heidense Mithriste van Rome het saam gekom met dagbreek tot eer van die son-god. Die godin van die Lente, was geassosieër met die son wat in die Ooste opkom en van haar naam kom die naam “Easter” (Paasfees). Soos die woord “east-ER” aandui. Dus, die opkommende son, die naam Easter en die lente seisoen is almal verbind.

Na aanleiding van ou legendes, nadat Tammuz vermoor is het hy afgedaal na die doderyk, maar deur die geween van sy “moeder”, Ishtar (Easter), was hy misterieus opgewek. “Die opwekking van Tammuz deur die smart van Ishtar, was jaarliks, dramaties voorgestel om die sukses van die ooste en die vrugbaarheid van die mense te verseker. Mans en vrouens moes elke jaar saam met Ishtar treur oor die dood van Tammuz en om haar guns te wen en ook te baat, by sy terugkeer!” Met die opkom van die nuwe gewasse het die mense geglo dat hulle “verlosser” uit die doderyk opgestaan, 'n einde aan winter gemaak het en lente laat begin het. Selfs die Israelite het die jaarlikse leerstellings en rituele van die Heidense feeste oorgeneem, want **Esegiël 8:14** praat van “**daar het vroue gesit wat Tammuz beweën**”.

As gelowiges, glo ons werklik dat Yahshua Messias uit die dood opgewek is – nie net in die natuur of in die nuwe plantegroei in die lente nie. Omdat Sy opstanding in die lente geskied het was dit nie baie moeilik vir die kerk van die 4de eeu (wat alreeds in verskillende maniere van die oorspronklike geloof afgedwaal het) om die Heidense lente fees in te meng met die oorspronklike geloof nie. Die “Encyclopedia Britannica” sê: “Die Christendom .....het baie van die Heidense rituele en gewoontes van die lente fees saam laat smelt met die Groot Christelike Fees dag”. (**Einde van aanhaling**)

Alles wat ons hier bespreek is geskiedenis. Dit is nie 'n opinie nie. Ek besef dat baie diep seer gemaak sal wees, as hulle hierdie harde, koue feite vir die eerste keer hoor, maar glo my, ek verstaan. Onthou, ek was as 'n Roomse Katolie groot gemaak. Ek was woedend toe ek uitvind het dat ek bedrieg was. Ek het opreg geglo dat ek die Hemelse Vader vereer het. Maar die woede moet oorgesit word in vreugde as ons daaraan dink hoe geseënd ons is dat Yahweh die waarheid aan ons openbaar.

**Spreek 25:11 “Goue appels op versierde silwerborde, so is 'n woord op sy tyd gespreek”**

Weerseens, as hierdie Heidense tradisies werklik ontbloot word, wat gaan ons met die informasie doen? Sal ons die menigte volg en ons self oortuig dat dit werklik nie saak maak nie, of sal ons berou hê, verander, terug draai na die waarheid van die Skrif en Yahweh loof en eer in gees en waarheid?

**Jer 6:16 So spreek YAHWEH: Staand op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie.**

Wat van jou, gaan jy in die Skriftelike pad loop of gaan jy aanhou in nuttelose Heidense aanbidding?

**Mar 7:6 En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.**

**Mar 7:7 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.**

**Mar 7:9 En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van Elohim opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.**

Hier is nog verwysings na die oorsprong van Sondag viering.

**SONDAG** - Romeine, soos die Grieke, Persiers, Egiptenare en Babiloniërs voor hulle, het die son aanbid. 'n Mens kon maklik die Heidense tempel sien want die toring het hoog bo ander geboue uit gestee en die klokke sou baie hard elke Sondag gelui word met die opkoms van die son. (Fossilized Customs).

Na die vloed, het 'n koning genaamd Nimrod van Babilon, met sy ma, Semiramis 'n manier ontwikkel om die son god Baal te aanbid wat kwansuis sy pa was. Sondag aanbidding was by die Christen kerke ingelyf aan die einde van die eerste eeu en die begin van die 2de eeu ter ere van Paas Sondag (Easter) en die opstanding. Die vroeë Romeinse kerke met 'n agtergrond wat oorspronklik Heidene was, het die Messias met blydschap ontvang maar het Hom in die vorm van ander gode aanbid. (History of the Church). Heidene het Sondag ook "Baal se dag genoem". (Fossilized Customs). Die sentrale punt van die Mithra son kultus was Rome. Die leier was die Pater (Latyn vir vader), hulle het kruise en swart klere gedra. Die kultus was net vir mans. Die kultus het 'n drie-eenheid van Mithra, Rashnu en Vohumanah gehad, drie persone maar een god. Sondag was heilig gehou ter ere van Mithra die son-god, (Fossilized Customs). Die Romeine het gevoel dat dit makliker sou wees om die mense te kontroleer met bekende begrippe en het nie rerige veranderings verwag nie. (History of the Church).

**Ese 8:12 Toe sê Hy vir my: Het jy gesien, mensekind, wat die oudstes van die huis van Israel in die duisternis doen, elkeen in sy kamers met beeldwerk? Want hulle dink: YAHWEH sien ons nie; YAHWEH het die land verlaat.**

**Ese 8:13 En Hy sê vir my: Jy sal nog ander groot gruwels sien wat hulle doen.**

**Ese 8:14 Hy het my toe gebring na die noordelike ingang van die poort by die huis van YAHWEH, en kyk, daar het die vroue gesit wat Tammus beween.**

**Ese 8:15 En Hy sê vir my: Het jy dit gesien, mensekind? Jy sal nog ander gruwels, groter as hierdie, sien.**

**Ese 8:16 Toe bring Hy my na die binneste voorhof van die huis van YAHWEH; en kyk, by die ingang van die tempel van YAHWEH, tussen die voorportaal en die altaar, was omtrent vyf en twintig man, met hulle rug na die tempel van YAHWEH en hulle gesig na die ooste, en hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste.**

Hier is nog twee aanhalings uit Alexander Hislop se beroemde boek, "The Two Babylons". Dit behandel die oorsprong van die Paas eiers en die Paas Bolletjies (cakes to Astarte, lees **Jer 7:18**)

Lank gelede was eiers gebruik in die godsdienste rites van die Egiptenare en die Grieke. Die eiers is in hulle tempels opgehang vir mistieke doeleindes. Van Egipte kan die eiers se spoor duidelik gevolg word to op die oewer van die Eufraat. Die klassieke gedigte is vol van die fabels oor die mistieke eier van die Babiloneërs; so word die verhaal vertel deur Hyginus, die Egiptenaar, 'n geleerde kurator van die Palatine biblioteek, in die tyd van Augustus, bekwaam in alle wysheid van sy geboorte land. 'n Eier van wonderbaarlike grootte het uit die hemel in die Eufraat rivier geval word vertel, die visse het die eier na die wal gerol waar duiwe op dit kom sit het en dit uit gebroei het. Venus word gebore, wat later Astarte (uitgespreek as Easter) genoem word, die godin van Syria. Gevolglik word die eier van wonderbaarlike grootte op Cyprus, die gekose setel van aanbidding van Venus (Astarte) op groot skaal verteenwoordig.

Waar het die idee van Paas Bolletjies (Hot cross buns) ontstaan? Van presies die selfde Heidense feeste en gewoontes as die eier.

In die boek "The Two Babylons", op bladsye 107 & 108 lees ons van bolletjies (buns) en Paasfees (Easter). Die populere gebruike wat vandag nog met die Paasfees viering saamgaan, is oorgenoeg bewys, uit die geskiedenis, van sy Babeloniese oorsprong. Die Paas Bolletjies vir Goeie Vrydag en die gekleurde eiers vir Paas

Sondag (Easter Sunday) was dieselfde gebruike van die Chaldeërs as vandag. Die bolletjies (“buns”) wat ook bekend was by die identiese naam, was gebruik vir die aanbidding van die koningin van die hemel, die godin “Easter”, so vroeg as in die dae van Cecrops, die stigter van Athene – 1500 jaar voor die Christen era. Een tipe van die heilige brode wat aan die gode geoffer was, sê Bryant, was van ouds genoem ’n “boun”.

Alhoewel baie mense dink dat die kerk ’n organisasie, of ’n gebou is, is die woord kerk in die oorspronklike Grieks “Ekklesia” wat letterlik “die uitverkorenes” beteken. Ons Vader in die Hemel het ons uit die onvrugbare werke van die donker (heidendom) geroep na die lig van Sy waarheid.

**Efe 5:7 Wees dan nie hulle deelgenote nie.**

**Efe 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Meester—wandel soos kinders van die lig.**

**Efe 5:9 Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid.**

**Efe 5:10 En beproef wat die Meester welbehaaglik is;**

**Efe 5:11 en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liever.**

Yahshua se laaste gebed aan die Vader, voor sy teregstelling is in die Evangelie van Johannes.

**Joh 17:15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.**

**Joh 17:16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.**

**Joh 17:17 Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid.**

As iets werklik van die Heilige Gees is, sal dit altyd deur die geskrewe woord van die Heilige Skrif gestaaf word.

**1Kor 10:14 Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens.**

**1Kor 10:20 Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan Elohim nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie.**

**1Kor 10:21 Julle kan nie die beker van die Meester drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Meester en ook aan die tafel van die duiwels nie.**

**1Kor 10:22 Of wil ons die ywer van die Meester opwek? Is ons miskien sterker as Hy?**

Ek weet van eerste handse ondervinding, hoe moeilik dit is wanneer jy ophou om die Heidense praktyke te beoefen, en jy deur die wereld rondom jou veroordeel word.

**1Pet 4:2 om die orige tyd in die vlees nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van Elohim.**

**1Pet 4:3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye.**

**1Pet 4:4 Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster.**

Dit is nie soseer die waarheid wat iemand seermaak nie maar as alles wat jy hulle vertel het die waarheid is, dan is dit wat hulle doen, vals! Maar as jy die waarheid liefhet, sal dit jou oortuig om te verander weg van die Heidense praktyke. In die volgende hoofstuk sal ons ingaan in die ware Elohim geademde Heilige dae van die Skrif.

## HOOFSTUK 2 – HEILIGE TYD

Dit is waar dat baie Heidense tradisies in gemeng is met die Christelike geloof, maar die ergste feit is dat hulle geruil is vir Yahweh se ware Heilige Dae. Aangesien die Heidense tradisies geen waarde of betekenis het nie (soos om eiers met helder kleure te verf of om ’n groen boom in jou huis te sit), vertel die Heilige Dae van Yahweh die hele plan van die saligheid/verlossing/redding. Dit is so hartseer dat die meeste belydende Christene nie eers weet wat die dae is nie. As jy hulle vra, sal die meeste van hulle se “O, jy bedoel die Joodse Heilige Dae”, waarmee ek dan sal antwoord “Nee, Yahweh se Heilige Dae”.

**Lev 23:1 Verder het YAHWEH met Moses gesprek en gesê:**

**Lev 23:2 Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van YAHWEH wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is My feestye.**

Besef jy wat gesê is? Hulle is nie die Joodse feestye nie maar Yahweh se Feeste! Hierdie dae verduidelik die presiese verlossings werk waarmee Yahweh besig is op aarde deur die reddende bloed van Sy Seun Yahshua. Let op die feit dat die Feeste vir AL die kinders van Israel is, nie net die Jode nie. Abraham se seun was Isak, Isak se seun was Jakob (wat later na Israel verander is).

Israel (Jakob) het 12 seuns en een van die seuns was Juda (die Jode). Die Jode (die stam van Juda) maak slegs 'n twaalfde uit van Israel. Die feit is dat die woord Jood vir die eerste keer gebruik word in die Skrif in **2 Kon 16:5-6**, waar Israel in geveg is teen die Jode. Die ander 11 kinders van Israel was: Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon, Josef, Benjamin, Dan, Naftali, Gad en Aser. Saam met Juda (die Jode), was dit die twaalf stamme van Israel (Jakob). Dawid, uit die stam van Juda, was koning oor die hele Israel. Elke stam het sy eie landstreek gehad. Enige goeie Bybel sal 'n kaart van Israel agter in hê wat wys watter deel behoort aan water seun of stam. Na Dawid se dood, het sy seun Salomo as Koning geheers. Yahweh het Israel in daardie tyd baie geseën. Salomo was die rykste man wat ooit geleef het, hy het omtrent 'n derde van die rykdom van die hele wêreld besit. Jy kan hieroor lees in jou Bybel in die boek van Prediker. Maar Salomo het sy rug op Yahweh gedraai. Raai hoekom? Deur Heidense vroue te trou en hulle Heidense gewoontes en heilige dae te aanvaar. Daarom het Yahweh die troon van hom weg gevat. Lees hieroor in:

**1Kon 11:1 En koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad; en wel behalwe die dogter van Farao, Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese, Hetitiese—**

**1Kon 11:2 uit die nasies waarvan YAHWEH aan die kinders van Israel gesê het: Julle mag nie met hulle meng nie, en hulle mag nie met julle meng nie; hulle sal voorwaar julle hart verlei agter hulle gode aan —Salomo het hulle met liefde aangehang.**

**1Kon 11:3 En hy het sewe honderd vroue, vorstinne, gehad, en drie honderd byvroue, sodat sy vroue sy hart verlei het.**

**1Kon 11:4 En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met YAHWEH sy Elohim was soos die hart van sy vader Dawid nie.**

**1Kon 11:5 En Salomo het agter Astárte, die godin van die Sidoniërs, en agter Milkom, die verfoeisel van die Ammoniete, aan geloop.**

**1Kon 11:6 So het Salomo dan gedoen wat verkeerd was in die oë van YAHWEH en nie volgehou om YAHWEH te volg soos sy vader Dawid nie.**

**1Kon 11:7 Toe het Salomo 'n hoogte gebou op die berg wat oostelik van Jerusalem lê, vir Kamos, die verfoeisel van die Moabiete, en vir Molog, die verfoeisel van die kinders van Ammon.**

**1Kon 11:8 En so het hy gedoen vir al sy uitlandse vroue wat rook laat opgaan het en geoffer het aan hulle gode.**

**1Kon 11:9 Daarom was YAHWEH toornig op Salomo, omdat sy hart afgewyk het van YAHWEH, die Elohim van Israel, wat twee maal aan hom verskyn het,**

**1Kon 11:10 en hom bevel gegee het omtrent hierdie saak om nie agter ander gode aan te loop nie; maar hy het die bevel van YAHWEH nie gehou nie.**

**1Kon 11:11 Daarom het YAHWEH vir Salomo gesê: Omdat dit so ver is met jou dat jy My verbond en My insettinge wat Ek jou beveel het, nie hou nie, sal Ek verseker die koningskap van jou afskeur en dit aan jou dienaar gee.**

**1Kon 11:12 Maar in jou dae sal Ek dit nie doen nie ter wille van jou vader Dawid; uit die hand van jou seun sal Ek dit afskeur.**

**1Kon 11:13 Maar Ek sal nie die hele koningskap afskeur nie; een stam sal Ek aan jou seun gee ter wille van my kneg Dawid en ter wille van Jerusalem wat Ek verkies het.**

Soe, sterk woorde daardie! Omdat hy die Woord van Yahweh verlaat en Heidense gewoontes en gebruike gevolg het, was die koningryk van Salomo (Jode) weg geskeur en na sy dood was die koningryk verdeel. Die Noordelike Koninkryk van Israel word aan die tien seuns van Israel gegee, onder leiding van koning Jerobeam. Rehabeam, Salomo se seun, was koning oor Juda en Benjamin, in die Suide. Die land van Benjamin het dwarsdeur Jerusalem gegaan daarom het hulle by Juda gebly. Later, as gevolg van false verering, het Levi (die priesters) in Judia kom woon. Geen land of erfenis is aan Levi gegee nie omdat hulle priesters was. Hulle het dorpe in elkeen van die ander stamme se grond gebiede gehad. Die stam van Josef was in twee stamme gedeel

vir sy seuns, Efraim en Manasse. Die tien ander broers rebelleer ook teen Yahweh deur Heidense afElohime aanbidding. Onthou jy die praktyke van Kersfees, Paasfees (Easter) en Halloween? Hulle het nie Yahweh se Heilige Sabbatte geëer nie. Onthou, die Sabbatte was nie net weeklikse Saterdag – Sabbat nie, hulle was ook Sy jaarlikse Heilige dae van Lev 23. Yahweh laat toe dat hulle in ballingskap geneem word vir die rede. Dit is baie belangrik om te weet dat die Sabbatte en Heilige dae van Yahweh af kom, en nie van die Jode nie. Die dae was en is heilige tyd, wat Yahweh onthul het as die enigste ware Skepper (anders as die Heidense dae). Die dae het Israel afgesonder as 'n spesiale nasie vir Yahweh. Lees hieroor in:

**Ese 20:2** Toe het die woord van YAHWEH tot my gekom en gesê:

**Ese 20:3** Mensekind, spreek met die oudstes van Israel en sê vir hulle: So spreek die ALMAGTIGE YAHWEH: Kom julle om My te raadpleeg? So waar as Ek leef, gewis, Ek laat my deur julle nie raadpleeg nie, spreek die ALMAGTIGE YAHWEH.

**Ese 20:4** Wil jy hulle oordeel, wil jy oordeel, mensekind? Maak hulle dan die gruwels van hulle vaders bekend,

**Ese 20:5** en sê aan hulle: So spreek die ALMAGTIGE YAHWEH: Die dag toe Ek Israel uitverkies het, het Ek my hand opgehef vir die geslag van die huis van Jakob en My aan hulle bekend gemaak in Egipteland; ja, Ek het my hand vir hulle opgehef en gesê: Ek is YAHWEH julle Elohim.

**Ese 20:6** Op dié dag het Ek my hand vir hulle opgehef, om hulle uit Egipteland uit te lei na 'n land wat Ek vir hulle uitgesoek het, wat oorloop van melk en heuning— 'n sieraad is dit van al die lande.

**Ese 20:7** En Ek het aan hulle gesê: Gooi weg, elkeen die verfoeisels van sy oë, en verontreinig julle nie met die drekgode van Egipte nie: Ek is YAHWEH julle Elohim.

**Ese 20:8** Maar hulle was wederstrewig teen My en wou na My nie luister nie; niemand het die verfoeisels van sy oë weggegooi of die drekgode van Egipte laat staan nie. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om My toorn teen hulle te laat uitwoed in Egipteland.

**Ese 20:9** Maar Ek het gehandel ter wille van my Naam, dat dit nie ontheilig sou word voor die oë van die nasies onder wie hulle gewees het nie, voor wie se oë Ek My bekend gemaak het aan hulle, om hulle uit Egipteland uit te lei.

**Ese 20:10** En Ek het hulle uit Egipteland uitgelei en hulle in die woestyn gebring.

**Ese 20:11** En Ek het hulle my insettinge gegee en my verordeninge aan hulle bekend gemaak, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe.

**Ese 20:12** Daarby het Ek ook My Sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, YAHWEH, is wat hulle heilig.

**Ese 20:13** Maar die huis van Israel was wederstrewig teen My in die woestyn; hulle het nie in my insettinge gewandel nie en my verordeninge verwerp, wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; en my sabbatte het hulle baie ontheilig. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet in die woestyn om hulle te vernietig.

**Ese 20:14** Maar Ek het gehandel ter wille van my Naam, dat dit nie ontheilig sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgelei het nie.

**Ese 20:15** So het Ek dan ook my hand vir hulle opgehef in die woestyn, dat Ek hulle nie sou bring in die land wat Ek aan hulle gegee het nie, wat oorloop van melk en heuning— 'n sieraad is dit van al die lande;

**Ese 20:16** omdat hulle my verordeninge verwerp het en in my insettinge nie gewandel het nie en my sabbatte ontheilig het; want hulle hart het agter hul drekgode aan geloop.

**Ese 20:17** Maar my oog het hulle verskoon, sodat Ek hulle nie verdelg het nie en geen einde aan hulle gemaak het in die woestyn nie.

**Ese 20:18** Maar Ek het aan hulle kinders in die woestyn gesê: Wandel nie in die insettinge van julle vaders nie en onderhou nie hulle verordeninge nie en verontreinig julle nie met hulle drekgode nie.

**Ese 20:19** Ek is YAHWEH julle Elohim; wandel in my insettinge en onderhou my verordeninge en doen dit.

**Ese 20:20** En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek YAHWEH julle Elohim is.

**Ese 20:21** Maar die kinders was wederstrewig teen My: hulle het nie gewandel in my insettinge en my verordeninge nie onderhou om dit te doen nie—wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; hulle het my sabbatte ontheilig. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om my toorn te laat uitwoed teen hulle in die woestyn.

**Ese 20:22** Maar Ek het my hand teruggetrek en gehandel ter wille van my Naam, dat dit nie ontheilig sou word voor die oë van die nasies voor wie se oë Ek hulle uitgelei het nie.

**Ese 20:23 Tog het Ek my hand vir hulle opgehef in die woestyn, dat Ek hulle sal versprei onder die nasies en hulle sal verstrooi in die lande;**

**Ese 20:24 omdat hulle my verordeninge nie gehou het nie, maar my insettinge verwerp het en my sabbatte onheililig het en hulle oë agter die drekgode van hulle vaders aan was.**

Hoe belangrik is Yahweh se Sabbatte en Heilige dae? 'n Hele nasie van Sy gekose mense was in slaverny gesleep omdat hulle dit onheililig het. Let op hoe Hy die dae sy Sabbatte noem (nie die Jode se dae nie) **en dat dit 'n teken is van Sy ware mense.** Alleenlik Yahweh kan iets heilig maak. Mense kan nie! Ons kan alleenlik dit wat Yahweh heilig gemaak het eer of onheililig. Hy het die Sabbat, van die Skepping af, apart gesit om aan die wêreld van Heidense aanbidders die enigste ware Elohim te openbaar, en om sy uitverkore mense heilig te maak vir 'n heilige doel. Die Moslem's aanbid hulle valse god Allah (Allah beteken 'n vloek) op 'n Vrydag; die Christene aanbid die valse son god Baal op 'n Sondag net soos die heidene voor hulle. Alleenlik die ware geestelike saad van Abraham eer ons Skepper op die Sabbat (Saterdag), as die enigste, ware Elohim van die heelal.

**Gen 2:2 En Elohim het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.**

**Gen 2:3 En Elohim het die sewende dag gesien en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat Elohim geskape het deur dit te maak.**

Verstaan jy dit? Yahweh se werk was voltooi deur dat Hy op die Sabbat gerus het. Hy het die Sabbat letterlik geskep deur Sy daad van rus. Die werk was nie voltooi totdat die rus plaas gevind het nie. Net soos die Skepping, word 6000 jaar aan die mens gegee om sy eie regerings, skole, finansiële stelsels te maak. Na 6000 jaar, wanneer die mens op die punt staan om homself uit te wis, sal Yahshua terug keer en hulle red van die verwoesting. Dan sal jy die ware Sabbat ontdek, die laaste 1000 jaar van vrede, met Yahshua wat sal heers as Koning van Konings oor die hele aarde. In die Heilige Skrif word dit die Millennium genoem – Millennium beteken 1000 jaar. Hoekom dink jy het Yahshua Homself in **Markus 2:27-28** die Meester van die Sabbat genoem? Hoekom dink jy is meeste van sy genesings op die Sabbat dae gedoen? Want dit is die voorspel van die voltooiing van die groot genesing gedurende Sy aardse millennium bewind.

Die weeklikse Sabbat wys na Yahshua as 'n Skepper en Millennium Koning. Die dag was heilig gemaak voor daar 'n Abraham, 'n Isak of 'n Jood was. Dus, kan dit nie 'n Joodse Sabbat wees nie! Maar Yahweh sê in **Ese 20** dat Hy Sy Sabbat met Israel gedeel het om hulle te heilig. Dit was iets wat geskep was. Dit maak nie saak wie jy is nie, aan watter ras jy behoort nie, elke week word jy geseen met kos, behuising, klere en baie meer. Elke sewende dag is dit jou plig, of eerder, 'n voorreg om Yahweh en Yahshua as Skeppers van die wêreld te eer, vir alles waarmee jy geseen word.

**Prediker 12:13 Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees YAHWEH en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense.**

Die nakom van die gebooie, **al 10 en nie net 9 nie**, is van toepassing op elkeen en nie net die Jode nie. Van die Skepping af was dit verkeerd om te lieg, te steel, te begeer, Yahweh se naam ydelik te gebruik, eg te breek, gode te aanbid, doodslaan, jou ouers nie te eer nie en ook van die Skepping was dit sonde om die Sabbat te onheililig. Ek het elke verskoning in die wêreld gehoor hoekom mense nie Yahweh die Vader en Yahshua Sy Seun elke sewende dag, Saterdag, op Sy heilige Sabbat eer nie: van “ons kan Hom elke dag eer”, “dit was aan die kruis vas gespyker” ens., ens. Ja, ons kan en moet Hom elke dag eer, maar net een van die 7 dae is heilig en dit is die Sabbat (Saterdag), eintlik sonsondergang Vrydag tot sonsondergang Saterdag – **Lev 23-32**. Ons moet werk, gras sny en inkopies doen, en ons Vader weet dit al van die Skepping af. Dit is waarom Hy van die Skepping af dinge so gereël het dat al was ons week hoe besig ons elke Sabbat die dinge van die wêreld opsy kan sit en vorentoe kyk na die ware Sabbat rus van Yahshua se millennium. Ja, hulle is skaduwees, en die realiteit is in Yahshua, maar **Kol 2:16-17** verseker ons dat hulle skadu's bly oor die dinge wat gaan kom!

2000 jaar gelede, toe Yahshua aarde toe gekom het, het Hy Sy Liggaam as 'n eenmalige, finale offerande vir sonde gegee. Maar die plan is nog nie klaar nie. **Dan 9:24** verklaar dat wanneer Yahshua terug kom, Hy 'n einde sal bring aan opstande (rebellie), 'n einde sal bring aan sonde (algeheel), 'n ewigdurende geregtigheid sal inlei en as Koning gekroon sal word. Dit het nog nie gebeur nie. Onthou, die voorspelling (profesie) is vir die Israelitiese mense en die stad van Jerusalem. Ek lewe vir die laaste 8 jaar daar, aan en af, en ek verseker jou dit



het nog nie gebeur nie. Daar is veel meer op die spel! Hoe kan jy dink dat die plan klaar is as oor die 2 miljoen baba's elke jaar in Amerika alleen geaborteer word? Helfte van die wêreld lei aan hongersnood en kinder slaverny is algemeen in Afrika? Die Koningryk (Millennium) sal nie begin totdat die Koning (Yahshua) sy voete op die Olyfberg neersit nie (**Sag 14:4**). Vra jousef die vraag: as die Sabbat in Yahshua vervul was en nie meer nodig is nie, hoekom sal die hele wêreld gedurende die millenium, elke Sabbat gaan en voor Hom aanbid?

**Jes 66:23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor My aangesig, sê YAHWEH.**

Vra jousef verder, as al die heilige dae mee weg gedoen is, hoekom sal al die nasies wat oorbly na die veldslag van Armageddon, elke jaar na Jerusalem kom om die Hutte Fees te vier of deur plaes verpes te word?

**Sag 14:16 En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, YAHWEH van die leërskaare, en om die huttefees te vier.**

**Sag 14:18 En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee YAHWEH die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie.**

Die waarheid is dat die heilige dae nooit mee weg gedoen is nie soos die wêreldse, Heidense geïnkorporeerde kerke jou wil laat glo. Hulle is gevestig met die Skepping en wat Yahweh skep, kan geen mens vernietig.

**Gen 1:14 En Elohim het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare.**

Die Hebreeuse woord vir seisoen is "mowed" en die beteken letterlik 'n afspraak of 'n Fees (heilige dag). Hoe ontsagwekkend is dit nie? Yahweh het tyd gemaak (son en maan om tyd te wys) so dat jy presies sal weet wanneer om jou afspraak met Hom na te kom. Hy maak letterlik 'n afspraak met jou vir elke Saterdag (Sabbat) en met elke Heilige Dag dwars deur die jaar. **Lev 23:2** sê dat dit heilige byeenkomste is en die woord beteken "samekoms", "vergader", "byeenkom" as ook repetisies, herhaling of oefening. Sedert die Heilige Dae skaduwees is van die plan van verlossing deur Yahshua, beoefen ons Sy aankoms en Koningryk deur bymekaar te kom om te aanbid op hierdie dae. Ongelooflik! As Yahweh 'n persoonlike afspraak met jou maak op hierdie dae, hoekom sal jy Hom nie wil eer as Skepper en Verlosser deur daar te wees nie? Sekere van die dae soos Pasga, is ter herdenking van die werk van verlossing om sonde te verower, wat Yahshua alreeds gedoen het; ander, soos die Fees van Tabernakels, verwys na die wonderlike millennium van vrede net om die draai. Die Sabbat voldoen aan albei. Dit wys na ons geestelike rus van sonde in Yahshua, maar ook na die uiteindelijke rus van die wêreld van sonde in die millennium.

Dit is hoekom **Hebreeërs verklaar "Daar bly dus 'n Sabbatsrus oor vir die volk van Yahweh"**.

Hy, Paulus, het verduidelik hoekom die Israëliete nie die Beloofde Land ('n tiepe millennium) kon ingaan nie omdat hulle 'n gebrek aan geloof gehad het, ons word gewaarsku dat ons die beloofde land (millennium) ook nie sal ingaan nie vir dieselfde gebrek aan geloof. Aangesien die millennium nie hier is nie, en ons nog nie die rus ingegaan het nie, bly die afspraak met Yahweh op die Sabbat (skadu) vir sy volk. Die Sabbat word eintlik 'n "geloofs gebod" genoem. Hoekom? Almal kan sê hulle lieg nie, steel nie of maak nie dood nie maar onthou, die gees van die wet is in jou hart. Hoe weet ons of iemand sy broer in sy hart haat of na 'n vrou kyk met wellus? Maar die Sabbat is aan almal bekend. Jy sal kop bo water uitstaan as jy nie werk of peuselwerkies op 'n Saterdag doen nie. Party mense sal selfs hulle werk verloor. Vir 25 jaar gehoorsaam ek die Sabbat en Heilige Dae en ek het nog nooit van een slegte gevolg gehoor vir gehoorsaamheid aan die dae nie. Intendeel, keer op keer het ek gehoor hoe mense beter werke gekry het en ontsettend geseënd was oor hulle gehoorsaamheid aan Yahweh. Dit is satan wat jou probeer verlei tot ongehoorsaamheid, om vir jou te vertel dat gehoorsaamheid "wetsverering" is. Dit is dieselfde manier hoe hy Adam en Eva in die Tuin van Eden bedrieg het en dit is die selfde manier hoe hy baie vir amper 6000 jaar bedrieg het. Jy sal nooit een vloek op enigeen in die hele Heilige Skrif kry omdat hulle gehoorsaam was aan die Wet van Yahweh. Ons vind net die teenoorgestelde, getroue, gelowige Abraham was geseën vir sy gehoorsaamheid.

**Gen 26:5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my geboorte, my insettinge en my wette onderhou het.**

Een van die gebooe (daar is 10) was die Sabbat dag en die Heilige dae word die verordeninge (statutes) genoem. Moet nie dat satan jou bedrieg nie. Om gaaf of vriendelik te wees, is nie genoeg nie. Yahweh verwag dat ons gehoorsaam moet wees aan sy Woord.

**1Sa 15:22 Daarop sê Samuel: Het Yahweh behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van Yahweh? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.**

Skryf asseblief vir die gratis CD “How the Sabbath was Changed to Sunday”. Dit was nie deur Yahweh verander nie maar deur die Roomse Katolieke Kerk met die Raad van Nicea in 324 AD deur Constantyn, ’n Romeinse keiser.

Die Sabbat vertel ons van die tydsberekening vir Yahweh se plan vir die mensdom. In Genesis lees ons dat Elohim die hemel en die aarde en alles wat daar in is in 6 dae geskape het en op die 7de dag gerus het, die Sabbat.

**2Pet 3:8 Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by Yahweh soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.**

**2Pet 3:9 Yahweh verdraag nie die belofte soos sommige dit verdraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.**

Yahweh het die mens 6000 jaar gegee om sy eie regerings, skole, geldstelses en selfs kerke te bedryf. Dan, aan die einde van die 6000 jaar (as jy die jare van Adam tot vandag tel, is ons amper daar), sal Yahshua die Messias terugkom vir Sy 1000 jaar millenium Sabbat rus op aarde. Dit sal ’n rus wees van oorlog, van hongersnood en die belangrikste van sonde. Die Sabbat wys nie net na Yahshua as die Skepper van alles nie, maar ook as die komende heerser van die aarde; as Koning van Konings. Dit is waarom Hy Homself in **Markus 2:28 die “Meester van die Sabbat”** noem.

Vra enige Sondag aanbieder waar in die skrif die Sabbat na die Sondag verander is sal hy nie te veel te sê hê nie. Die enigste vers wat hulle laat dink dat daar op die eerste dag van die week ontmoet is, is ’n verkeerde vertaling. Dit is **Handeling 20:7**, behoorlik uiteengesit in die Grieks as volg “en op een van die sabbatte”. Die woord vir Sabbat is 4521 in die Strong’s Concordance. Meeste vertalings vertaal die vers verkeerd as “die eerste dag van die week”. Dit is hoekom dit noodsaaklik is dat jy ’n Interlinear Bybel met die oorspronklike Hebreeuse en Griekse manuskripte moet kry as jy werklik die Skrif wil bestudeer en leer. Meeste vertalings vandag is in ’n hoe mate foutief, en van die nuwe vertalings, soos die NIV, is vreeslik onakuraat Nie teenstaande al die feite, sal dit hulle nooit laat verander nie, want hulle het die tradisies en die eer van die mense meer lief as die waarheid.

**Lukas 16:15 En Hy het vir hulle gesê: Dit is julle wat julsself regverdig voor die mense, maar Elohim ken julle harte; want wat by die mens hoog geag word, is ’n gruwel voor Elohim.**

En as **geen** verse noem dat hulle op ’n ander dag ontmoet het, hoekom sal dit die Sabbat nietig verklaar? Dit is net nie logies nie! Beteken dit dan “as ons op ’n Dinsdag vergader kan ek van jou steel”. Die argument is van die duiwel.

Ek wil kortliks vir jou die plan van Yahweh deur die heilige dae van **Lev 23** wys en verduidelik van die ontsagwekkende plan wat ons Hemelse Vader en Sy enigste Seun Yahshua besig is om uit te werk vir die mensdom.

In **Lev 23:4-8** het ons die seisoen van Heilige dae vir die Pasga en Ongesuurde Brood. Ten eerste, die Pasga gedenk die gemartelde liggaam en gestorte bloed van Yahshua vir die vergifnis van ons sonde, asook ons verbondenheid aan ons doop om Sy offerhande te aanvaar sodat ons onder die genadeverbond kom deur geloof. **Johannes 6:53-58** sê dat as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie (Pasga), het julle geen lewe in julsself nie. Nadat ons, ons aan Yahweh gewy het, boetvaardig ons sondes bely het en lewe in egte geloof in die Messias, gedenk die sewe dae van Ongesuurde Brode die wegneem van sondes uit ons lewens. Soos suurdeeg uitdy en opswel, so swel sonde en hoogmoed in ’n gelowige. Elke jaar gedurende die dae van Ongesuurde Brode, sal ’n gelowige reflekteer op verborge sondes, nie maklik sigbaar nie, net soos daardie stukkie suurdeeg wat agter in jou kruidenierskas wegkruip. Terwyl ons die ongesuurde brode vir die 7 dae eet, genoem

in die Skrif die brood van beproewing, herhinner dit ons aan die offerhande wat die Messias vir ons gemaak het en die harde, smal pad na verlossing (**Mat 7:13-14**). Die gebruike was streng gevolg deur die Apostels en die vroeëre gemeente na Yahshua se dood. **1Kor 11:23-29 en 5:6-8** wys dat die Apostel Paulus die viering van die dae gebied.

**Lev 23:9-22** vertel ons van die volgende heilige dag seisoen, Pinksterfees. Pinkster herhinner ons aan die uitstorting van die Heilige Gees aan die 1ste eeue se gemeente in **Handelinge 2**, en ook aan die 2de Pinkster, wanneer Yahshua weer met die kinders van Israel gaan werk en vir hulle 'n nuwe hart sal gee, (**Jer 31:31-34**). Dit is hoekom, toe die gerf (die eerste ryp graan) geoffer was gedurende die Fees van Ongesuurde Brode (Die Messias was die vervulling van die gerf aan Yahweh met die opstanding), dit opgemaak was in twee ingesuurde brode vir Pinkster, wat verteenwoordigend was van een brood vir die Nuwe Testament gemeente en een brood vir Israel. 'n Joodse tradisie sê dat die 10 Gebooie op Pinkster gegee was (the letter of the law), en die Heilige Gees (die gees van die wet) ook op die dag. Die Apostels het jaarliks dié dag gevier selfs na die opstanding van Yahshua, **1 Kor 16:8**.

Dit bring ons na die Heilige dae in die Herfs seisoen, wat die vervulling van die plan van Yahweh is. **Lev 23:23-25** vertel van die Fees van Trompette, wat die terugkeer na die aarde van Yahshua die Messias voorstel.

**Open. 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van Yahweh geword en van sy Messias, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.**

In antieke Israel, was 'n trompet geblaas om die mense te waarsku van kommende oorlog of die kroning van 'n koning. Yahshua sal albei doen met Sy terugkeer.

Dan kom die vasdag, die dag van Versoening, wat ons versoening met Yahweh voorstel, wanneer die Messias terugkom en sonde vernietig/afskaf/ophef/herroep. Dit is hoogswaarskylik die dag van die huweliks maal van die Lam.

**Open. 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.**

**Open. 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**

**Open. 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van Elohim.**

Dan kom die Huttefees, **Lev 23:33-44**, 'n sewe dae fees, wat die millennium regering van Yahshua voorstel en die plan van Yahweh sal voltooi.

**Jes 35:5 Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.**

**Jes 35:6 Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.**

**Jes 35:5 Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.**

**Jes 35:6 Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis.**

Dit sal 'n totale genesing wees. Dit is hoekom Yahshua soveel genesings op die Sabbat gedoen het, want dit voorspel die tyd van die millennium in die nabye toekoms.

**Miga 4:3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.**

Dit sal 'n tyd van volkome vrede wees. Israel het in tente gebly gedurende die Huttefees (Sukkot in Hebreeus) om vir ons te wys hoe tydelik ons as mens is. Nogtans is dit tyd van groot feesviering, en Yahweh beveel ons om ons te verheug saam met ons broeders en om te deel in die voorsmaak jaar na jaar vir sewe dae van Sy koningryk. Die dag net na die Huttefees word Die Laaste Groot Dag (The Last Great Day) genoem en wys na

die Groot wit troon oordeelsdag van almal wat ooit geleef het (sien **Open. 20:11-15**). Dit sal net soos die heilige dag gebeur, direk na die millenium.

Die heilige dae wat Yahweh s'n is en nie die Jode s'n nie **Lev 23:2**, is 'n jaarlikse aandenking van Yahweh se plan vir die mensdom. Daarom word dit as volg gestel in:

**Kol 2:16 Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,**

**Kol 2:17 wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Messias.**

Die Kolossense, wat van 'n Heidense area gekom het, was onder druk van die omgewing se mense om hulle Heidense tradisies te volg en nie die Yahweh-geordende heilige dae soos deur Paulus verkondig nie. Dit is nie baie verskillend vandag nie. Jy mag vra, "maak dit werklik 'n verskil?" Ja, want die hele wêreld het na ander gode en dae gedraai omdat hulle die betekenis van die plan van Yahweh verloor het.

**Gen 1:14 En Elohim het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare.**

Dit beteken letterlik vir die heilige dae. As die so belangrik was vir Yahweh, dan is dit belangrik genoeg vir ons.

**Joh 4:24 Elohim is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.**

Kersfees en Paasfees (Easter) is **leuens**. Yahshua was nie op die 25ste Desember gebore nie. Die heilige dae van **Levitikus 23** is die **WAARHEID**. Hulle vertel van die pragtige plan wat ons liefdevolle Skepper met ons deel. Deur die heilige dae van **Lev 23**, was die plan vir die afgelope 6000 jaar nooit verlore vir die wat die waarheid soek nie.

Het jy geweet dat dieselfde woord wat gebruik word vir die vertaling van heilige dag (holyday – Mowed) word ook gebruik vir gemeente? Dit beteken eintlik 'n afspraak met die gemeente. Hierdie dae sit Yahweh se gemeente (aangesteldes) apart van die Heidense wêreld om hulle. Ons moet in die wêreld wees maar nie van die wêreld nie. Hoe kan Christene hierdie betekenisvolle dae wat die hele plan van verlossing verduidelik, verwerp vir sulke niksseggende Heidense gewoontes wat vol leuens is? Yahweh het die Sabbat ingestel as 'n identifisering van Sy mense, vir altyd.

**Eksodus 31:12 Verder het Yahweh met Moses gesprek en gesê:**

**Eksodus 31:13 Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek Yahweh is wat julle heilig.**

**Eksodus 31:14 Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit.**

**Eksodus 31:15 Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan Yahweh. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.**

**Eksodus 31:16 En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.**

**Eksodus 31:17 Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het Yahweh die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.**

**Eksodus 31:18 En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van Elohim.**

Besef jy dat die mense letterlik miljoene boeke geskryf het, maar dat die Tien Gebooie die enigste ding is in die geskiedenis van die mensdom wat deur die vinger van Yahweh geskryf is? Dit sê dat hulle 'n ewigdurende, lewenslange gebod is vir alle tye. Hoe kan enigeen so bedrieg en mislei word dat hulle weg gedoen is en nie meer saak maak nie? Sommige mag self sê "maar dit is alleenlik vir die kinders van Israel". Maar soos voorheen genoem in **Prediker "Ek het my omgewend en my hart gerig om te weet en na te speur."** Laat ons nooit vergeet dat Yahweh Homself geopenbaar het as die Elohim van Israel.

**Sef 2:9 Daarom, so waar as Ek leef, spreek Yahweh van die leërskaare, die Elohim van Israel**

Die verbond was met Abraham gesluit soos ons in 'n latere hoofstuk sal sien.

**Gal 3:29 En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.**

Heidene word oorgeënt aan die boom van Israel; Yahweh het nie 'n Heidense god geword nie! Lees **Romeine 10 & 11**. Oorweeg die volgende interessante informasie op 'n vleeslike grondslag. Ons het die verskil bespreek tussen die Jode (Juda en Benjamin) en die Huis van Israel (die 10 "verlore" stamme). Baie bewyse is ontdek in die laate eeu van die 10 stamme wat na die moderne Wes Europa, Amerika, Australia en Suid-Afrika ens. geemigreer het. Amerikaners kom van Engeland wat Anglo-Saksers is. Die woord Isak of Sak-son (seuns van Isak), wat die vader van Jakob (Israel) was. Daar is baie gedokumenteerde informasie oor die feite. Een so bron is van Steve Collins, getiteld "The Lost Ten Tribes". Jy mag meer fisies en geestelike verbind wees aan Israel as wat jy dink.

**Rom 2:29 maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit Elohim.**

**Lev 24:22 Net een wet moet daar vir julle wees, die vreemdeling moet soos die kind van die land wees; want Ek is Yahweh julle Elohim.**

Yahweh is geen respekterder van mense nie, dieselfde wet is van toepassing op almal. Party mense sal na **Rom 14:1-5** gaan en jou probeer laat verstaan dat Paulus sê dat dit nie saak maak watter dag jy heilig hou nie. Hulle verdraai die skrif tot hulle eie vernietiging. As jy eerlik met jouself is sal jy erken dat **Rom 14** nooit die Sabbat dag noem nie. Sekere van die Romeinse broers het hulle van die vleis wat in die plaaslike mark verkoop was onthou omdat die moontlik geoffer was aan afgode en het so doende vegetariërs geword. **KOS IS DIE PUNT/KWESSIE!** Paulus verklaar hiermee dat ons mekaar nie moet veroordeel oor dinge wat nie skriftelik/skriftuurlik is nie. Vers 5 praat van iemand wat 'n dag opsy sit om te vas terwyl ander nie gevas het nie. Paulus verduidelik verder dat as jy vas, jy die dag ook vir Yahweh kan gee. Die Sabbat word nooit genoem nie! In werklikheid kan dit nie na die Sabbat verwys nie want die Sabbat is a Fees dag en nie 'n vas dag nie. Die Jode, na aanleiding van die wet, sal nooit op 'n Sabbat vas nie. Paulus het nooit teen die Sabbat gepreek nie, intendeel,

**Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte**

**Hand 18:4 En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.**

Dit is baie interessant! As die heidene die Sondag onderhou het, hoekom sal die Skrif ons vertel dat hulle op die Sabbat ontmoet het? Want die vroeëre gemeente het nooit op die son-dag (Baal se dag) aanbid nie, hulle het die gebooe onderhou en ons Skepper elke Sabbat geëer. Jy sal meer hiervan uitvind in die volgende hoofstuk oor die geskiedenis van die vroeëre gemeente.

Baie gou gaan die wêreld deur die vreeslikste tyd gaan wat hy nog ooit gesien of ooit sal sien. Dit gaan gebeur net voor die terugkeer van Yahshua na die aarde om Sy millenium bewind te begin. Hy vertel ons van al die tekens van die nabye tyd. Lees hiervan in die boek van Mat hoofstuk 24. Interessant genoeg sê dit in vers 20:

**Mat 24:20 En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.**

Hier is dit - 'n tyd in die toekoms en die Sabbat dag bestaan nog! Dit is een besondere dag, elke sewende dag of Saterdag! Sekere mense sê dat die Sabbat spiritueel is en dat die Sabbat elke dag is. Tog het ons duidelike verse gewys dat Paulus die een dag (Saterdag) as die ware Sabbat gehou het. **Mat 24:20** verklaar ook dat ons moet bid dat ons vlug nie op die Sabbat moet plaasvind nie. Die dag eer die enige ware Elohim en dit is so belangrik want dit identifiseer Sy uitverkore mense. **Exodus 31** sê ook dat dit " 'n teken" is. 'n Teken is 'n identifiserings merk. **Dit is 'n ware bewys aan die wêreld wie die Skepper en Sy uitverkore mense is.** Tensy jy die waarheid lief het sal hierdie dinge vir jou belaglik klink.

**1Kor 2:14 Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van Yahweh nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.**

Maar vir die een wat soekend is en die waarheid lief het, sal hierdie pragtige, wonderlike woorde wees wat die deur sal open na die ewige lewe. Dit gee jou ook 'n dieper verhouding met Yahshua ons Verlosser. Dit kom nie na vore deur die niksseggende Heidense tradisies van die mens nie, maar alleenlik deur die gees geademde woord van Elohim.

Ek wil graag die hoofstuk met twee verse van die boek van Jesaja sluit, wat uit Yahweh se eie mond wys, dat die viering van die Sabbat vir Hom “verblydend” is. Dit is vir Israel asook vir die Heiden wat by Israel aan gevoeg is, en die beloning? Om op hoë berge (die koningkryk) te reis, om 'n nuwe naam en die ewige lewe te hê.

**Jes 56:1 So sê Yahweh: Bewaar die reg en doen geregtigheid; want my heil is naby om te kom en my geregtigheid om geopenbaar te word.**

**Jes 56:2 Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en sy hand terughou, dat dit geen kwaad doen nie.**

**Jes 56:3 En laat die uitlander wat hom by Yahweh aangesluit het, nie spreek en sê: Yahweh sal my gewis afskei van sy volk nie; en laat die ontmande nie sê: Kyk, ek is 'n droë boom nie.**

**Jes 56:4 Want so sê Yahweh aan die ontmandes wat my sabbatte hou en verkies wat My behaag en vashou aan my verbond:**

**Jes 56:5 Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie.**

**Jes 56:6 En die uitlanders wat hulle by Yahweh aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van Yahweh lief te hê deur sy knegte te wees—elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond,**

**Jes 56:7 hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.**

**Jes 58:13 As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van Yahweh hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie;**

**Jes 58:14 dan sal jy jou verlustig in Yahweh, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van Yahweh het dit gespreek.**

**JY HET NOU DIE KEUSE!** Gaan jy aanhou om Yahweh te aanbid in valse aangelaste mens gemaakte tradisies?

**Markus 7:7 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat geboie van mense is.**

Aan gehoorsaamheid vir Sy koninglike wette en die eering van Sy Heilige Dae, wat deur Yahweh gegee is in die Heilige Skrif, sal jy 'n uitverkorene wees in die wereld.

**Deu 12:32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.**

Onthou, Yahweh verander nooit!

### **HOOFSTUK 3 – DIE VROEËRE KERK**

Een van die grootste geheime of raaisels in die wêreld vandag is die misterie van die “kerk”. Vandag se koperatiewe miljoen dollar besighede, genoem “Christendom” het feitlik niks te doen met die geestelike, sprituele organisasie wat ons groot Meester Yahshua die Messias omtrent 2000 jaar gelede begin het nie. Die transformasie het begin na die einde van die eerste eeu N.M. en het aangehou tot en met 400 N.M. en op die punt was daar twee totale verskillende entiteite. In die boek, “The Story of the Christian Church”, deur Jesse Lymann Hulbut, op bladsy 33 lees ons: “Vir 50 jaar na Paulus se lewe hang 'n gordyn oor die gemeente, en ons probeer

tervergeefs daar deur kyk. Toe dit ten einde laaste op gelig word, omtrent 120 N.M., deur die geskrifte van die vroeëre gemeente vaders, vind ons 'n gemeente (kerk) in baie aspekte heeltemal verskillende van die in die dae van Petrus en Paulus." Ons het bewys in vroeëre hoofstukke, dat die Heidense praktyke van Kersfees, Paasfees en son-dag aanbidding glad nie deur die vroeëre gelowiges gevolg is nie. Dit was omtrent 100 jaar na die dood van die Messias dat die praktyke in die gemeentes ingekruip het. Ek dink dat veels te veel kere daar vergeet word dat ons Verlosser, Yahshua die Messias 'n Joodse timmerman was. Al twaalf apostels was ook van die Hebreeuse ras. Al die vroeëre gelowiges vir rofweg die eerste 10 jaar van die gemeente was alleenlik Israeliete.

**Mat 10:5 Yahshua het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;**

**Mat 10:6 maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel.**

En selfs toe verlossing aan die heidene geopenbaar was, was die eerste Heidense bekeerlinge semi-Joodse bekeerlinge. Hulle het die Sinagoges bygewoon, hulle het die Sabbat en die Heilige Dae gevier en het nie onreine kos (soos in Lev die 11de hoofstuk voorgeskryf) geëet nie. Die groot verskil van die vroeëre Heidense gelowiges was nie die Wet (Torah) van Yahweh soos in die Heilig Skrif aangeteken is nie, maar die feit dat hulle nie besny was nie. Besnyding was 'n fisiese teken van 'n nasionale verbond aan die land en nasie van Israel, nie vir ander Heidense nasies of mense nie. Twee tipe seënninge was aan Israel belowe. Die een was genoem die "geboorte reg", wat deur die geslag van Josef en sy twee seuns Efraim en Manasse loop. Dit was 'n fisiese seënning vir die land en 'n nasionale seënning vir die mense van Israel.

**Gen 48:4 en vir my gesê: Kyk, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot 'n menigte van volke maak, en Ek sal aan jou nageslag ná jou hierdie land as ewige besitting gee.**

Die tweede seënning was die "geestelike" seën van verlossing deur Yahshua, wat aan Juda gegee was en dit word genoem die septer of staf.

**Gen 49:10 Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo (Messias) kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.**

Hier word met Juda gepraat in vers 9.

Besnyding was 'n fisiese teken van die fisiese bloedlyn van Abraham se saad onder die ou verbond vir fisiese seënninge. Die belofte van die geestelike verbond moes uit Juda wees, wat Yahshua wel is. Deur Hom word ons die saad van Abraham (**Gal 3:29**) letterlik, deur die bloed van Yahshua, nie die fisiese bloedlyn van Israel. Dus, as besnyding altyd van die hart was (**Deut 10:16**), dan is fisiese besnyding nie meer 'n vereiste vir nuwe Heidense bekeerdes nie.

Fisiese besnyding, en nie Yahweh se ewigdurende geestelike Wette, was die enigste vraag in Handeling 15 se beraad. Die Heidense bekeerlinge was alreeds Sabbat en Heilige dae onderhouers asook gehoorsaam aan die Wet (5 boeke van Moses – Torah). Maar aangesien hulle nie van die fisiese bloedlyn van Jakob was nie, was hulle nie besny nie. In **Handeling 10:2** lees ons dat Cornelius (die eerste Heidense bekeerde) 'n vrome man was en een wat Yahweh gevrees het. Vroom beteken ook regverdig, opreg, eerbiedig en plegtig en dit sê vir ons dat hy letterlik Torah gehoorsaam was. Dié aanhaling is van die Ryrie studie bybel onder die studie nota van Handeling 10:2 deur Charles Caldwell Ryrie. "Cornelius was 'n half bekeerde tot Judaïsme, aanvaar Joodse gelowe en praktyke maar stop as dit by besnydenis kom." Luister na wat Kenneth Barker, die redakteur van die Zonervan Study Bible skryf oor Cornelius wat gebid het ten tye van die Joods uur van gebed.

**Hand 10:3 "Hier het ons 'n ander aanduiding dat Cornelius die Joodse religieuse praktyke gevolg het. Drie uur in die namiddag was dit die Joodse uur van gebed."**

Die vroeëre kerk was beskou as 'n Joodse sekte deur die Roomse wêreld rondom hulle. Ron Kelly verduidelik verder oor die feit in "The History of the Church of God." Die ontwikkeling van die kerk gaan meestal onopgemerk in die Romeinse Ryk. Die kerk blyk slegs as niks anders as 'n Joodse sekte te wees. Die vroeëre kerk onderhou die sewende dag Sabbat en ook wat die meeste mense sê die Joodse Heilige dae. Hulle was geesdriftige gebooue onderhouers. Die valse ideë dat die Wet aan die kruis vas geslaan was, was nooit ooit eers aan gedink deur die heilige Israelitiese gemeente nie.

**Hand 21:20 En toe hulle dit hoor, het hulle Yahweh verheerlik en vir hom gesê: U sien, broeder, hoeveel duisende Jode daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir die wet.**

Die Wet het nie verander vir die vroeëre gelowiges nie behalwe vir die dierlike brandoffers wat vervang is deur Yahshua se finale offer. Hulle het verstaan dat die bloed van bulle en bokke nie hulle sondes kon bedek nie maar dat dit hulle aanhoudend herhinner het dat hulle sondaars was en 'n Verlosser nodig het. Die verskil tussen 'n vroeëre gelowige en 'n ongelowige Jood het niks te doen met die ewige Wet van Yahweh nie maar in die geloof dat die bloed van Yahshua hulle sondes bedek. Ware gelowiges het geglo dat Yahshua se bloed hulle sondes bedek het en hulle versoen het met die Vader, die ongelowiges het dit nie geglo nie. Daar is baie skriftelike verwysings oor die vroeëre gelowiges en hoe hulle die heilige dae van **Lev 23** gehou het. Dit word genoem deur Paulus:

**Hand 20:16 Want Paulus het besluit om by Éfese verby te vaar, sodat hy nie in Asië tyd sou verloor nie; want hy het hom gehaas om, as dit vir hom moontlik was, op die pinksterdag in Jerusalem te wees.**

**1Kor 16:8 Maar ek sal in Éfese bly tot pinkster toe.**

**1Kor 5:6 Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?**

**1Kor 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Messias.**

**1Kor 5:8 Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.**

Die vers is baie interessant! Ten eerste vertel Paulus die gelowiges van Korinthe dat hulle “ongesuurd” is. Hy het die brief gedurende die Pasga seisoen geskryf, wat ook as die dae van Ongesuurde Brode bekend is. Dit bewys dat hulle nog steeds die suurdeeg uit hulle huise geneem het. Dit is ook interessant om op te let dat die Korinthe heidene was. Die brief was om en by 56 N.M. geskryf, 'n goeie 26 jaar of so na die dood van Yahshua. Nou, as die dae mee weg gedoen is met Sy dood, hoekom het die Heidense gelowiges die Pasga gehou en hulle huise van suurdeeg gereinig 26 jaar later? Die antwoord is natuurlik dat die vroeëre kerk nooit opgehou het om dié dae te onder hou nie. Hulle was en is Heilige Dae. Heidense bekeerdes, so wel as Jode, het op die dae aanbid gedurende die eerste eeu N.M. Die apostel Paulus maak 'n direkte verwysing na Yahshua as ons Pasgelam en hy beveel die gelowige broeders in vers 8: laat ons dan feesvier! Dit klink hoegenaamd nie of Paulus probeer om die dae uit die weg te ruim nie; in teen deel, hy bevestig hulle.

**Rom 3:31 Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.**

In **1 Kor 11:23-26** verduidelik Paulus aan die broeders dat wat hy hulle vertel direk aan hom gegee was van Yahshua. ‘**Op die Pasga aand, het Yahshua brood en wyn geneem en hulle bevel om dit te doen in herhinnering van Hom (Yahshua), vers 26, want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van Yahshua totdat Hy kom.**’ Dit is baie duidelik. Ons word beveel om eenkeer 'n jaar Yahshua se dood en edele offerhande vir die vergifnis van ons sonde te herdenk, deur ons deelname aan die Pasga. En tog doen so min Christene dit. Paulus gaan dan verder en bekelemtoon hoe ernstig en stemmig die seremonie van die jaarlikse Pasga is. Ons moet ons self deeglik ondersoek (ons lewe en ons verbintenis) vir/aan/tot/teenoor Yahshua, voor ons aan die Pasga simbole kan deelneem. Dit was so ernstig dat van die broeders siek geword en selfs dood gegaan het omdat hulle hulle self nie werklik met alle erns ondersoek het nie. (**1 Kor 11:30**).

**Eksodus 13:10 wys duidelik “Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar”.**

Vandag onderhou die meeste Christene nie die Pasga fees nie en hulle vervang dit met 'n weeklikse of maandelikse Nagmaal. Tog is daar nie een woord in die Skrif om dit te staaf nie. Dit is geen wonder dat daar so min waarheid en so min geestelike groei in die koöperatiewe kerke in die wêreld is. Yahweh het die mens in Sy beeld geskape en nou het die mens Elohim in sy beeld gemaak. Hulle het hulle eie gode gemaak, net soos die goue kalf. Hulle het hulle eie dae van aanbidding gemaak, net soos Koning Jeroboam in antieke Israel en hy was vervloek daarvoor. Hulle het hulle eie dag van aanbidding gemaak – Son-dag of dan Baal se dag, met al hulle eie gebruike, nie een wat enigsins ooreenstem met wat die Skrif sê nie.



Wees eerlik met jouself vir een oomblik. As jy deel was van die vroeëre gemeente wat die Sabbat onderhou het, die Heilige Dae en die Wet van Yahweh (uisluitende die offerhandes), en ek kom na jou toe vir die eerste keer en wys vir jou al die Heidense gebruike, (Kersfees, Paasfees (Easter), Sondag en Halloween) en probeer jou oortuig om die heilige Skrif te verontagsaam en om die dae te volg, wat sou jy gesê het? Die vroeëre gelowiges, in baie gevalle, was gewillig om en het inderdaad, hulle lewens gegee vir Yahweh se waarheid. Vra jouself (maar wees eerlik). Hoekom doen jy die dinge wat jy doen? Nou dan, hoekom doen jy nie die dinge wat duidelik beveel word in die Heilige Skrif nie? Die enigste antwoord is tradisie, gerief en die vrees vir die mens!

Vir my liefde vir Yahweh se mense skryf ek hierdie boek, om hulle te waarsku en wakker te maak omdat ons Verlosser spoedig terug gaan kom. Onthou, satan is die vader van leuens, hy was 'n leuenaar in die begin en is tot vandag toe nog een. In ons samelewing waar die waarheid 'n rare kommoditeit is sien min mense iets verkeerd met leuens! Daar is 'n ou gesegde: "my woord is my eer", dit beteken letterlik dat jou woord jou waarborg is. Terwyl ek in die besigheids wêreld was, was daar 'n tyd dat ek groot bedrae geld kon leen met net 'n handdruk want my woord was letterlik 'n waarborg. Yahshua is die Lig, daar is geen donkerte in Hom nie. Ons moet ook kinders van die lig wees, nie van die donkerte nie. Onthou wat Paulus gesê het: **1 Kor 5:6 "Weet julle nie dat 'n klein bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?"**. Ons getuienis moet vlekloos en rein wees. Ons, as gelowiges, het ook 'n bediening van versoening (**2 Kor 5:18**). Hoe kan ons ooit verwag om ongelowigges na die Messias te lei as ons getuienis vol halwe waarhede is? Ons geloof in die Messias moet meer as net 'n geloofs tradisie wees, dit moet " 'n lewenswyse wees!" Het jy geweet dat die vroeëre gelowiges, na aanleiding van hulle leefwyse die "mense van die Weg" genoem was? (**Hand 9:2**).

In Yahshua is ons hoër roeping so veel meer as nuttelose tradisies. Ons word voorberei vir heerskappy saam met Hom in Sy koningryk.

Die aspek van Yahshua wat terug kom aarde toe vir 'n letterlike 1000 jaar millennium is verlore in baie kerke vandag. Maar dit was totale realiteit vir die vroeëre gelowiges. Ek het genoem hoe Israel in gevangenskap gegaan het deur hulle valse gode aanbidding en Sabbat onteering. Na 70 jaar in gevangenskap in Babilon was die Jode toegelaat om terug te keer na Jerusalem. Sommige soos Nehemia, het hulle les geleer betreffende ongehoorsaamheid, ander nie.

**Neh 13:15 In dié dae het ek in Juda mense gesien wat op die sabbat die parskuipe trap en vragte koring, op esels gelaai, inbring, en ook wyn, druiwe en vye en allerhande vragte met goed, en dit op die sabbatdag in Jerusalem inbring; en ek het hulle gewaarsku op die dag toe hulle lewensmiddele verkoop het.**

**Neh 13:16 Ook die Tiriërs wat daar gewoon het, het vis en allerhande koopware ingebring en op die sabbat aan die kinders van Juda selfs in Jerusalem verkoop.**

**Neh 13:17 En ek het met die edeles van Juda getwis en vir hulle gesê: Watter verkeerde ding is dit wat julle doen, dat julle die sabbatdag ontheilig?**

**Neh 13:18 Het julle vaders nie so gehandel, sodat onse Elohim oor ons en oor hierdie stad al hierdie onheil gebring het nie? Ja, julle vermeerder die toornloed oor Israel deur die sabbat te ontheilig!**

**Neh 13:19 En sodra dit in die poorte van Jerusalem voor die sabbat donker was, het ek gesê dat die deure gesluit moes word; en ek het gesê dat hulle dit nie mag oopmaak tot ná die sabbat nie, en van my mense het ek by die poorte aangestel: geen vrag het op die sabbatdag mag inkom nie.**

**Neh 13:20 Toe het die koopmans en handelaars in allerhande koopware 'n paar keer buitekant Jerusalem vernag.**

**Neh 13:21 Maar ek het hulle gewaarsku en vir hulle gesê: Waarom vernag julle voor die muur? As julle dit weer doen, sal ek die hand aan julle slaan. Van dié tyd af het hulle nie meer op die sabbat gekom nie.**

**Neh 13:22 Verder het ek aan die Leviëte gesê dat hulle hul moes reinig en kom as poortwagters om die sabbatdag te heilig. Dink ook hierom aan my, my Elohim, en ontferm U oor my na die grootheid van u goedertierenheid.**

Nehemia, soos baie ander Jode het besef hoekom hulle in ballingskap gegaan het. Dit is hoekom party Fariseërs oorboord gegaan het met die opmaak van wette en mondelingse tradisies wat NOOIT in die Skrif was nie. In die tyd van Yahshua, het die Jode deur 600 jaar van onderdrukking gegaan, eers deur Babilon, toe Persië, toe die Grieke en laastens die Romeine, wat die ergste was. Die Romeine het die Jode met 'n passie gehaat omdat hulle nie wou meng in hulle Griekse, heidense gebruike nie. Dit is hoekom die Israeliete in die tyd van Yahshua, vir hulle 'n werklike koningryk met 'n werklike koning voorgestel het. Hulle het geweet wat die

profete gesê het en ook dat Israel weer tot 'n koninkryk herstel sou word soos in die dae van Koning David. Hulle het geweet dat die Messias oor Israel sou heers vanaf Jerusalem.

**Hand 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?**

Hier het ons iets wat die Jode nie kon verstaan nie: hulle valse gode aanbiddery en Sabbat ontheiliging het 'n groter straf ten gevolge gehad as die baie jare van slaverny waaronder hulle gebuk gegaan het. Wat hulle nie verstaan het nie, was dat die koninkryk nie net in jou hart of 'n analogie was nie maar dat 'n ware koninkryk met die ware Messias vanaf Jerusalem sou heers.

**Ese 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.**

Die doodstraf het oor die hele nasie se koppe gehang en tog was nie een van hulle van dié feit bewus nie. Sodra jy die eer vir jou self gee omdat jy die Sabbat en Heilige dae eerbiedig, in plaas daarvan dat jy nederig die eer gee aan die Een wat hulle geskep het, mis jy die punt en verloor jy die seënige wat daarmee te paard gaan. Dit was die fout van Israel van ouds. Hulle het so eiegeregig geword omdat hulle Yahweh se Wette onderhou het (net soos party vandag), dat hulle nie die nodigheid van die genade raak gesien het nie en daardeur het hulle Yahshua as die Messias verwerp. Die ware gelowiges wat die noodsaaklikheid van verlossing deur die gestorte bloed van Yahshua raak gesien het, was wonderlik opgehef deur die spesiale dae want albei, die Sabbat en die Heilige dae wys ons na die verlossende werk wat die Vader doen deur die groot opoffering van Sy Seun Yahshua. Kom ons kyk deur die oë van geskiedenis om uit te vind hoe die vroeëre Sabbat en gebooie onderhouende gemeentes in die Heidense kerke verander het soos ons hulle vandag ken as “Christendom”.

Toe die Sabbat en die Heilige Dae omgeruil was vir die Heidense Romeinse dae van Paasfees (Easter), Sondag en Kersfees het dit eers in die tweede eeu tot verwesenlikheid gekom. Voor dit, soos ons bewys het, het al die gelowiges, insluitende die Heidense bekeerdes, die Heilige dae soos in **Levitikus 23** uit een gesit is, onderhou. Dit is nie 'n fokus punt in die Nuwe Testament nie, alleenlik omdat niemand die heiligheid of die gebod van dié dae bevraagteken het nie. Oorsteld van vreugde was die heidene toe hulle geënt was aan die boom van Israel. Hulle sou nooit daar aangedink het om die dae te verander nie. Die vroeëre Heidense bekeerdes was alreeds semi-Joodse gelowiges wat alreeds die Sabbat en Heilige dae onderhou het asook die dieet wette van **Levitikus 11** maar wat gestop het as dit gekom het by besnyding. In **Handelinge 13:14** sien ons dat Paulus in 'n Sinagoge ingegaan het op die Sabbat, dan gaan hy en verkondig dat Yahshua die Messias is en in vers 27 meld dit dat die “woorde van die profete vervul wat elke Sabbat gelees word.” Hy gaan verder om te sê dat alhoewel hulle (die Jode) daartoe gelei het tot Sy kruisiging, dat die Vader Hom op gewek het op die derde dag, volgens die skrif. Kom ons kyk na vers 42.

**Hand 13:42 En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word.**

**Hand 13:43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die regverdige Jode genote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer oorreed om in die genade van Elohim te bly.**

**Hand 13:44 En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van Elohim te hoor.**

Dié verse sê baie. As die Nuwe Testament gemeente Sondag inplaas van die Sabbat onderhou het, hoekom het die heidene saam met Paulus byeengekom op Saterdag (Sabbat)? Nog interessanter is die feit dat hulle meer wou hoor en hulle 'n hele week gewag het (sewe dae) tot die volgende Sabbat. Hoekom het Paulus nie vir hulle gesê (as hulle op die Sondag aanbid het) “Ek sal môre gedurende die normale Sondag aanbidding, verder gaan”. Die antwoord is baie duidelik: Paulus, net soos die vroeëre gelowiges (insluitende die heidene) was almal Sabbat onderhouers. Daar is nie een vers in die hele Heilige Skrif wat sinspeel op die afwyking van Sabbat na Sondag. (Dit het nie gebeur vir omtrent 'n 100 jaar).

Nou ja, wie volg jy, Yahshua die Verlosser en die Apostels, insluitende the vroeëre gemeente, of die Heidense, Romeinse, moordende biskoppe van die onheilige Romeinse Ryk? Of ook vir die wat glo dat die Sabbat elke dag is en sodoende Yahweh se Torah weg spiritualiseer? Die verse is baie duidelik. In die dae van die vroeëre kerk, net soos met die skepping, was daar 'n “Sabbat Dag”. Nêrens in die Skrif is die Sabat dag ooit uitgemaak as 'n spirituele idee of konsep nie. Soos vroeër in Matt 24:20 vermeld is: (na 'n tyd in die toekoms,

reg voor die Groot Tribulasie) **Matt 24:20 En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.**

**Heb 4:9 Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van Elohim;**

Yahweh se kinders sal die Sabbat onderhou en Hom eer as Skepper in die eind tyd. Aangesien Heilig tyd nie 'n probleem was vir die vroeëre heidene nie, wat het dan die kettery begin wat gelei het tot die verandering van die Sabbat en die Heilige Dae 100 jaar later? Ten eerste, laat ons bewys dat so vroeg as 50 N.M., valse leerstellings in die gemeentes begin inkruip het. In Paulus se brief, geskryf aan die Galasiërs, om en by 50 N.M., sê hy:

**Gal 1:6-7 Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Messias geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Messias wil verdraai.**

Ons sien hier dat om en by 50 N.M. valse leerstellings alreeds begin inkruip het.

Kettery het eintlik al voor dit begin met Simon die towenaar, sien **Handeling 8**. Hy was 'n bekende towenaar wat baie mense met sy valse tekens en wonders bedrieg en mislei het. Voor 50 N.M. was dit nie eintlik 'n groot probleem nie, maar wel daarna. Hoe het die valse leerstellings die Goeie Tyding verdraai? Eerstens, soos ons in 'n vroeëre hoofstuk gesien het, het baie van die heidene terug gegaan na hul Heidense gewoontes. (**Gal 4:8-11**).

Dit was 'n groot probleem omdat die Heidene besig was om terug te draai na hulle ou Heidense gewoontes. Daar is gesê dat dié verse na die Sabbat en die Heilige dae verwys, maar die heidene het nooit van die dae geweet nie, so hoe kon hulle terug draai na iets wat hulle nooit geken het nie? Hoekom sou Paulus vir hulle sê om nie die Heilige dae te eer en te onderhou, as hy die Heilige dae self geëer het?

Dit is hartseer, maar mense sal enigiets doen om die waarheid van die Skrif te rationaliseer. Toe ek uit gevind het van die leuens van die koperatiewe kerke wou ek vir soveel mense as wat ek kon die waarheid van die skrif vertel. Ek was baie naief om te dink dat mense gelukkig sou wees om die waarheid te hoor en nie langer bedrieg te word nie. Was ek verbaas toe ek besef het dat mense veeleerder met hulle leuens wil saam leef as om die waarheid aan te hang en te volg. Die waarheid is baie belangrik, ons moet dit lief hê en koester, of ons gaan dit verloor. Die vernaamste kettery in die vroeëre gemeente in 50 N.M. en daarna was Sinchronisme (Gelyktydigheid), Gnostisisme (Grieks vir Kennis) en Askese (Asceticism)-(aanbidding van engele).

**SINCHRONISME** is die gelyktydige vermenging van Heidense, mistieke en Skriftelike gebruike. Dit is moontlik die vernaamste sonde van die Christendom vandag. As jy ooit 'n studie gedoen het van die Katolieke mis sal jy al drie gebruike daarin sien. Begin met die aansteek van die kerse, dan die swart togas, ongetroude priesters, binnenshuise altaar, Maria aanbidding, standbeelde en afgode orals. Dit word saam gevat met die Eucharistie (Avondmaal), waar hulle glo dat die klein, ronde son- skyfie letterlik die liggaam van Yahshua word.

**GNOSTISISME** is afgelei van die Griekse woord vir kennis. Dit was 'n vermenging van Babiloniese geheime godsdienste gelowe en Griekse filosofie, met 'n bedekking van Skriftelike termes. Gnostisiste het geglo dat die Skriftelike beskrywings (soos die Skepping in Genesis) nie letterlik geneem moes word nie maar dat dit 'n hoër vorm van spirituele ontwikkeling was vir die hoër ontwikkelde Gnostisiste. Alles in Gnostisisme het 'n tweeledige en spirituele bedoeling gehad. Dit is waar die idee vandaan kom dat die Sabbat elke dag is. Watter persentasie van die Christendom is vandag gevul met dié menings? Yahweh word nooit geglo nie, daar word altyd ydele, nutelose analogieë van alles gemaak, en so doende word die heldere bedoelings verdoesel. Dit is waarom so baie wat hulle self 'n Christen noem, nie glo in die wederkoms van Yahshua na die aarde toe nie, en nog minder in 'n letterlike 1000 jaar millennium. Hulle glo dat die koningryk alreeds hier is, in hulle harte. Die duiwel se misleiding is baie groter as wat die meeste mense besef. Hy laat mense glo dat die tyd waarin ons lewe, Yahweh se koningryk is, maar in werklikheid sê Yahweh dat dit die ergste tyd in die geskiedenis van die mensdom is! Hoe kan dit ooit die koningryk van Yahweh wees as meer as 20 miljoen babatjies geaborteer word elke jaar? Daar is meer as 180 oorloë wat wêreld wyd gevoer word. Plae soos HIV saai verwoesting en miljoene mense sterf. Die Christendom word oortuig dat 'n groot herlewing besig is om te gebeur maar die werklikheid is dat die grootste verdrukking (tribulasie) voor die deur is. En dit kom – nie oor die groot herlewing nie, net die teenoorgestelde, want die mensdom het hul rug gedraai op die wette van Yahweh. Meeste mense, wat vandag op aarde is, sal nie lewe met die terugkeer van Yahshua nie. Dit het niks te doen met 'n herlewing nie

maar met rebelseid. Luister wat die profeet Jesaja skryf oor die groot verdrukking en die verwoesting wat dit sal veroorsaak.

**Jes 24:1 Kyk, Yahweh maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.**

**Jes 24:2 Dieselfde lot tref die volk en die priester, die slaaf en sy heer, die slavin en haar meesteres, die koper en die verkoper, die uitlener en die lener, die skuldeiser en die skuldenaar.**

**Jes 24:3 Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want Yahweh het hierdie woord gespreek.**

**Jes 24:4 Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag.**

**Jes 24:5 Want die aarde is onheiligh onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.**

**Jes 24:6 Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor.**

Ek daag jou uit – ondersoek wat jy glo. Neem die tyd en een vir een bewys aan jou self dat wat jy glo in die Skrif is of is dit deel van ou kettery. 'n Ander Gnostisismiese geloof was dat alle materie gepaard gegaan het met euwel. Dit is waarom Paulus in **Kol 2:16 sê: “Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie.”**

Gnostisisme, soos enige goeie verklaring vir jou sal vertel, was 'n groot probleem van die Kolosense. Aangesien Sabbat en Heilige dae (behalwe vir Versoeningsdag) Fees dae is, sou die gelowiges saam geëet het op die spesiale dae, net soos baie vandag in die gemeentes nog doen. Maar die Gnostisiste het gedink dat voeding van die vlees onheiligh was en nie-spiritueel en hulle het die gelowiges veroordeel omdat hulle die Sabbat en Heilige dae so gevier het. Interessant om op te let dat die viering van die dae nooit bevraagteken was nie, maar HOE die dae gevier was.

Gnostisiste het ook geglo dat hulle 'n hoër kennis gehad het wat nie van die Skrif gekry kon word nie maar alleenlik van hulle. Moderne Vrymesselaars is gedeeltelik afkomstig van die Gnostisisme. In Vrymesselaars, werk jy jouself op deur die range tot die 31ste of 32ste graad en op elke rang word jy voorligting gegee oor die valse kennis of wat hulle die waarheid noem. Meeste van die moderne Vrymesselaars, net soos Gnostisisme, is Heidene en demonies. Baie van die rituele, uit gevoer in die hoër stand, is identies met rituele van toordery en satanistiese aanbidding.

Die drie-eenheid is nog 'n valse kettery. Meeste mense wat in die drie-eenheid glo besef nie wat hulle beken as hulle dit sê nie. As jy in die drie-eenheid glo, dan verloën en ontken jy ons Meester Yahshua!! Die “Catholic Encyclopedia” omskryf die drie-eenheid soos volg: “the Father, Son and Holy Spirit are three hypo-stases or personalities of one being.” Ek mag 'n goeie bofbal en korfbal speler wees, twee karaktertrekke van my, maar ek is nog net een persoon. Dit is die drie-eenheid geloof. Die “Catholic Encyclopedia” gebruik die analogie van die Son. Die Vader is die son, Jesus is die strale van die son (een aspek van sy persoonlikheid), en die Heilige Gees is die glans. Maar laat ons logies wees. Dit sê nogtans dat daar net een son is. Dit is waarom dit nodig is dat jy bewus moet wees van alle tiepe spirituele analogië wat tot nêrens lei. 'n Analogie is alleenlik so goed soos die waarheid waar dit jou na toe lei.

Daar word ook gesê dat die Vader Homself uitgestort het en die seun geword het. Dit is die ontkenning van die Vader en die Seun. Die Skrif is baie duidelik: **Gen 1:1 “In die begin het Elohim die hemel en die aarde geskape”.** Elohim is 'n meervoud, Eli is een, Elohim beteken meer as een. **Gen 1:26 “Laat Ons mense maak na Ons beeld.”** Weer meer as een. **Joh 1:1 “In die begin was die Woord (Yahshua), en die Woord was by Elohim(Yahweh) en die Woord was Elohim.”** Die eie naam van Yahweh is die familienaam of van. Yahweh die Vader en Yahweh die Seun, Yahshua. My familie naam of van is Esposito dus is my vader Esposito. Dit is baie moeilik vir die Jode om te aanvaar, dat daar meer as een lid in die Elohim familie is, maar dit is duidelik in die Ou Testament. **Deut 6:4 “Hoor Israel, Yahweh onse Elohim is 'n enige Elohim.”** Die woord “enig” hier is die Hebreeuse woord “echad”, wat letterlik beteken verenig/een word. Dit is dieselfde woord wat gebruik word as 'n man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aanhang en die twee word een (echad-verenig).

Yahweh is nie 'n drie-eenheid nie maar 'n familie. Hy het Sy enigste Seun, Yahshua, op geoffer, maar deur die offerande bring Hy baie mense na saligheid/verlossing.

**Joh 12:24** Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.

Kry die feit korrek: die drie-eenheid misken die bestaan van die Vader en 'n Seun. Ek kan die feit nie genoeg beklemtoon nie. Asseblief bestudeer dit meer en meer op jou eie. Die Skrif is duidelik! Die Vader het Homself nie uit gestort en die Seun geword nie. Die Seun bestaan met die Vader van ewigheid.

**Joh 17:5** En nou, Vader, verheerlik My by Uself (twee wesens) met die heerlijkheid wat Ek by U (twee) gehad het voordat die wêreld was.

Dit is die Heilige Gees (Ruach HaKodesh) wat Hulle een maak. Hulle is in perfekte harmonie. Dieselfde denke, dieselfde liefde, dieselfde gees, maar twee kenmerkende, verskillende Wesens.

**Mat 26:39** En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Yahshua het sy eie wil, maar van ewigheid af het Hy Homself vrywillig onderwerp aan die perfekte wil van Sy Vader. As jy dié feit ontken, van twee verskillende wesens maar een Gees, ontken jy die Verlosser. Dit was 'n groot probleem om en by 60-100 N.M. van die Gnostisiste. Hulle het gesê, (alhoewel die Skrif dit nie sê nie), dat jy die hoër spirituele kennis deur hulle (Gnostisisme) kon leer.

Lees nou **1 Johannes 2:18-27** want dit is die presiese kettery waarmee Johannes te doen gehad het, die ontkenning van die Vader en die Seun, dat die Vader die Seun was wat uitgestort is.

**1Jo 2:18** Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antimessias kom, bestaan daar ook nou baie antimessiasse, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.

**1Jo 2:19** Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.

**1Jo 2:20** En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.

**1Jo 2:21** Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.

**1Jo 2:22** Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Yahshua die Messias is? Dit is die Antimessias wat die Vader en die Seun loën.

**1Jo 2:23** Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

**1Jo 2:24** Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

**1Jo 2:25** En dit is die belofte wat Hy ons beloof het, naamlik die ewige lewe.

**1Jo 2:26** Dit het ek aan julle geskrywe met betrekking tot die wat julle mislei.

**1Jo 2:27** En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

Johannes sê nie vir die gelowiges dat daar nie predikante of geordende dienaars is nie, soos party probeer het om die Skrif te verdraai om te sê. Johannes praat spesifiek van die Gnostisiste se kettery wat sê dat die Vader "Homself uit gestort het" en die Seun geword het, en dat Hulle dieselfde wese is, maar met verskillende gehalte eienskappe van die wese. Dit is presies wat die Drie-eenheidsleer promoveer – een wese met drie persoonlikhede. In **Johannes 8:17-18** sê Yahshua Homself dat Hy en die Vader twee wesens is. **Joh 8:17** En dit is ook in julle wet geskrywe dat die getuigenis van twee mense waar is. **Joh 8:1** Dit is Ek wat van Myself getuig; en die Vader wat My gestuur het, getuig van My. Na aanleiding van die Gnostisiese leer van die drie-eenheid, as die Vader en die Seun dieselfde wese is, wie het dan vir Yahshua uit die dood uit op gewek? Die drie-eenheid is nie korrek nie. Dit was kettery toe en is vandag nog. Johannes noem dit die leerstelling van die Anti-Messias.

**ASKESE** (Asceticism) is die laaste van die ketery. Dit is die aanbidding van die engeleskaar. Weereens met die leerstelling, word die geskrewe Woord van Yahweh tot niks meer gemaak as geestelike analoë waar iemand se geloof alleenlik afhanklik is van hulle emosies, wat blindelings verwar word met die Heilige Gees. Weer het die mense gedink dat alles wat met die vlees te doen het (soos die Sabbat gemeenskap maal) van negatiewe energie was. Baie "New Age" denke kom van die tiepe gedagtes. Dit sit jou in 'n fantasie wêreld, waar na 'n tydperk jy

nie die verskil kan sien tussen fantasie en realiteit. Ek het so 'n persoon ontmoet in 1991 op 'n vliegtuig, die dag toe die Golf oorlog met Iraq begin het. Amerika en die geallieerde magte het net die vorige nag Saddam Hussein swaar gebombadeer. Ek vra toe vir die persoon wat hulle van die oorlog dink. Die persoon vertel my toe dat daar geen oorlog is nie, want om aan oorlog te dink, bring net negatiewe energie. So, hulle dink net nie daaraan nie en dan is daar nie 'n oorlog nie. Dit mag miskien snaaks klink vir jou, maar dit is nie snaakser as om te sê dat die Koningryk van Yahweh hier is of dat die Vader Homself uit gestort het en die Seun geword het nie. David was 'n regte koning. Israel is 'n regte koningryk waar hy geheers het. Net so sal Yahshua letterlik terug kom aarde toe en heers van af Jerusalem. As ons nie wakker skrik vir die realiteit en begin om die Heilige Skrif daagliks te lees en dit letterlik te glo nie, sal die dag ons onverhoeds betrap. Die 1ste eeu se gemeente het in 'n letterlike Koningryk geglo. Hulle het die filosofiese kettery hand en tand beveg. Hulle het die waarheid lief gehad. Die leuens het begin met Simon die Townenaar (**Handelinge 8**), en soos die Apostels en die leiers begin afsterf het, het die kettery en leuens erger geword.

### **2Ti 3:13 Maar mense sonder Elohim en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word.**

Wat die bedrog versnel en laat voortbestaan het was die anti-Semitisme wat vinnig gegroei het in die Romeinse Ryk en die Midde Ooste. Die Keisers het hard probeer om stabiliteit in die ontsaglike groot, groeiende koningryk te bring en om die hele streek te probeer vergrieks (Hellenize). Dit het beteken dat die Griekse filosofie en Heidense afgode aanbidding op die mense af gedwing moes word om 'n eenvormige volk te kry met groter vrede en kontrole. Die Jode, wat in een Elohim glo en nie in baie valse afgode nie, sou nie toelaat dat dit in Israel gebeur nie. 'n Ernstige anti-Semitiese veldtog begin teen die Jode en gelowiges, wat gesien was as 'n Joodse sekte deur die Romeine. Onthou, hulle het die Torah, Sabbat ens. gehou.

In sy boek "Elohim's Church through the Ages", verduidelik John Ogwyn dié tyd's duur. Gedurende die laaste deel van die eerste eeu en die begin van die tweede, het die Romeinse wêreld al hoe meer vyandig teen oor die Jode geword. As straf, word uiterste onderdrukkende wette en belastings teen hulle gebring. Tussen die eerste (66-73 N.M.) en tweede (132-135 N.M.) Joodse opstande was daar baie gewelddadige anti-Joodse programme in plekke soos in Alexandria en Antiochië. Die Jode kom in opstand teen die programme in Mesopotamië, Palestina en Egipte.

Herhaaldelik word gelowiges die slagoffers van die opstande want hulle word deur die owerhede as 'n sekte van die Joods geloof beskou. Nietemin word hulle ook deur die Joodse "vryheidsvegters" as verraaiers van Judaïsme en Joodse politieke aspirasies beskou, omdat hulle nie langs die res van Israel geveg het nie. Gedurende die tyd word honderde duisende sinagoge's verwoes as ook gelowiges wat op die Sabbat aanbid en die Skrif bestudeer aan bande van die Romeine of die gespuis.

Gedurende die gevaarlike era, begin die Roomse Kerk, onder Biskop Sixtus (116-126), Sondag aanbidding en dienste te hou en vervang die jaarlikse Pasga met Paas Sondag en die Avondmaal. Dit is 'n duidelike rekord deur Eusebius van Caesarea, 'n laat derde en vroeë vierde eeuse geleerde, wat bekend geword het as die "vader van kerk geskiedenis". Eusebius het sy informasie van 'n brief van Irenaeus, biskop van Lyons (c. 130-202 N.M.) aangehaal en aan die biskop Victor van Rome gestuur. Dr. Samuele Bacchiocchi, in sy boek "From Sabbath to Sunday", erken "Daar is 'n wye ooreenstemming van opinies tussen geleerdes dat Rome inderdaad die geboorte plek is van Paas Sondag. Sommige, regverdiglik, bestempel dit as "Romeinse Paasfees". (Bl. 201).

Dit was gedurende die tydperk, 66 N.M. – 135 N.M., dat die anti-Semitiese houding gelyk het tot die verwerping van die Sabbat, Torah en Heilige Dae en gelei het tot die aanhang van die Helleense gewoontes van die Romeinse Keisers. In 66 N.M. het die Jode in opstand gekom teen die Romeine en was verslaan. In 68 N.M. na die dood van Nero, het Titus en sy seun die opstand onderdruk. Dit het geëindig met die verwoesting van die Tempel en Jerusalem in 70 N.M. Die gelowiges het 'n paar maande voor dit na Pella, 'n stad noordoos van Jerusalem gevlug. Nooit ooit weer het die Jerusalem gemeente die gesag gehad wat hulle gehad het onder Jakobus en Petrus. Aan die einde van die 1ste eeu, het die leierskap van die gemeente na Klein Asie vertrek onder leiding van die Apostel Johannes en sy dissipel, Polycarp. Joodse haat het aangehou gedurende die tydperk en het tot 'n punt gekom onder die Romeinse Keiser Hadrien in 135 N.M.

In 132 V.M. het die Jode weer in opstand teen die Romeine gekom. Hadrien, wat die opstand onderdruk het (in 135 V.M.), het van af 117 tot 138 V.M. geregeer en het streng wette en wrede strawwe op die Jode gelê net soos

van die Romeinse Keisers voor hom. Van die Jode was verwag om meer belasting as enige ander persoon te betaal, en dit was onwettig om die Feesdae to onderhou. Aan dié veeleisende wette was die volgende geheg:

1. “Die doodsvonnis vir Sabbat onderhouding
2. Die doodsvonnis vir Skriftelike studies
3. Die doodsvonnis vir besnyding van kinders
4. Die doodsvonnis vir enige Jood wat in Jerusalem ingaan of woon.

Dit was die werklike keerpunt. Vir die ware gelowige was die Jode, en enige iets wat te doen het met Judaïsme, verag. Die westerse kerk in Rome het alreeds verval in vele kettery en geloofs versaking. En dit was hier dat die kerk weg geskeur het van die Sabbat, Pesach gelowiges in Klein Asië en gedraai het na die Heidense kerk in Rome, met Sondag en Paasfees.

Die Romeinse Heidense gelowiges het nie gedink dat dit die moeite werd was om vervolgt te word deur die geboories te onderhou nie, as jy in aanmerking neem die anti-Joodse sentiment. “Romeinse owerhede beskou enige persoon as Joods wat die Sabbat onderhou, so word nie-Joodse gelowiges mishandle as of hulle Jode was. Toe die wreedaardige vervolgings begin het, het baie nie Joodse heidene verkies om nie as Jode geetiketteer te word nie. Om die owerhede te oortuig dat hulle nie Jode is nie, het meeste van die Heidene die “Joodse” wette en die “Joodse” feeste verwerp.

Onthou, die Romeine het teen die tyd, die grootste deel van die ontwikkelende wêreld beheer. Hulle was wrede diktators. Hulle wou niks te doen gehad het met die Elohim van Israel nie. Yahshua homself was gekruisig omdat Hy gesê het dat Hy ’n koning is. Die vroeëre gelowiges was gewillig om te sterf omdat hulle die waarheid so life gehad het. Al twaalf die Apostels het gesterf as martelaars. Hulle het besef dat gehoorsaamheid beter was as opoffering. Hulle het ook besef dat ons belonging in die Koningryk van Yahweh is en nie die wêreld wat deur satan beheer word nie. Hulle het vas gestaan vir die waarheid, hulle sou glad nie kompromitteer nie.

Soos die 2de eeu aan sy einde kom en die 3de eeu in beweeg, het die skeuring in die gemeente wyer en wyer geword. Teen die einde van die 2de eeu het Polycrates die leierskap oorgeneem van Polycarp (wat tot die dood toe gemartel was) in Klein Asië. Victor, Biskop van Rome, probeer om die gemeentes te intimideer om die Romeinse Heidense Paasfees te vier en om die Skriftelike Pasga te ontken. Hier is Polycarp se oorspronklike brief aan Victor: “Ons derhalwe vier die ware Pasga datum, sonder om by te tel of af te trek. Omdat groot ligte in Asië aan die slaap geraak het, maar wat weer sal opstaan in die dag van ons Messias se wederkoms, waarin Hy sal kom in glorie van die hemel en die heiliges sal opwek. Philip, een van die 12 Apostels, wat slaap in Hierapolis....Johannes, wat gerus het op die boesem van ons Meester....Polycarp van Smirna, almal van hulle het die 14de dag as die Pasga gevier ooreenkomstig met die Evangelies, sonder afwyking het hulle die voorskrif van die geloof gevolg, en my familie het altyd die dag gevier wanneer mense die suurdeeg uit hulle huise gegooi het, die 14de van Abib. Dus my broeders, is ek nou in my 65ste jaar in die Messias, wat beraadslaag het met die broeders oor die wêreld, wat die hele heilige skrif bestudeer het, is nie die minste beangs oor die dinge waarmee ek bedreig word nie om my te intimideer. Want hulle wat groter is as ek het gesê ons moet YAHWEH gehoorsaam eerder as die mense”.

Die verdeling het aan gehou tot omtrent 315 N.M. Toe ’n Romeins keiser by name Konstantyn ’n visioen gehad waarin hy ’n kruis gesien het. Die volgende dag het hy ’n beslissende oorlogs oorwinning gehad en net hier beweer hy dat hy ’n Christen is. Hy weier om gedoop te word of om sy Heidense praktyke te verander maar verklaar tog dat Christendom die staats geloof is. Konstantyn laat sy vrou en seun vermoor. Luister wat vertel Gibbons ons oor Konstantyn se Son Aanbidding: “Konstantyn se religieuse toewyding was besonder gevestig op die genie van die Son....en hy het behae daarin geskep toe hy die simbole van die Elohim van Lig en Poësie geskenk was. Die onfeilbare straal van die Elohimheid, die helderheid van sy oë, wys na hom as die beskermheilige van ’n jong held. Die altare van Apollo was gekroon met dankoffers van Konstantyn, en die goedgelowige massas word geleer dat die Keiser toegelaat word om met die oë van ’n sterfling die sigbare majesteit van hulle beskermengel te sien....Die Son was algemeen verheerlik as die onsterfbare gids en beskermmer van Konstantyn.” (The Triumph of Christendom, p.309).

Kom ons wees eerlik. Konstantyn was ’n moordadige sonaanbidder voor sy sogenaamde bekering, en ook daarna. Hy, net soos sy Romeinse voorgangers, wou net onderwerping hê. In 325 N.M. begin hy die Raad van

Nicea. Dit was van dié raad wat die Romeinse wette gekom het van Sondag aanbidding, Paasfees as ook die lering van die drie-enige. Dit is die ruseltaat van sy edik:

Raad van Nicea 321 N.M. en die Raad van Laodicéa 363 N.M. 'n Raad oor die saak van die drie-enigheid en Paasfees. Die kerk word onder een gesag gebring, van Konstantyn die Keiser na die Biskop van Rome wat hy sal opstel. Die Roomse Kerk stel die Nicea Sondag wette amptlik in werking. Enigeen wat gevang word wat die Jode navolg (onderhou die Sabbat en Heilige dae) word gestraf met die dood. Konstantyn se verder dat alles wat verplig was met die Sabbat sal verander word na die Sondag, die agbare dag van die Son. Ons sal niks te doen hê met die vyandige gespuis van die Jode nie. **(Dan 7:23-25)** Die Katolieke Kerk verlaat die waarheid totaal vir absolute Heidense praktyke, verloor identiteit. Kersfees word ook ingestel die tyd.

Konstantyn maak ook 'n wet dat enigeen wat gevang word wat die Jode navolg (onderhou van die Sabbat, Heilige dae) sal beslag op hulle huise gelê word en hulle sou tot die dood veroordeel word. Dit veroorsaak dat baie ware gelowiges van die Romeinse Ryk ontvlug na die Ooste. Baie skuil in die berge van Armenia, die Balkans en selfs so ver as Sjina om weg te kom van die vervolging. Maar hulle het die waarheid lief gehad en daaraan vasgeklou. Hier is deel van die oorspronklike brief van Konstantyn oor die wet aan die ware gelowiges, waarin hy hulle aansê om by die Roomse Katolieke kerk aan te sluit of:

-----“ Tot hiertoe dan, omdat dit nie langer moontlik is om julle verderflike foute te verdra nie, waarsku ons julle met die huidige geskrewe wet, dat nie een van julle voortaan sal waag om bymekaar te kom nie. Ons het hiermee bevel gegee dat julle van al die huise waar julle gereeld bymekaar kom ontnem sal word: en (ons) belet die hou van julle bygelowige en onverstaanbare Sabbat byeenkomste, nie in die openbaar alleenlik nie, maar in enige privaat huis of plek.....

Neem die baie beter uitweg en kom na die Katolieke Kerk...Ons het julle beveel..... dat julle beslis ontnem word van elke vergadering vir julle begelowige byeenkomste. Ek bedoel elke huis van aanbidding....en dat dié sonder versuim aan die Katolieke Kerk gegee word; dat enige ander plekke gekonfiskeer sal word vir publieke dienste, EN DAT GEEN FASILITEITE VAN WELKE AARD OOK AL VIR JULLE GELOS SAL WORD VIR TOEKOMSTIGE VERGADERINGS, dat van vandag af, nie een van julle onwettige byeenkomste en die publiek of in privaat plekke mag plaas vind nie”.

Hier is 'n aanahling van John Ogwyn met betrekking tot waar die mense gegaan het.

“Nadat Konstantyn begin het met die sistematiese handhawing ingevolge die Romeinse teologie in 325 N.M., was die oorblywende gelowiges van die ware gemeente gedwing om die grense van die Romeinse Ryk te ontvlug na Armenië as ook na die Balkan areas van Europa. Hulle was min in getalle, heeltemal sonder prestige of rykdom en bestempel as vyande van die staat deur die sogenaamde “Christen” Romeinse Ryk. In Elohim se oë was hulle kosbaar. Dit was nie die doel van Elohim dat Sy ware gemeente in 'n groot, magtige organisasie wat die wêreld sou “Christaniseer” moet groei nie. Sy ware Gemeente moes 'n “klein kudde” bly (Luk 12:32). Sy kontinuiteit sou gemeet word, nie aan 'n troonopvolging van verwaande, magtige heersende biskoppe in 'n spesifieke dorp nie **(Heb 13:14)**, maar deur 'n opvolging van getroue, bekeerlinge wat, alhoewel verspreid en vervolg, volhard om die Vader in die gees en waarheid te aanbid **(Joh 4:23-24)**. Daar sou tye wees wanneer Elohim getroue leiers sou ophef om Sy mense te besiel, al was dit net in sekere plekke. Daar was ander tye toe Yahweh se gemeentes aanhoudend voorgekom het in sulke verspreide onbeduidendheid dat hulle net sigbaar was vir Yahweh. Nietemin het dit nooit uitgesterf nie.

Ongeag hulle omstandighede, het die mense wat getrou aan die ware Gemeente van Yahweh gebly het deur die eeue, 'n diep, blywende lojaliteit en verbintenis tot Elohim gehad en die beoefening van Sy Waarheid. Hulle het sy Gebooië gehoorsaam **(Op 12:17)** en was gewillig om getrou te wees aan hulle roeping, selfs tot die dood!”

In die boek van Daniël word die hele geskiedenis van die tyd van die Babiloniese gevangeskap tot met die tyd van Konstantyn voorspel. Daniël sien 4 diere. Die eerste was Babylon. Die tweede was Media-Persia. Die derde was Griekeland en die vierde Rome. Die vierde het 10 tone, wat 10 vervolgings was van die Joodse nasie en Yahweh se mense, die laaste die van Konstantyn. **Dan 7:23-25** sê dat hy tye en wette sal verander en hy het dit gedoen. Hy het die Sabbat, wat wys na Yahweh as die Skepper van die Heelal verander na Baäl se dag (Sondag). Soos Konstantyn dit genoem het: “Die eerbiedwaardige dag van die son”. Vroeëre Katolieke geskiedkundiges soos Irenaeus, Justin Martyr, Ignatius, Origen en Tertullian kom almal van die Heidense Romeinse agtergrond. Hulle was Katolieke geskiedkundiges wat, al het party die regte motiewe gehad, Heidense praktyke gemeng het en sodoende die Skrif verdraai het. Alleenlik die ware gelowiges, wat vas gehou het aan die



waarheid onder erge vervolging en selfs die dood, het by die waarheid gebly. 'n Verbasende feit is dat van dat die Yster gordyn in 1989 geval het, het sekere groepe aanspraak daarop gemaak dat hulle afstammeling is van die mense tot so ver as Sjina. Hulle is gelowiges in Yahshua wat die Sabbat, Heilige Dae en die Gebooië vir eeue gehoorsaam het. Wat baie nie besef nie is dat die boek van Daniël, soos baie profesieë, tweeledig is en wat nog volbring moet word in ons tyd. Daar sal weer 'n opstanding wees van die onheilige Romeinse Ryk en 'n ander leier soos Konstantyn, wat baie regverdig sal voorkom maar wat die ware gelowiges sal vervolg.

Nou moet ek vir jou 'n baie ernstige vraag vra: Wie is jou Meester? Aan watter gemeente behoort jy? Die een wat Yahshua begin het omtrent 2000 jaar gelede, soos die vroeëre gelowiges wat die Gebooië gehoorsaam het en wat Sabbat en die Heilige Dae onderhou het, of is jou meester Konstantyn? Behoort jy aan die selfde gemeente as die ware gelowiges, die wat gesterf het of is Konstantyn jou leier met sy Heidense Son-dag, Paasfees, die Drie-enige en Kersfees ens. ens. Ek probeer nie om aanstoot te gee nie, maar dit is 'n te ernstige vraag om nie te vra nie. Dit is nooit te laat. Yahshua het gesterf sodat ons nie langer in gevangenskap aan die sonde sal wees nie. Jy kan tot bekeering kom en terug draai na ons Skepper en sy Woord gehoorsaam. Hy is getrou om die wat berou het en Hom volg in die gees en waarheid, te vergewe.

Dit is die ware geskiedenis van die vroeëre gelowiges en ook hoe die waarheid van Yahweh gedraai is tot 'n leuen. Jy kan maar vra hoekom Yahweh dit kon toelaat om te gebeur. Maar onthou net, satan het die hele wêreld bedrieg (**Op 12:9**). Yahweh het ons so lief dat Hy ons vrye keuses gee. Dit is ware liefde. Nie om jou wil op ander af te dwing nie. Hy gee vir ons Sy ewigdurende Woord, en vertel ons van die seëninge vir gehoorsaamheid en vervloekings vir ongehoorsaamheid in **Deut 28 en Lev 26**. Hy sê: **Ek plaas voor jou lewe of dood**. Want die loon van die sonde (ongehoorsaamheid) is die dood (**Rom 6:23**), maar die genadegawe van Elohim is die ewige lewe in Yahshua, ons Messias. Jy hoef nie langer bedrieg te word nie.

Jubel dat Yahweh jou die dinge gewys het. Draai weg van die Heidense aanbidding van Babilon, Egipte, die Grieke en Rome, en volg die pragtige liefdevolle gebooië wat ons Hemelse Vader so wonderlik met ons deel. Neem die stap in geloof en aanbid Yahweh in die gees en waarheid. Ek kan jou waarborg dat daar 'n seëning op jou wag.

#### HOOFSUK 4 – WET & GENADE

As jy praat van die groot afvalligheid, is daar nie 'n groter misleiding gepleeg deur satan as die van die wet en genade/grasie. Dit is die mees fundamentele, en tog die mees misverstaande leer in die liggaam van Messias vandag. Satan het die valse idee verpand dat Yahshua deur Sy ontsettende lyding van gesel en teregstelling gegaan het, nie om ons **van** ons sondes te red nie, maar **in** ons sondes. Asook, dat die Seun 'n ander kode van gedrag gehad as Sy “streng” Vader en dat Hy gekom het om ons te red van Sy Vader se streng, wrede wette, in plaas van boete vir die breek van die wette. Dit is hartseer om te sê, maar meeste Christene het dié leuen geglo en aanvaar. Satan weet dat die mensdom nie die fisiese verstand of intellek het om Yahweh se wette lief te hê.

**Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen Elohim is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van Elohim nie, want dit kan ook nie.**

Satan het op die mens se selfsugtigheid, ydelheid, wellus van oog en hoogmoed van af die Tuin van Eden gespeel. Yahweh het sy reëls (wette) neergelê vir Adam en Eva, Hy het aan hulle verduidelik reg (geregtigheid) van verkeerd (sonde). Hy het hulle vertel om Hom te glo en te vertrou (geloof). Wat het Satan toe gedoen? Hy vertel hulle om hulle self te vertrou. Satan vertel hulle dat die rede hoekom Yahweh hulle van sonde wou weerhou was nie vir hulle beswil nie maar om hulle te weerhou van geluk. Hulle het die leuen geglo en die straf betaal. Die Dood!

**Ese 18:4 Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe.**

**Wat is sonde? 1 Joh 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.**

Elke vleeslike intellektuele wese vanaf Adam en Eva (uitsluitende Yahshua) het ook die leuen aanvaar. Elke vleeslike verstand is heeltemal selfsugtig, wellustig, verwaand en moet tog nie vergeet van gierigheid. Dit is mensheid! Ons haat dit om so blatant te wees, maar dit is waar. Weg van Yahweh se Gees wat in ons moet leef, is daar niks goeds in enige een van ons nie. Luister na wat Yahweh sê oor die mense wat Hy geskape het:

**Gen 6:5 Toe Yahweh sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was,**

**Gen 6:6 het dit Yahweh berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.**

**Gen 6:7 En Yahweh sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdag, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het.**

Dit is nugtere woorde die. Dit moet ons absoluut nederig laat voel as ons sulke verse lees. Slegs deur die oordrag van die Ruach HaKodesh (Heilige Gees) kan ons begin om die gesindheid van ons Messias aan te neem. Selfs dan, tensy ons ons dwarsbalk daagliks optel en ons self ontsê of verloën, sal ons nooit werklik verander nie. Omtrent 2000 jaar gelede het Yahshua Messias na die aarde toe gekom, nie om weg te doen met Yahweh se ewige wette nie, maar om weg te doen met ons Elohimdelose menslike geardeid.

**Jes 55:9 Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.**

Hy het nie gekom om ons van die wet te red nie maar van sonde. Hy het nie gekom om van die wet ontslae te raak nie, maar van die vyandskap (haat) wat die mensdom het teenoor dit.

**Ps 19:8 Die wet van Yahweh is volmaak: dit verklik die siel; die getuienis van Yahweh is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.**

**Ps 19:9 Die bevel van Yahweh is reg: hulle verbly die hart; die gebod van Yahweh is suiwer: dit verlig die oë.**

**Ps 19:10 Die vrees van Yahweh is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van Yahweh is waarheid—tesame is hulle regverdig.**

**Ps 19:11 Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop.**

**Ps 19:12 Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.**

Die Vader en die Seun het nie Hulle perfekte, ewigdurende wet met ons gedeel om ons te belas nie, maar om ons te wys na die enigste weg na ware geluk. Yahweh se wet (almal), is 'n perfekte wet van liefde. Eerstens leer dit ons om Yahweh lief te hê met ons hele hart, verstand en krag. Ten tweede, hoe om ons naaste lief te hê soos ons self. Elke wet wat Hy ons gegee het, was vir ons welsyn.

**Deu 10:12-13 En nou, Israel, wat eis Yahweh jou Elohim van jou as net om Yahweh jou Elohim te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en Yahweh jou Elohim te dien met jou hele hart en met jou hele siel, om te hou die gebooe van Yahweh en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?**

Die mens, in sy vleeslike, immorele toestand kan nie en wil nie besluite neem gebaseer op die liefde van Yahweh nie. Die oorwegings en idees van die mens is ydelheid/leegheid/onwerklik/nietigheid/ en selfsug. Jy mag dink dat dit te vrak/streng/hard/wreed is, maar dit is nie. Alleenlik wanneer jy tot die besef kom van jou algehele waardeloosheid sonder Yahshua, kan jy begin om genade te kry. Alleenlik wanneer jy innerlik jou totale hulpelose toestand erken en jou absolute afhanklikheid van Yahweh, kan jou genade begin. Jy moet die afhanklikheid hê, nie net elke dag nie, nee, elke sekonde van elke dag, om die nodige neederigheid te hê vir ware genade. Daar is 'n probleem met die manier hoe mense vandag genade definieer. Hulle wil nie aanvaar dat hulle totaal onbekwaam is om Yahweh se Torah te gehoorsaam nie. Nog minder wil hulle, hulle self totaal oorgee aan Hom sodat hulle sonde kan oormeester. In plaas daarvan word genade vervang met 'n goedkoop genade – 'n vinnige gebed, 'n emosionele ervaring – en terug na die ou sonde gevulde, selfsugtige lewe. Ware genade is nie om Yahshua in jou lewe te aanvaar/ontvang/ nie maar om 'n splinternuwe lewe in Hom te begin. Jy moet tot die besef kom dat apart van Hom, elke daad wat jy in die vlees gedoen het tot self was. Jy werk om jouself te voer, te klee, te beskerm. Jy koop hope nuwe klere, karre en juwele terwyl baie in die wêreld nie eers kos het om te eet nie. Om ware genade te ervaar, moet ons erken dat, selfs op ons beste, is ons totale mislukking, sonder die gestorte bloed van ons Messias. Hy het nie gesterf om ons van die Wet te red nie, maar VAN ONS SELF.

Die probleem met Torah is nie eintlik die Torah self nie, dit is die onvermoë om die hart te verander. Die Torah kan jou leer wat reg en verkeerd is maar kan jou nie maak om reg te kies nie. So, vir 4,000 jaar tot en met die lewe, dood en opstanding van Yahshua Messias het mense altyd die verkeerde beslissings gemaak. Dit is soos 'n alkoholis wat weet dit is verkeerd om dronk te word maar wat homself nie kan beheer nie. Onder die nuwe verbond het Yahshua ons daarvan verlos. Hy het ons nie van die Torah bevry nie maar van sonde. Die Torah kan slegs vir jou vertel wat reg en verkeerd is, maar kan jou nie maak om dit wat reg is te kies nie. Die hernieu/vernuwe/ verbond gee vir jou 'n nuwe Gees (Ruach HaKodesh) wat jou oortuig om die regte ding te doen. Nie langer neem die alkoholis die drankie nie, hy wil nie. **Gal 3:21** sê dat as daar 'n wet was wat vir ons saligheid kon gee, Yahweh dit sou gegee het. Maar die wet kan jou slegs na geregtigheid lei. Dit is die Ruach wat jou regverdig. Dink net vir 'n oomblik. Hoe het die mens, in die eerste plek, in die moeilikheid gekom voor Yahweh vir ongeregtigheid? Sonde! Rebelle! Sou Yahshua sterf om weg te doen met die Wet of sonde (rebellie)? As jy glo dat die Torah teen die boom vas gespyker is, dan sê jy dat Yahshua gesterf het om sonde te wettig. Dit is om te sê dat ons 'n probleem het in ons buurt omdat by drie huise ingebreek was laas week. Jy het nou 'n buurt vergadering met die burgemeester om die probleem op te los. Die burgemeester kom na die vergadering en vertel die inwoners: "Mense, die probleem is opgelos. Ek het nou net die inbraak by huise wettig verklaar. Daar is nie meer 'n probleem as iemand in jou huis inbreek nie, dit is nou wettig". Dit klink belaglik. Maar nie meer belaglik as wat ons sou sê dat, omdat ons 'n doodsvonnis oor ons koppe het oor ons sondes, het Yahshua weg gedoen met die Torah. (Yahshua het nie van die Wet ontslae geraak nie?) In teendeel, Hy het die boete betaal vir al ons wets oortreding. As ons aanhou om te sondig nadat ons Sy gestorte bloed vir die vergifnis van ons sonde aanvaar het, is ons nie langer onder genade nie. Lees die volgende woorde van vermaning aandagtig.

**Heb 10:26-31** Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van Yahweh vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaak het? Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek Yahweh; en weer: Yahweh sal sy volk oordeel. Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende Elohim.

Yahshua Messias het 'n groot boete betaal sodat ons sondes vergewe kon word. Nêrens word dit gesê dat die Torah (Wet) mee weg gedoen is nie.

**Rom 6:15-18** Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie of van die sonde tot die dood, of van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? Maar ons dank Elohim dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.

**Ps 119:172** ...want al u gebooe is geregtigheid.

Daar is dit! Romeine, 25 jaar na die teregstelling en opstanding van Yahshua geskryf, sê daar is nog sonde. Dink logies. As daar geen Torah (Wet) is nie, is daar geen sonde, en as daar geen sonde is nie, hoekom sal ons berou hê en Yahshua as ons Verlosser aanvaar? Waar daar geen Torah (Wet) is nie, is daar chaos. Dit is presies wat satan will hê die wêreld moet glo. Wat hy gedoen het in die liggaam van gelowiges is om mense te laat glo dat die Torah mee weg gedoen is, en het hulle so ver gekry om hulle menslike gewete te ruil vir wat moreel reg en verkeerd is. Mense sal jou vertel wat hulle voel, of wat in hulle harte is, in plaas daar van om na Yahweh se perfekte Torah te kyk vir oordeel/uitspraak. Wat dink Yahweh as ons oordeel volgens ons gewete of ons harte eerder as by Sy Torah?

**Jer 17:5-7** So sê Yahweh: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van Yahweh afwyk. En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land. Geseënd is die man wat op Yahweh vertrou, en wie se vertrou Yahweh is.

**Jer 17:9** Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?

Dit is die grootste bedrog/misleiding wat satan gebruik het in die wêreld en dit moet nie oor die hoof gesien word nie.

Hier is dit die Tuin van Eden weer oor en oor. Maar die keer is die kostes baie hoer soos ons lees in **Heb 10:26-32**.

Ons ewige lewe hang daarvan af. En wat 'n loutere leuen! Net soos met Adam en Eva, het hy die mensdom oortuig dat hy beter weet as Yahweh. Yahweh se Torah is perfek en leer wat reg en verkeerd is. Satan het die mensdom bedrieg om te glo dat hulle self kan besluit wat reg en verkeerd is, afhange van hulle eie perverse gewetes. Waar kry jou gewete die bevele vandaan? Van jou eie vleeslike, menslike natuur, jou eie redenering en hart. En almal is haatlik teenoor Yahweh se Torah. Satan gebruik ydelheid en dit is hoe hy met die mensdom werk, deur trots, wellus en gierigheid. Hy het dit met Yahshua probeer maar sonder enige baat.

**Mat 4:8 Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,**

**Mat 4:9 en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.**

Dit is baie interessant om op te let dat Yahshua nie satan se gesag oor die wêreld se koninkryke bevraagteken het nie. Baie in die wêreld verblind hulle self in die feite dat dié wêreld met al sy regerings, skole, finansiële instellings, en selfs meeste van die kerke, deel is van satan se sisteem. Die sisteem is gebaseer op gierigheid, wellus, trots en selfbevredeging. Yahshua het nie hiervoor geval nie, let baie mooi op na Yahshua se antwoord en julle sal sien dat Hy satan se boosheid met die Skrif beveg het.

**Mat 4:10 Toe sê Yahshua vir hom: Gaan weg, satan! want daar is geskrywe: Yahweh jou Elohim moet jy aanbid en Hom alleen dien.**

Ons behoort die voorbeeld van Yahshua te volg in ons geveg teen satan. Nie met ons menslike redenering nie, maar met die kragtige geskrewe woord van Yahweh. Die Torah kan jou nie red nie, maar dit kan jou leer wat reg en verkeerd is en hoe om oordeelkundig op te tree. Jy sal nooit reg of verkeerd kan verstaan met menslike redenasie nie. Die Torah was nie verander met die dood van Yahshua nie, maar ons oordeel met die breek daarvan het. Onder die bloed van die nuwe verbond word ons nie langer veroordeel deur die Torah nie, maar deur ons geloof. Ons hoef nie langer skuldig te voel as ons vergifnis vra nadat ons onwillikeurig gesondig het nie. Dit maak nie 'n verskil aan die feit dat die breek van die Torah nog sondig is nie en dat die vonnis nog die DOOD is. Selfs na bekering sal opsetlikke sonde steeds tot die dood lei. Die feit word deur meeste erkende Christene ontken.

Selfs na bekering, sal opsetlikke sonde nog lei tot die dood. Dit bleik dat meeste erkende Christene dit nie verstaan nie. Die straf vir ons sondes na ons doop, is nie oor die hoof gesien of vrygespreek nie, maar eerder daarvoor **betaal**. Daar is altyd 'n boete te betaal vir sonde. Yahweh sal sonde nie oor die hoof sien wat op die aarde gepleeg is nie. Sy teregstelling het ons nie vrygestel nie, in teendeel, Hy het betaal vir ons sondes. Die begin van ons verwydering van Yahweh was rebellie en opstand (sonde). Die mens het gedink dat hy better weet as Yahweh se reëls (wette, instellings en gebooie) uitgelê in die Tuin van Eden. Elkeen van ons, deur sonde, het Yahshua teen die boom van teregstelling gesit. As al die wêreld se probleme met sonde ontstaan het, hoekom sal ons dink dat omdat die boete vir die sondes betaal is, ons die reg het om terug te gaan na die daad wat die doodsvonnis mee begin het? Byvoorbeeld, as jy teen 140 km/u op die hoofweg jaag in 'n 120 km/u sone, en jy word gestop deur 'n verkeers inspekteur en hy verduidelik vir jou dat omdat hy jou alreeds gestop het, hy vir jou 'n kaartjie moet gee omdat jy die spoed wet gebreek het. Dit is die wet. Maar dan vertel hy jou dat hy self vir die kaartjie sal betaal, uit sy eie geld. Hy gee vir jou onverdiende genade. Wat sal jy doen as jy terug keer na die hoofweg? Sal jy nou 120 km/u doen soos die wet dit bepaal of sal jy weer die wet gaan breek deur 140 km/u te ry?

Die verkeersman se genade het jou nie 'n spesiale lisensie gegee om die wet te breek nie (aanhoudend sondig). Op die selfde wyse het Yahshua nie die afgryslieke teregstelling en dood ondergaan om ons **in** ons sonde te red nie, maar **van** ons sondes. Luister baie versigtig na wat Yahshua aan die kreupel man wat Hy genees het sê:

**Joh 5:14 Daarna het Yahshua hom in die tempel gekry en vir hom gesê: Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.**

Dit klink nie of Hy vir die man 'n onbeperkte hoeveelheid “kom uit die tronk vry” kaartjies gegee het nie. Hy is baie duidelik – **MOENIE MEER SONDIG NIE**. Ons is gered deur genade in ons geloof in Yahshua die Messias vir die vergifnis van ons sondes. Die sondes wat ons alreeds gepleeg het voor ons doop het ons met 'n doods vonnis oor ons koppe laat hang. Niks wat ons doen kan dit verwyder nie. As jy iemand dood maak moet jy die boete betaal.

Geen hoeveelheid wets onderhouding kan opmaak vir sondes gepleeg nie. Alleenlik die aanvaarding van Yahshua se gestorte bloed vir die vergifnis van sonde kan die boete betaal vir daardie sondes. Maar na jou doop – nadat jou sondes vergewe is, moet jy soos die kreupel man wees toe Yahshua aan hom gesê het om nie meer te sondig nie. Ons moet gehoorsaam wees tot die uiterste van ons vermoë aan die geskrewe woord van Yahweh. Gehoorsaamheid lei nie tot ons redding nie want dit was alreeds belowe toe ons Yahshua as ons Verlosser aanvaar het. Ons is nou gehoorsaam aan die wet, nie ongered te word nie, maar omdat ons alreeds gered is. Luister na wat die Apostel Paulus vir ons sê aangaande die Wet **na** ons bekering.

**Rom 3:31 Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet**

Die wet word genoem die perfekte wet van vryheid omdat dit jou vry hou. Die bloed van Yahshua sal jou vry maak van die doods vonnis wat veroorsaak is deur die breek van die Torah, en gehoorsaamheid na bekering sal jou bevry. Satan is die een wat die kudde van Yahweh probeer bedrieg deur te se dat Torah gehoorsaamheid is legaliteit. Maar nerens sal jy, van Genesis tot en met Openbaring, een boete kry vir gehoorsaamheid aan die woord van Yahweh nie. Elke boete of vervloeking kom omdat daar ongehoorsaamheid en wets oortreding is.

**Deu 11:26 Kyk, ek hou julle vandag seën en vloek voor—**

**Deu 11:27 die seën as julle luister na die gebooie van Yahweh julle Elohim wat ek julle vandag beveel;**

**Deu 11:28 en die vloek as julle nie luister na die gebooie van Yahweh julle Elohim nie, maar afwyk van die weg wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.**

Elke woord wat Yahweh aan die mensdom gegee het is vir sy eie beswil. Kyk na die onderwerp van rein en onrein kosse vir 'n oomblik. Party sal argumenteer “die dieet wette is mee weg gedoen en ek het die vryheid om te eet wat ek wil”. My enigste vraag na aanleiding van die antwoord is: “Om vark te eet, sal dit jou liggaam (wat die tempel van die Ruach HaKodesh is) sterker en gesonder maak of sal dit nadelig wees? Vark was nooit bedoel om geëet te word nie. Dit is die enigste dier wat inwendig sweet in plaas van uitwendig. Een uit elke drie varke het Trichinosis wurm besmetting. Ander weer sal sê dit is net kos!

Het die Tuin van Eden nie oor kos gegaan nie? Yahweh het vir hulle gesê dat sekere kosse goed was en ander sleg. Hy het vir Adam en Eva gesê om nie van die slegte kos te eet nie. Hulle het hom nie geglo nie en die gevolge gedra. Nou wat van jou? Glo jy vir Yahweh as Hy sê dat sekere kosse, soos vark, nie goed is om te eet nie? Yahweh het vir ons die wet gegee, nie om ons te weerhou van iets goeds nie, maar omdat Hy geweet het dat 'n vark 'n vuil dier is en nie om geëet te word nie. Hy het ons die wet gegee om ons gesonder, sterker en gelukkiger te maak. Baie mense, wat gelag het as ek hulle vertel het dat ek nie vark eet nie, het uiteindelik siek geword en die eerste ding wat hulle dokters hulle vertel het was om nie vark te eet nie. Dit is baie nadelig vir jou hart. Varke moet ook amper gebalsem word om eetbaar te wees. Dit het die hooste vet inhoud van die meeste diere. Die is net een manier om 'n voorbeeld te maak. Ek beseft dat die Koningryk van Yahweh nie net eet en drink is nie, maar ek is net onskuldig of simpel genoeg om elke enkele woord van die Skrif te glo en te vertrou. Ek weet hoe subtiel satan is en kan wees. Ek weet ook hoe gebrekkig my eie menslike redenering is. Sodoende vertrou ek Yahweh en Sy woord letterlik vir alles. Dit is die geheim om 'n ryk, wonderlikke en volledige een-tot-een verhouding met Yahweh te hê, en die sleutel tot 'n gelukkige lewe. Ons moet die koningryk ingaan soos 'n klein kindjie of glad nie, want kinders is nederig, simpel en vol vertrou. Ek is nie skaam om te erken dat Yahweh alles weet en ek niks. Die probleem is dat die mensdom dit nie glo nie. Trots, ydelheid en eiewaan stop ons van dié kinderlike nederigheid en gehoorsaamheid. Yahweh waarsku ons om nie op ons eie intelligensie staat te maak nie.

**Deu 12:8 Julle moet nie doen net soos ons vandag hier doen nie—elkeen net maar wat reg is in sy eie oë.**

Gehoorsaamheid en geloof loop hand aan hand. Dit is satan wat probeer dat Christene die een of ander moet kies. Maar jy kan nie regtig die een sonder die ander een hê nie.

**Jak 2:17 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.**

**Jak 2:18** Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

Jy kan nie die een sonder die ander een hê nie. Die werke is die bewys van jou geloof. Geloof sonder werke is 'n dooie geloof – in woord alleen – nie opregte, ware geloof nie.

**1Kor 4:20** want die koninkryk van Elohim bestaan nie in woorde nie, maar in krag.

Werke sonder geloof is loutere eiegeregtigheid.

**Jes 64:6** En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleet; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.

Jy moet altyd geloof en werke saam hê en geloof moet altyd eerste kom. Niks wat ons doen kan ons verlore siele terugkoop aan Yahweh nie. Alleenlik met aanvaarding, van 'n nederige gees, dat ons absoluut waardeloos is, kan ons vrylik die gestorte bloed van Yahshua aanvaar om ons sondes to bedek en om ons met die Vader te versoen. Ewewel is daar baie wat ons kan doen nadat ons die gestorte bloed aanvaar het wat ons van ons Skepper kan skei. Opsetlikke sonde na die volle kennis van die waarheid kan ons verewig skei van ons Hemelse Vader. Dit is daarom dat **Handelinge 2:38** sê: Bekeer meen “om terug te draai”. Draai terug na wat? Na die gehoorsaamheid van Yahweh se gebooie en wette. Dan, en dan alleenlik kan ons nederig die offerhande van Yahshua vir ons sondes aanvaar. As ons dink dat Torah mee weg gedoen is, sal ons nooit ooit werklik kan begryp hoe vervalte ons natuur is nie. Ons sal nooit werklik ten volle kan berou hê omdat ons ons eie weg volg en nie die weg van Yahweh ons Vader nie. Bekeering is 'n volle 180 grade terug draai. Dit is nie om verskoning te maak oor ons ou lewe met al sy Heidense, wêreldse invloede nie. Dit is verandering, miskien met trane, as ons finaal beseft dat ons eie pad ons gelei het na die doodstraf wat betaal moet word. **Ons doodsvonnis was betaal!** Dit was betaal aan die boom van teregstelling deur ons Verlosser Yahshua.

Ons moet ontslae raak van die haat vir Yahweh se Torah. **Romeine 8:7** vertel ons dat ons Yahweh se Torah voor ons doop gehaat het en voor dat die Ruach HaKodesh in ons kom woon het. Ons moet ons rebelsheid en eiesinnigheid laat vaar en elke woord wat van die mond van Yahweh kom volg (**Mat 4:4**). Daar is niks wat my siel meer bedroef maak as die haat in Chirstendom vandag teenoor Yahweh se wette van liefde. Ons Vader het ons so lief dat Hy sy ewige Gees en Torah met ons deel, sy geliefde kinders. Hy wil hê dat ons gehoorsaam moet wees want dit is die enigste manier wat ware geluk sal bring aan ons en om ons. Luister wat ons liewe Vader van elkeen van sy kinders verwag.

**Deu 10:12** En nou, Israel, wat eis Yahwe 'n h jou Elohim van jou as net om Yahweh jou Elohim te vrees, in al sy weë te wandel en Hom lief te hê en Yahweh jou Elohim te dien met jou hele hart en met jou hele siel,

**Deu 10:13** om te hou die gebooie van Yahweh en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?

Daar is nie een enkele wet van Yahweh wat jou kan benadeel nie. Eerder, elke wet sal lei na geluk en die ewige lewe. Meer as 25 jaar ná die opstanding het Paulus in **Romeine 6:23** geskryf dat die loon van die sonde die dood is. Van daardie tyd tot en met vandag is sonde die breek van Yahweh se Torah (**1 Johannes 3:4**).

Nou gaan ons kyk na 'n ander onderwerp. Het Yahshua weg gedoen met Sy Vader se Torah?

**Mal 3:6** Want Ek, Yahweh, het nie verander nie;

**Heb 13:8** Yahshua Messias is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Elohim, anders as die mens, sal nie verander of terug gaan op Sy woord. Hy is nie dubbelsinnig soos ons nie. **2 Timotius 3:1-4** sê vir ons dat die mens baie boos gaan wees in die end tye. Een eienskap wat genoem word is dat mense onversoenlik sal wees. Hulle sal nie hulle woord na kom nie. Dit is waar vandag. Mense dink nie twee keer om te lieg of om op hulle woord terug te gaan nie, vir hulle eie belang natuurlik. Yahweh is anders. Wanneer Hy praat is dit asof dit alreeds gebeur het. Dit is wat geloof is. Dit is om elke woord van Yahweh te glo

al het dit nog nie gebeur nie. As jy glo dat die Torah mee weg gedoen is of teen die boom vas geslaan is, dan het jy nie geloof nie, want jy glo nie die beloftes wat Yahweh gemaak het aangaande sy Torah.

**Jes 55:10** Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvotig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiër en brood aan die eter;

**Jes 55:11** so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.

Yahshua is die testateur van die Nuwe Verbond of Testament. Die verbond is net soos 'n testament.

**Heb 9:16** Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;

**Heb 9:17** want 'n testament is geldig by sterfgevallen, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.

As iemand 'n testament maak kan hy of sy veranderings aanbring tot en met hulle dood. Met hulle dood is dit te laat. Wat die testament ook al sê, dit kan nie verander word nie. Al word dit ook jou laaste testament genoem. Dus, as enige wet vernader of mee weg gedoen is deur ons Verlosser, moet jy dit vind tussen Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Dit moet direk uit Yahshua se eie mond kom. Dan moet dit in rooi letters geskryf word. Nodeloos om te sê dat jy nie een enkele woord in die hele Skrif en in die oorspronklike Torah sal kry wat verander, gebreek of mee weg gedoen is deur Yahshua nie. Die enigste uitsondering was Sy finale offerande aan die boom. Dit volbring die simboliese ordinansies van dierlike offerande wat **Heb 10:1- 4** sê nooit weg gedoen het met sonde nie, maar wat die Israeliete jaar na jaar herhinner het dat hulle sondaars was wat 'n Verlosser nodig gehad het. Nie alleen het Hy elke wet perfek tot die letter nagekom nie, maar Hy het ander beveel om dit net so te doen.

**Mat 5:17** Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

**Mat 5:18** Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

**Mat 5:19** Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooië breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

**Mat 5:20** Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Toe begin Hy om te verduidelik wat Hy bedoel. Letterlik sê die Torah: "Jy sal nie dood slaan nie", maar Yahshua sê dat selfs as jy kwaad is vir jou broer, sonder rede, dan het jy moord gepleeg.. Die Torah sê jy sal nie owerspel pleeg nie. Yahshua sê dat selfs as jy wellustig aan 'n vrou dink in jou gedagtes het jy alreeds owerspel gepleeg. Dit is harde woorde die. Dit klink nie of Hy weg gedoen het met die Torah nie, nee, eintlik maak Hy dit baie moeiliker. Soos in vers 17 aangegee: Hy het bygevoeg, of aangevul. Letterlike is die Torah onvolledig, aangesien dit alleenlik met die fisiese aksies onderhandel nie met die bedoeling van die hart nie. Die gees van Torah het betrekking met die dinge van die hart. Jy kan die letter van Torah volg sonder die gees daarvan, soos die Fariseërs dit bewys het, maar jy kan nie die gees sonder die letter hou nie. Jy kan nie iemand vermoor en dan sê, "maar ek was nie kwaad vir hom in my hart nie". Of jy pleeg egbreek en sê, "maar ek was nie wellustig in my hart nie".

Dit is hoekom Yahshua duidelik in vers 20 sê dat indien jou regverdigheid nie die van die skrywers en die Fariseërs oorskry (die samevoeging van die letter met die gees), sal jy nooit die koninkryk van Yahweh binne gaan. Torah kan jou slegs wys op reg van verkeerd, dit kan nie jou hart verander nie. Alleenlik met opregte berou (weg draai van die breek van Yahweh se Torah) en glo dat Yahshua die Seun van Yahweh is vir die vergifnis van sondes, kan jy die vrye geskenk van die Ruach HaKodesh ontvang. Eers as jy die geskenk van genade ontvang sal jy nie langer onder die straf/boete van die Torah wees nie. Jy is heeltemal vergewe.

Alleenlik by ware berou (wegdraai van die breek van Yahweh se Torah) en die geloof in Yahshua as die Seun van Yahweh vir die vergifnis van sondes, kan jy die vrye gawe van die Ruach ha Kodesh ontvang wat die hart verander. Wanneer jy die gawe ontvang is jy nie langer onder die vonnis van die Torah nie. Jy is heeltemal

vergewe. Jou verbond het verander van een van die Torah na een van geloof in Yahshua – MAAR – dit verander die Torah glad nie. In teen deel, nou met 'n nuwe hart met die hernuwe verbond, WIL jy Yahweh met jou hele hart, verstand, siel en sterkte gehoorsaam. Geloof doen nie weg met die Torah nie, dit bevestig die Torah (**Rom 3:31**). Kom ons hoor wat Yahshua sê wat 'n wyse leerling is.

**Mat 13:52 Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring.**

Die Apostels en die vroeëre gelowiges, soos ons gesien het was almal Torah onder houers insluitende Paulus. Om en by 30 N.M. het bese mans in die gemeentes begin in kruip met verskillende filosofie en ketery. Een van die dinge was dat die Skrif slegs 'n analogie is en dat ons nie Torah hoef te onder hou nie. Die filosofie was deur Yahshua veroordeel gedurende Sy tyd op aarde asook deur die vroeëre gelowiges. Paulus was 'n opgeleide Farisieër. Hy het die letter van die Torah bestudeer sonder die geestelikheid daarvan. Die letter sonder die gees is absolute eiegeregtigheid, maar die gees sonder die letter is leeg. Daar is geen substansie nie, dit is alleenlik teorie en nie realiteit nie. Geloof sonder werke is DOOD. Luister wat die Apostel Paulus se oor Torah.

**Rom 7:12 Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed**

**Rom 7:14 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.**

Die probleem is nie met die Torah nie, maar met ons onvermoë, in ons swak vleeslikheid om Yahweh se perfekte Torah van vryheid te gehoorsaam.

Paulus het weer verklaar:

**1Kor 7:19 Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooi van Elohim.**

**Hand 25:8 terwyl hy tot sy verdediging gesê het: Ek het niks teen die wet van die Jode of teen die tempel of teen die keiser gesondig nie.**

**Hand 24:14 Maar dit erken ek voor u dat ek volgens die Weg wat hulle sekte noem, so die Elohim van my vaders dien, terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is,**

In al Paulus se skrywe het hy nooit eenkeer teen die Torah of teen gehoorsaamheid vir Torah gepraat nie. Wat sy grootste geveg was, was die vraag of jy jou saligheid kan verdien? Kan Torah onderhouding jou red? Die Jode van sy dag het duisende ekstra wette gemaak wat nooit in die Skrif genoem is nie. Hulle skep hulle eie geregtigheid apart van die Torah. Dit is waarmee Paulus geworstel het. Die regte definisie van genade is nie alleenlik onverdiende vergifenis vir sonde nie, dit is ook die begeerte om terug te gee oor die vergifenis. Die manier hoe ons terug gee is 'n heilige, regverdige lewe in Yahshua en om aan die hele wereld te wys dat die enigste manier vir geluk is om elke woord van ons hemelse Vader te gehoorsaam en om Yahshua se offer te aanvaar vir die vergifenis van ou sondes. Ons moet heilig wees soos Yahweh heilig is, regverdig en goed.

**Rom 10:4 Want Messias is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.**

As jy die woord “einde” in die oorspronklike Grieks naslaan sal jy find dat dit die woord “telos” is en dit beteken “eindresultaat” of “doel”. In ander woorde, die doel of eindresultaat wat ons will bereik. Die definisie maak meer sin. Yahshua is ons doel of ons eindresultaat. Wat het Hy gedoen? Hy het al Yahweh se wette perfek gehou!

**Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van Elohim uitgaan.**

Yahshua is ons doel. Ons behoort te strewen om presies te lewe soos Hy gelewe het. Om een honderd persent van die tyd te lewe volgens die gees en die letter.

**1Joh 2:3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooi bewaar.**

**1Joh 2:4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooi nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.**



**1Joh 2:5 Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van Elohim waarlik volmaak geword.**

**Hieraan weet ons dat ons in Hom is.**

**1Joh 2:6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.**

Baie mense vertel hoe “lief hulle vir Yahshua” is, maar hoeveel is gewillig om die 10 gebooië te gehoorsaam?

**Joh 14:15 As julle My liefhet, bewaar my gebooië.**

**Joh 14:21 Wie my gebooië het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.**

In teenstelling met wat baie kerke vandag preek, het Yahshua nie as 'n rebelse seun gekom en Sy Vader se gebooië verander nie. Hy het alleenlik gepraat wat die Vader Hom gegee het en nie Sy eie woorde nie.

**Joh 5:19 Yahshua het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.**

**Joh 10:30 Ek en die Vader is een.**

Soos ons alreeds verduidelik het, die woord “een” in Hebreeus is “echad” en dit beteken “eenheid”. Een in gedagte, verstand en gees. Daar is nooit ooit verskille of onenigheid tussen die Vader en die Seun. Hulle is in perfekte harmonie. Die wette van Yahweh is natuurlike wette van liefde wat die werklike karakter van die Vader en die Seun is.

**1Joh 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het Elohim nie geken nie, want Elohim is liefde.**

Die Torah is die liefde van Yahweh, innerlik in ons uitgedruk. Net soos 'n man onvolledig is sonder sy vrou, so is die letter onvolledig sonder die gees. Die groot geheim van die gemeente van Yahweh is dat Sy liefde oorgedra word na elke gelowige deur die Ruach ha Kodesh.

**Joh 17:21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.**

Dit praat nie van 'n geslote drie enigheid nie maar 'n oop familie. Die Enigste Elohim van die heelal skep kinders. Hoe doen Yahweh dit?

**Kol 1:27 aan wie Elohim wou bekend maak wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Messias onder julle, die hoop van die heerlijkheid.**

Hoe wonderlik! Yahweh neem vleeslike, selfsugtige mense en skep gees gevulde kinders van die lewende Elohim. Maar as ons werklik deel is van die nuwe verbond, sal ons hart vernuwe. Nie een van menslike gewete of redenasie in die menslike intellek nie, want onthou, die menslike verstand haat Yahweh se Torah (**Rom 8:7**). Die nuwe gelowige kry 'n vernuwe verstand van gehoorsaamheid van die Ruach HaKodesh. Die volgende wys hoe die Nuwe Verbond gelowiges veronderstel is om te wees.

**Heb 8:6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.**

**Heb 8:7 Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.**

**Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,**

**Heb 8:9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek Yahweh.**

**Heb 8:10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek Yahweh: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.**

**Heb 8:11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken Yahweh nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.**

**Heb 8:12** Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie

Dit is die Nuwe Verbond. Hoe kyk ek nie uit na die dag dat 'n boek soos die nie langer nodig sal wees nie want almal sal die liefde vir Yahweh se Torah in hulle harte hê. Het jy die liefde van Yahweh? Hier is die vers weer wat vertel wat die liefde van Yahweh is.

**1Joh 5:2** Hieraan weet ons dat ons die kinders van Elohim liefhet: wanneer ons Elohim liefhet en sy gebooi bewaar.

**1Joh 5:3** Want dit is die liefde tot Elohim, dat ons Sy gebooi bewaar; en Sy gebooi is nie swaar nie.

Satan het die Christen wêreld van vandag bedrieg deur hulle te laat dink dat die gebooi van liefde 'n las is. Die wette sal gehoorsaam word in Yahshua se millenium heerskappy. Daar sal vrede en geluk wees alleenlik wanneer al die mense op aarde Yahweh se wette gehoorsaam en onderhou. Die volgende vers in Miga vertel ons van die glorieryke toekomstige tyd wanneer die hele wêreld, selfs die Heidense nasies, 'n nuwe hart sal hê en Yahweh se wette sal wil gehoorsaam.

**Miga 4:2** En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohim van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem.

Wat 'n glorieryke tyd sal dit nie wees! Ons moet beseef dat Yahshua nie die gebooi enigins verander of gewysig het nie. In **Johannes 1:1** Hy word werklik die WOORD of "Logos" in Grieks genoem. Hy is die BoodsAPPER van die verbond. Luister baie versigtig na Yahshua se antwoord op 'n vraag wat gevra is:

**Mat 19:16** En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?

**Mat 19:17** En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik Elohim. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooi.

**Mat 19:18** Hy vra Hom: Watter? En Yahshua sê—dit: Jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie;

**Mat 19:19** eer jou vader en moeder; en: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

**Mat 19:20** Die jongman sê vir Hom: Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort?

**Mat 19:21** Yahshua antwoord hom: As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My.

**Mat 19:22** Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad.

Daar is 'n aantal baie interessante dinge gesê in die deel. Ten eerste word Yahshua direk gevra, "Hoe kry ek die ewige lewe?" Sy eerste antwoord is: "noem geen man goed", behalwe Yahweh. Hy het probeer om aan die man te wys dat sonder Yahweh se Gees, het sinlike, sondige, vleeslike mens geen goed in hom nie. Alleenlik by volle berou, wanneer daar vir jou sondes betaal is, kan jy die ewige lewe erwe. Baie duidelik vertel Hy verder dat die jong man nog die verantwoordelikheid het om Yahweh se gebooi te gehoorsaam. En Hy noem hulle. **Dit is, ongetwyfeld die 10 Gebooi.** Hy het nie gesê dat hulle verander, gewysig of geestelik verdwyn het nie, Hy het gesê dat om die ewige lewe in te gaan jy hulle moet onderhou. In die Hebreeuse taal beteken die woord "keep" om te "bewaak en te beskerm", net soos ons besig is om te doen in die boek. Hy het verder aan die man gewys dat die letter van Torah sonder die Gees eiegeregtigheid is. Yahshua het by Torah gevoeg en wys aan die man die geestelike bedoeling. "Verkoop alles wat jy het en volg My". Die letter sê: jy mag nie steel nie, maar die gees sê: "deel alles wat jy het". Die letter sê: "jy mag nie moord pleeg nie", maar die Gees sê: "jy moet jou naaste lief hê, selfs jou vyande". Dit is baie interessant om te sien wat volgende gebeur. Yahshua vertel Sy dissipels dat dit baie moeilik sal wees vir dié wat in materiële dinge vertrou om in die Koningryk in te gaan. Hoekom? Want dit is die "kry" manier. Dit is die wyse van self, gierigheid en begerigheid. Daarenteen sal die nuwe gees in jou wil gee, deel en help wie ook al in nood is.

**Luk 3:11** En Hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel het, moet dieselfde doen.

Nadat hulle dit gehoor het, was die normale antwoord: “Wie kan dan gered word?” Yahshua antwoord: “Met die mens is dit onmoontlik, maar met Yahweh is alles moontlik.” Dit is die verskil tussen die Ou verbond en die Nuwe. Dit is nie die nakom van die letter van Torah wat tel nie maar die beweegrede van die hart. In die vleeslike toestand waarin ons gebore word kan ons nie die liefde (agape) van Yahweh hê nie. Dit kom alleenlik met die oordra van die Ruach HaKodesh. Die man wat die ewige lewe gesoek het in die vorige verse het die letter gehoorsaam van af sy jeug. As hy die vrye geskenk van die Ruach HaKodesh ontvang het, kon hy gehoorsaam het met sy hele hart met die ware agape liefde van Yahweh. Hy was gehoorsaam aan die letter wat die minste is wat ons moet doen. Dit is so hartseer vandag om te sien dat meeste belydende Christene sê dat die Torah mee weg gedoen is. Hulle lees nie hulle Heilige Skrif daagliks nie. In werklikheid, deur die Ruach behoort dit net die teenoorgestelde te wees. Ons behoort Yahweh se Torah lief te hê en volgens elke woord te lewe (**Mat 4:4**). Dit is geen wonder dat die jong mense van die wêreld presies is soos die Apostel Paulus voorspel het.

**2Ti 3:1 Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.**

**2Ti 3:2 Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig,**

**2Ti 3:3 sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie,**

**2Ti 3:4 verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van Elohim;**

**2Ti 3:5 mense wat 'n gedaante van saligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.**

As jy eerlik is sal jy sien dat die verse verwys na die generasie waarin ons vandag lewe. Gewis, party het 'n vorm van heiligheid, hulle gaan kerk toe, waai hulle hand, sê dat hulle “Jesus” lief het. Maar hulle ontken die krag van Yahweh se ewige wette. Die krag van die Ruach HaKodesh kom alleenlik deur gehoorsaamheid, nie deur sonde en rebellie nie.

**Hand 5:32 En ons is Sy getuies van hierdie dinge, en ook die Heilige Gees wat Elohim gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.**

In Amerika en waarskynlik in baie ander lande in die wêreld is die 10 Geboorte uit die skole verwyder. Gebed en enige vorm van aanbidding teenoor Elohim is ook gestop. Kyk na die resultate; al die dinge word in **1Tim 3** genoem. Amerika het 'n opstandige geslag groot gemaak, wat nie vir Elohim erken nie.

**Deu 6:6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;**

**Deu 6:7 en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.**

Hoeveel ouers volg die verse na vandag? Hoeveel leer hulle kinders ywerig die wette van Yahweh wanneer hulle wakker word, wanneer hulle loop in die dag, en wanneer hulle bed toe gaan om te gaan slaap? In plaas daarvan leer ouers hulle kinders allerhande bose leuens. In plaas daarvan om hulle te leer van Yahweh en Sy woord en die plan van verlossing word hulle van Kers Vader en die Paas Haas geleer en alle tipe feë verhale. Dan wonder hulle waarom die kinders ophou om te glo as hulle opgroei. Hoe kan jy jou kinders 'n klomp leuens van geboorte leer en dan verwag dat hulle geloof in Yahweh moet he, die enigste werklike Wese in die heelal?

Ek is 'n Herder en is geseënd om na baie areas van die wêreld te reis om die goeie nuus van Yahshua se komende koningryk te verkondig. Ek kan vir julle eerste hands vertel dat die verskil tussen kinders wat met die Woord en Torah van Yahweh op gevoed is en die met leë Heidense gelowe soos nag en dag is.

**Pro 22:6 Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.**

Die vers is so waar en dit werk regtig. As ons net ons kinders van geboorte af sal leer om Yahweh lief te hê met hulle hele hart, verstand, siel en krag en om sy Torah leif te hê soos Koning David, wat geskryf het:

**Psa 119:97 Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag.**

**Psa 119:105 U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.**

**Psa 119:113 Twyfelaars haat ek, maar U wet het ek lief.**

**Psa 119:172 My tong sal U woord besing, want al U gebooie is geregtigheid.**

Dit is wat die Nuwe Verbond oor gaan. Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie. Die Nuwe Verbond is die hernuwing van jou verstand en hart van die haat teenoor die weë van Yahweh, om die liefde van Sy ewige Woord lief te hê. (Die teregstelling boom van Yahshua is nie die einde van saligheid of verlossing nie, maar alleenlik die begin.)

**Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.**

**Rom 5:10 Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met Elohim versoen is deur die dood van Sy Seun, veel meer sal ons deur Sy lewe gered word nou dat ons versoen is.**

Dit was sonde wat ons van ons hemelse Vader geskei het; die breek van Sy Heilige, regverdige, ewige Torah. Dit was sonde en in besonder afgode aanbidding en die ontheiliging van die Sabbat, wat die hele nasie van Israel in nasionale gevangenskap gestuur het.

Dit is alleenlik die perfekte, sondelose lewe van Yahshua wat Hom kwalifiseer om die perfekte en sondelose "Lam van Yahweh" te wees.

Met ons groot doop is dit slegs die begin. Ons word weer verenig met die Vader met die vergifnes van ons sondes deur die bloed van Sy Seun. Maar ons moet aanhou met ons weg van genade deur Sy lewe. Ons moet loop soos Hy geloop het, in heiligheid, liefde en gehoorsaamheid.

**Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?**

**Rom 6:2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?**

**Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Messias Yahshua gedoop is, in sy dood gedoop is nie?**

**Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Messias uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.**

**Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;**

**Rom 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam tereggestel is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.**

**Rom 6:7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde**

Ons kan nie ophou om ons ewige pad na saligheid te loop met ons doop nie. Dit is 'n wêreld sonder Elohim en ons moet ons self skei van die wêreld en sy gebruike.

**Joh 17:15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.**

Ons lewens moet gevul wees met die Woord, gebede en vas, in plaas van T.V.en enige ander denkbare vorms van plesier.

**Yahshua sê in Mat 7:16 Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.**

Kom ons kyk na nog verse wat deur die kerke vandag verdraai word. Hulle verdraai ons vrymakende genade in wetteloosheid. Ten eerste, kom ons kyk na:

**Kol 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die boom vas te nael,**

Dit is een van die vernaamste verse wat deur die wêreldse Christene gebruik word om te sê dat die Torah mee weggedoen is. Wat sê die vers werklik?

Ten eerste, wat ook al aan die boom vas gespyker was, was teen ons en in 'n omgekeerde rigting van ons. Wys vir my een wet in die hele Heilige Skrif wat teen ons tel. Nie een! In teen deel, hulle was gegee vir ons welwillendheid. **(Deut 10:13)**. Wat was dan teen die boom vas gespyker?

As jy die Griekse woord opsoek vir “skuldbrief” (handwriting of ordinances – Strongs no.1378) “cheirographon”, sal jy vind dat dit ’n wetlike kode vir skuld is. Dit is soos ’n “IOU” of ’n kontrak om jou verband te betaal. In Israel, gedurende die tyd van Yahshua, as iemand tereggestel was, is hulle beskuldiging bo hulle koppe vas geslaan. “Hier is Koos, ’n dief!” In Yahshua se geval het hulle geskryf, “Yahshua, Koning van die Jode”. Volgens die wet van die Keisers was daar ’n doodsvonnis vir enigeen wat beweer het dat hy ’n koning was. Dit is waarom Herodus in **Mat 27:11** vir Yahshua gevra het: “Is jy ’n koning?”

Met Yahshua se teregstelling aan die boom, het Hy al die sondes van die mensdom van Adam tot en met die hede op Homself geneem. Hoekom het ons almal ’n doodsvonnis gehad? Vir sonde – vir die breek van Yahweh se Torah. Yahshua het nie die Torah teen die boom vas geslaan nie, Hy het ieder en elk van ons skuldbewyse (IOU), ons wetlikke skuld vir die breek van Yahweh se Torah daar vas geslaan. Al wat ons moet doen is om berou te hê (terug te draai) oor die breek van die Torah, en Yahshua se bloed vir ons skuld te aanvaar aan Yahweh! Die Torah self is nie teen ons nie, maar die boete vir die breek daarvan is. Soos ons alreeds genoem het, is daar geen enkele straf in die hele Heilige Skrif vir gehoorsaamheid nie, alleenlik vir sonde; die breek van Torah. Satan het die massas bedrieg deur sy valse predikers, wat verkondig dat op ’n geheimsinnige manier Yahweh se genade en vergifnis, ons die reg gee om aan te hou sondig. Addisioneel met dit, leer hulle dat Heidense aanbidding nou aanvaarbaar is vir Yahweh, waar dit voorheen gelei het tot die dood. Onthou **Open. 12:9**. Satan het die hele wereld bedrieg en mislei. Wat ’n ontsettende groot offerande het Yahshua gemaak en hoe misleidend is dit vir die predikers om te verkondig dat Sy offerande gemaak was om ons IN ons sonde te red in plaas VAN ons sonde.

Ek beveel aan dat jy vir jou ’n Interlinear Bybel koop wat die oorspronklike Grieks en Hebreeus tekse van die Skrif het. Alle vertalings vandag is net dit – vertalings. Hulle is vertaal van die oorspronklike manuskripte deur mans wat jou bedrieg het vanaf die uitvinding van die drukpers. Wil jy presies weet, woord vir woord, wat Yahweh geskryf het of wil jy die mens se vertaling lees? Meeste verse in die boek kom van die J.P. Green Interlinear Bybel, wat die oorspronklike Hebreeus en Griekse tekse, saam met die Engelse vertaling bevat. Ek het ook van die verse uit die King James Bybel aan gehaal. Die King James Bybel is waarskynlik die beste vertaling, maar het nogtans baie foute. As jy wil uitvind wat enige woord of vers in die Bybel beteken in die oorspronklike taal, vind die woord in die Strong’s Concordance en die ooreenstemmende nommers en soek die definisie in die Strong’s Concordance.

Nog ’n vers wat verkeerd aangehaal word is **Gal 3:24-25**, waar dit sê dat die Torah ons leermeester was. Weereens, kom ons kyk na die vers in die verband. Die vraag onder bespreking is, is ons gered (geregverdig, sondes betaal) deur Torah onderhouding of deur geloof in Yahshua. Ons het bespreek, in detail, dat ’n goeie daad nie ’n slegte daad (sonde) vervang nie. Ons moet die feit deel maak van onself. Ons is totaal vleeslik, immoreel sonder Yahshua. Ons het almal gesondig en kom kort aan die glorie van Yahweh. Paulus beklemtoon aan party van die eiegeregtige Fariseers van sy tyd. Dit was nie die gehoorsaamheid aan Torah wat verkeerd was nie, maar hulle eiegeregtige houdings en gebrek aan geloof, liefde en genade.

**Mat 23:1 Toe het Yahshua die skare en sy dissipels toegesprek**

**Mat 23:2 en gesê: Die skrifgeleerdes en die Fariseërs sit op die stoel van Moses.**

**Mat 23:3 Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie.**

**Mat 23:23 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.**

Yahshua het nooit hulle gehoorsaamheid aan Torah veroordeel nie maar eerder omdat hulle die gees van die wet nagelaat het. Paulus het nie gesê dat ons die Torah moet uitlaat nie, maar dat ons eers totale geloof in Yahshua moet hê. Algehele geloof in Yahshua is die enigste pad na saligheid. Slegs wanneer ons dié pad betree na opregte vergifnis van ons sonde kan ons werke van Torah gereken word vir geregtigheid. In **Gal 3:13** verduidelik Paulus dat Messias ons gered het van die vloek van die Wet. Die vloek was die boete met die breek daarvan. Daar is geen vloek omdat die Wet gehoorsaam word nie. Hy gaan verder en verduidelik in verse 14-18 dat Abraham geseënd was om dat hy geloof in Yahweh gehad het. Hy was gehoorsaam. Yahweh praat en hy volg. Nou, as die beloftes aan Abraham gegee was deur geloof, hoe kan ons, Sy kinders, hulle kry deur werke? Ons kan nie. Ons ontvang die beloftes vir ewige lewe deur geloof, net soos Abraham.

Ons gehoorsaamheid aan Yahweh se Torah is die gevolg van ons geloof in Hom en nie oor ons eiegeregtigheid nie.

**Lees verder in Gal 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom;**

Kom ons ondersoek die vers. Ons weet dat die 10 gebooië van die skepping af in effek was. Dit was nog altyd verkeerd om te lieg, te moor, te begeer, eg te breek, afgode aanbidding of om Yahweh se naam ydelik te gebruik. Selfs die Sabbat dag, soos in die boek gewys, was in effek van die skepping. So, watter wet was bygevoeg? Die enigste wet wat bygevoeg was, was die Levitiese Priesterskap en dierlike offerhande. Hoekom was hulle begevoeg? Oor sonde! Dierlike offerhande het nooit weg gedoen met een enkele sonde nie. Hulle was net 'n skaduwee – 'n herinnering dat ons sondaars is en 'n verlosser nodig het.

**Heb 10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.**

**Heb 10:2 Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie.**

**Heb 10:3 Maar in dié offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes;**

**Heb 10:4 want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.**

**Heb 10:5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei.**

**Heb 10:6 Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.**

Die enigste wet wat bygevoeg was, was die offerhande sisteem en dit alleenlik tot en met die koms van Yahshua in die vlees om die enigste, ware, opperste offerhande te gee. Dit was die enigste wet wat Yahshua (kompleet) vervul het met Sy eerste koms. Hy het Homself geoffer vir die sondes van die mensdom, verlede, hede en toekomstige. Die wet van dierlike offerhande was 'n daaglikse, weeklikse, maandelikse en jaarlikse herinnering van ons sondige natuur. Die dierlike offerhandes is die “werke van die wet” waarna Paulus verwys, dit sal ons nie red nie. Alleenlik Yahshua se bloed kan ons red. In die Hernuwe Verbond, moet ons onself offer as 'n daaglikse, lewende offer aan Yahweh (**Rom 12:1**). Ons doen dit deur elke woord van die Skrif getrou na te volg en om in Sy algehele wil te wees. Ons doen dit deur Hom eerste lief te hê en ten tweede ons naaste soos ons self. **Gal 3:24** korrek vertaal verklaar: “**Gal 3:24** Die wet was dus ons tugmeester, het Messias geword”.

Soos vroeër genoem, die letter is onvolledig sonder die gees. Yahshua het die wet geword om ons die wet in die praktyk te wys. Hy is die eindpunt van ons wet gehoorsaamheid (**Rom 10:4**). Ons moet strewe om soos Hy te wees, perfek in letter en gees! Kom ons kyk na die eind tyd profesie in die boek van Maleagi. Dit gaan oor die laaste deel van die eind tyd net voor die groot verdrukking en die wederkoms van Yahshua Messias na die aarde.

**Mal 3:16 Toe het die wat Yahweh vrees, met mekaar gespreek; en Yahweh het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat Yahweh vrees en sy Naam eer.**

**Mal 3:17 En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê Yahweh van die leërskaare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien.**

**Mal 3:18 Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die bose, tussen die wat Elohim dien en die wat Hom nie dien nie.**

Hierdie is 'n baie belangrike vers vir alle gelowiges in die eind tyd. Yahweh sê dat Hy medelye asook seëninge sal hê met die wat Hom dien. Verder sê Hy dat Sy mense die verskil sal sien tussen die regverdige (**Ps. 119:172 – al U gebooië is regverdig**) en die wat boos (wetteloos) is. Let op dat in hoofstuk vier van Maleagi dit spesifiek praat oor “die dag van Yahweh”, die komende tribulasie:

**Mal 4:1 Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat boosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê Yahweh van die leërskaare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie.**

**Mal 4:2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.**

Kyk nou na die waarskuwing in vers 4 aan almal wat Yahweh vrees en terug gedraai het na Hom.

**Mal 4:4 Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel—  
insettinge en verordeninge.**

**Mal 4:5 Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van Yahweh aanbreek.**

Kan dit enigsins duideliker wees? Die eerste keer toe Yahshua aarde toe gekom het, was Hy soos 'n lam en almal het 'n leeu verwag. Wanneer Hy terugkeer sal almal uitkyk vir 'n lam maar die Leeu van Judah gaan verskyn. Hy kom om alle sonde te vernietig en om almal wat gehoorsame, getroue en wyse dienskenge is te beloon. Die hoofstuk eindig met nog een nugtere vers vir jou om oor te bepeins en om oor te bid aan jou hemelse Vader. Dit is 'n waarskuwing direk van ons Verlosser.

**Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie,  
maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.**

**Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U  
Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?**

**Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die  
ongeregtigheid werk!**

Mag ons ag gee aan hierdie ernstige woorde en gereed wees met Sy koms!

## HOOFTUK 5 – GOEIE NUUS OOR DIE KONINGKRYK

Ek is verbaas oor hoe baie mense wat hulle self Christene noem nie 'n idee het oor die Koningkryk van Yahweh nie. Wanneer jy hulle vertel dat Yahshua terug gaan kom aarde toe om alle wetteloses te vernietig en dat Hy vrede sal herstel vir een duisend jaar sê mense vir my dat hulle nog nooit daarvan gehoor het nie! Hoekom is dit dat die Katolieke Kerk, met amper 'n miljard lidmate wêreldwyd, nooit die boodskap verkondig nie? Is dit omdat die Pous meer betrokke is by politiek as om die goeie nuus van die ongelooflike Koningkryk van Yahweh te verkondig? In die Christen wêreld word die boodskap van die Koningkryk van Yahshua verander na die evangelie oor die persoon van Yahshua. Hulle praat oor “Jesus” en Sy liefde maar nooit ooit verkondig hulle die boodskap wat Hy verkondig het nie.

**Mat 4:17 Van toe af het Yahshua begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die  
hemele het naby gekom.**

Die Jode van Yahshua se tyd het die Messias se eerste koms gemis omdat hulle uit gekyk het na 'n letterlike koninkryk van Yahweh, op daardie oomblik.

**Hand 1:6** vertel ons dat selfs die disipels daarna uitgekyk het.

**Hand 1:6 Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Meester, gaan U in hierdie tyd die koninkryk  
vir Israel weer oprig?**

Dit is verstaanbaar hoekom hulle wou hê die Messias terug moet kom en so doende die Koninkryk bring. Hulle het net deur ses honderd jaar van verdrukking en gevangeskap gegaan. Eerstens deur die Babiloniërs, toe die Persiërs, gevolg deur die Grieke en ten laaste en die ergste nog, die Romeine. Die Romeine was wrede vegters wat baie Jode wat versprei was, vermoor het omdat hulle nie ingemeng het met Griekse/Romeinse Heidense gewoontes nie. Daar was woeste gevegte en baie bloed verlies en baie Jode was vermoor. Die mense het die profisieë geken en het geweet dat die troon van David aan Yahshua terug gegee sal word. Hulle het selfs geweet van die sewentig week profisie van **Dan 9:24-27**, wanneer die Messias sal terug keer, maar hulle het nie verstaan dat die straf vir hulle wetteloosheid baie verder gegaan het as hulle fisiese gevangeskap. Hulle almal het 'n ewige doods vonnis oor hulle koppe gehad.

**Ese 18:4 die siel wat sondig, dié moet sterwe.**

Voor die koningryk aan Israel terug besorg kan word, moet hulle sonde voor betaal word, en dit is presies wat Yahshua gedoen het met Sy dood. Toe die gordyn in die tempel, (wat seventig foot hoog en 4 duim dik was) in twee geskeur was van bo na onder, het ons toegang tot die Vader gekry deur die bloed van Sy Seun. Dit was alleenlik die begin. Yahshua kom terug aarde toe om vir 'n duisend jaar in vrede te regeer. Almal wat werklik berou het oor hulle sondes, gedoop word in Sy naam en glo dat Sy gestorte bloed hulle sonde dek, sal 'n nuwe lewe in heiligheid begin en sal saam met Hom regeer.

**Heb 9:28 so sal Messias ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.**

**Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Yahshua en oor die woord van Elohim, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Messias die duisend jaar lank.**

Dit is die goeie nuus van die Koningryk, maar dit is net een deel daarvan. Kom ons gaan terug na waar die belofte van die ewige lewe begin het en aan wie dit belowe was. Dit is 'n groot geheim vir meeste geïnkorporeerde kerke vandag oor “vervangings teologie”. Vervangings teologie is besig om die duidelike geskrewe woord van Yahweh te verander en dit met simboliek te vervang. Die enigste fout met simboliek is aangesien almal verskillend dink, elkeen se simboliek verskil. In plaas daarvan om elke woord van Yahweh te aanvaar, verander hulle dit omdat hulle nie geloof het nie, en om hulle eie leefwyse te pas. Vanweë die geloof en gehoorsaamheid van een man, Abraham, is ons sondes bedek en ons het die vooruitsig om saam met Yahshua te regeer gedurende die millennium.

**Gen 12:1 En Yahweh het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys.**

**Gen 12:2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.**

**Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.**

Hier in vers drie het ons 'n baie belangrike profesie en dit affekteer elkeen wat ooit gelewe het en nie 'n Israeliet is nie. Yahweh het Abraham belowe dat al die families op aarde deur hom geseënd sal wees. Die profesie was volbring deur Yahshua, die seun van Yahweh, deur gebore te word van die saad van Abraham. Onthou dat Yahweh is as die Elohim van Israel bekend gemaak.

**Jes 37:21 Toe laat Jesaja, die seun van Amos, vir Hiskía weet: So spreek Yahweh, die ELOHIM van Israel:**

Alhoewel Yahweh die Skepper van alles in die heelal is, het Hy alleenlik 'n verbond deur een bloedlyn gemaak. Dit het begin met Adam, toe deur sy seun Set en deur Noag. Yahweh het die verbond voortgesit deur een man, Abraham en sy saad, die fisiese afstammeling van sy seun, Isak..

**Heb 11:17 Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer,**

**Heb 11:18 aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word—want hy het gereken dat Elohim mag het om selfs uit die dode op te wek;**

Isak was die seun van belofte. Abraham het 'n seun gehad by name Ishmael, voor Isak., by sy vrou Sarah se slavin. In **Gal.4:21-31** word die twee seun allegories voorgestel as die twee verbonde. Een was voltrek by die Berg Sinai, wat geen weg oop gelaat het vir die verlossing van sonde. Dan is daar die vernuwing van daardie verbond deur Yahshua (die saad van Isak.) wat 'n weg gebring het vir die vergifnis van ons sonde en die belofte van 'n ewige lewe (**Heb 8:6**). Dit was 'n beter verbond gebou op better beloftes. Party het die allegorie van Galasiërs 4 verkeerdelik opgesom en gesê dat ons nie langer Yahweh se Torah hoef te gehoorsaam nie. Ons het alreeds bewys dat dit een van satan se leuens is. Wets verbreking (sonde) is nooit goed gemaak in enige vers nie en dit lei net na die dood.

**Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood,**



Wat die allegorie probeer wys is dat die eerste verbond (Berg Sinai en die Torah) onvolledig was omdat dit nie een klousule in het vir vergifnes van sonde. Alleenlik 'n dierlike offerhande sisteem wat hulle jaar na jaar en daaglik daaraan herinner het dat hulle sondaars was. Waar Israel verkeerd gegaan het, (soos sommige gelowiges vandag), is dat in plaas daarvan om na die Torah as 'n spieël te kyk om ons tekortkominge uit te wys en hoe om 'n heilige regverdige lewe te ly, het Israel daarna gekyk as 'n manier van verlossing. Hulle het 'n eiegeregtigheid gebaseer op Torah in plaas van geloof in Yahweh. Torah kan ons nie red nie. Maar deur die geloof in Yahshua en Hy wat in ons lewe, kan ons die Torah bevestig (staan maak, ferm hou) in ons lewens. **(Rom 3:31).**

**Rom 7:12 Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. ONS IS NIE.**

**Rom 7:14 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.**

Ons almal het trots op verskillende grade, maar meeste mense sal dit nooit herken in hulle eie lewens nie. Dit is onmoontlik vir Yahweh om met jou te werk as jy vol trots is.

**Jak 4:5 Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon?**

**Jak 4:6 Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: Elohim weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.**

Dit is trots as ons ander blameer vir ons foute. Ons wil nie te diep in ons innerlike kyk en sien dat ons die probleem is en nie die Torah van Yahweh nie. Almal van ons het af gedwaal. Ons is almal skepsels, vol trots en ydelheid, en sonder die Ruach van Yahweh in ons, is ons niks werd. Baie sal die woorde sê maar sal dit nie deel maak van hulle innerlike nie en sodoende kan dit nie reflekteer van hulle lewens nie. Meeste van die tyd will mense net vir "Jesus" in hulle harte hê, blameer Yahweh se Torah vir al die probleme van die mensdom, en glo in 'n Saligmaker wat hulle toelaat om in sonde te lewe. Hulle glo in 'n Verlosser wat hulle toelaat om te wees wat hulle is, verdorwe, trots en wellustig, inplaas van wat Hy hulle in kan verander, regverdige diensknegte. Nee, die Torah kan jou nie red nie, maar wys jou, met elke letter, na die regverdigheid in Yahshua. Onthou, Yahshua het elke woord van Torah geskryf. **(Joh 1:1-3).** Die probleem is ons gevalle toestand, 'n ellendige, treurige, hulpelose toestand sonder Yahshua in ons lewe. As ons probeer om ons redding te verdien en die Torah te aanvaar voor geloof, is ons niks beter as die Fariseers of ongelowiges. Ons gehoorsaamheid is die bewys van ons geloof, maar soos ons voorvader Abraham, moet geloof eerste kom, want toe het die werke sy geloof perfek gemaak.

**Jak 2:21 Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie?**

**Jak 2:22 Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?**

**Jak 2:23 En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het Elohim geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van Elohim genoem.**

Oor die verbond wat Yahweh met Abraham en sy nakommeling gemaak het (fisiese afstameling), is Yahshua uit die fisiese bloed lyn gebore.

**Gal 3:16 Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Messias.**

Abraham het ander kinders na Sarah se dood gehad, by sy tweede vrou, Keturah. Die belofte van die verbond was alleenlik aan Jesak, die vader van Jakob wie se naam later verander is na Israel. Hy het 12 seuns gehad. Een was Juda genoem. Dit was deur Juda wat Yahshua gebore is. Aangesien Yahshua ons Skepper en Maker deur sy bloed is, kan die ewige verbond van redding na enigeen in die wereld gaan. Aangesien Hy die Lam van Yahweh is, dood gemaak van die grondslag van die wêreld, kan ons in die boom van Israel ingeënt word deur die bloed van Yahshua.

In **Lukas 2:32**, wat die profesie van **Jes 42:6** is, vertel deur Simeon met die geboorte van Yahshua, kan nie-Israelite in geent word aan die boom van Israel. Voor dit het nie-Israelite geen hoop gehad nie. Onthou, die belofte van ewige lewe in die fisiese land van Israel was allennik aan Abraham en een saad gegee, Isak.

**Gen 17:1** Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het Elohim aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is Elohim, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.

**Gen 17:2** En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder.

**Gen 17:3** Toe val Abram op sy aangesig, en Elohim het met hom gespreek en gesê:

**Gen 17:4** Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word.

**Gen 17:5** Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies.

**Gen 17:6** En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.

**Gen 17:7** En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n Elohim te wees en vir jou nageslag ná jou.

**Gen 17:8** En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees.

**Gen 17:9** Verder het Elohim aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.

Dit is die enigste lyn in die hele mensdom met wie Yahweh die besondere verbond gemaak (gesluit) het. Hy het die nie met die hele mensdom gemaak nie, maar met Abraham, Isak. en Jakob (Israel). Voor Yahshua se bloed offer was nie-Israeliete nie in staat om in geënt te word in die ewige verbond. Hulle was almal verlore. Daar is geen belofte in die Skrif aan Sjina, Rusland of Indië nie. Die belofte was alleenlik gemaak met die afstammeling van Abraham en die fisiese LAND van ISRAEL. Yahweh het Israel gekies en hulle afgesonder van die ander Nasies. Wanneer hulle 'n land ingeval het, was hulle aan gesê om elke man, vrou en kind dood te maak om sodoende nie deur Heidense kulture beïnvloed te word nie.

**1Sa 15:3** Gaan nou en verslaan Amalek, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het; en jy mag hom nie verskoon nie, maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou, kind en suigling, bees en kleinvee, kameel en esel.

Yahweh het Israel weg gehou van die mense want Hy het geweet dat as hulle ondertrou sal hulle die gewoontes en praktyke van die heidene na volg. Net soos Salomo bewys het, Yahweh was en is altyd reg! Jy kan nie goed en kwaad meng nie. Meeste van die tyd word ontug in die Skrif vereenselwig met 'n geestelike kondisie. Geestelike ontug is 'n mengsel van die waarheid van Yahweh en Heidense gewoontes.

**Ese 23:5** En Ohóla het gehoereer terwyl sy My vrou was, en het gesmag na haar minnaars, na die Assiriërs, krygshaftige mense.

Ironies was die Assireërs die enigste wat haar vernietig en gevange geneem het in 722 V.M. vir haar afgode aanbidding. Yahweh het probeer om Israel suiwer te hou. Daar was geen belofte aan die ander nasies gemaak nie. Daar het eintlik 'n haat ontwikkel tussen Israel (die gekose mense) en die ander nasies. Deur Yahshua het Yahweh weg gedoen met die haat tussen Israel en die Heidense nasies, en deur Yahshua se bloed lyn (gestorte bloed), het Hy verlossing gebring aan almal wat glo. Hy het die muur afgebreek tussen Jood en Heiden. Dit was letterlik. In die Tempel in Jerusalem was daar 'n area vir die Heidene as ook 'n binnehof vir die Israeliete. Daar was letterlik 'n groot muur van skeiding tussen die twee. Yahshua het die muur afgebreek.

**Joh 2:18** Toe antwoord die Jode en sê vir Hom: Watter teken toon U aan ons, dat U hierdie dinge doen?  
**Joh 2:19** Yahshua antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.

Die tempel is Yahshua se liggaam en alle gelowiges is deel van die Liggaam. Hy het die ou tempel met die middel muur van skeiding vernietig en 'n nuwe spirituele tempel waaraan alle gelowiges, Israeliet en Heiden, deel kan wees van herbou. Die volgende vers wys die samevoeging van Israeliet en Heiden deur Sy bloed.

**Efe 2:11** Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word,  
**Efe 2:12** dat julle in dié tyd sonder Messias was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder Elohim in die wêreld.

**Efe 2:13** Maar nou in Messias Yahshua het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Messias.

**Efe 2:14** Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het

**Efe 2:15** deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep

**Efe 2:16** en albei in een liggaam met Elohim kon versoen deur die teregstellings boom, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.

**Efe 2:17** En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;

**Efe 2:18** want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.

**Efe 2:19** So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van Elohim,

**Efe 2:20** gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Yahshua Messias self die hoeksteen is,

**Efe 2:21** in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Meester,

**Efe 2:22** in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van Elohim in die Gees.

Party het verkeerdelik die verse gebruik om te sê dat die Torah af geskaf is. Maar as ons die verse in verband lees sal ons sien dat dit glad nie oor die wet van Moses praat nie. Dit praat oor die Joodse wette wat Jood en Heiden skei.

**Hand 10:28** en hy (Petrus) sê vir hulle: **Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk (Heiden) omgang te hê of hom te besoek; maar Elohim het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie.**

Die wet wat af geskaf was, was die Joodse wet van skeiding tussen Jood en Heiden. Soos die letterlike muur wat die hof van die Heidene en die van die Jode geskei het in die Tempel, af gebreek was, is die muur die nuwe geestelike herboude tempel, wat Sy liggaam is (die gemeente). Kyk versigtig na **Handelinge 10:11-14**, en neem kennis dat voor dit, Heidene **letterlik** geen hoop gehad het nie, hulle was “aliens”, vreemdelinge aan die beloftes en verbond van Yahweh. Ek kan dit nie genoeg beklemtoon nie. Dit is die kruks van die hele onderwerp (inhoud). Yahweh het Homself net as die Elohim van Israel openbaar (bekend) gemaak, maar nou is dit moontlik vir Heidene om ingeënt te word in die boom van Israel en om die saad van Abraham te word.

**Gal 3:29** En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Wanneer ons gedoop word in die naam van Yahshua, word ons soos Yahshua en sodoende 'n Israeliet.

**Gal 3:27** want julle almal wat in Messias gedoop is, het julle met Messias bekleed.

Dit is die misterie van Yahweh. Nie alleenlik wil Hy die nasie van Israel terugkoop wanneer Hy terugkom nie, maar Hy het ook ingeënt enige Heiden wat in Hom glo as Verlosser. Met bekering en geloof in Yahshua vir die vergifnis van daardie sonde, word jy ingeënt in die familie van Israel.

**Efe 3:4** waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Messias kan verstaan,

**Efe 3:5** wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik

**1Kol 12:13** Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

Wat 'n ontsagwekkende (ontsaglike) plan! Nietemin kan jy van een ding baie seker wees, omdat Heidene aangeneem kan word in die familie van Israel, het dit nie van Yahweh 'n Heidense afgod gemaak nie. Nee, dit was die Heiden wat bygevoeg is in die Nuwe Verbond met die teken van onderdompeling (doop). Die ou verbond van vlees was deur besnyding (dit was die geboorte belofte), maar die teken van die Nuwe Verbond (die septer), wat deur Juda gekom het, is die doop. Yahweh het nooit 'n Heiden af Elohim geword nie en dit is net so verkeerd om Hom te aanbid met (deur) Heidense praktyke onder die Nuwe Verbond soos dit was in die Ou verbond. Eintlik is dit nie 'n Nuwe of Ou Verbond nie maar 'n “Ewigdurende Verbond” wat gebasseer was op

beter beloftes. Geen nuwe Heiden bekeerling het 'n verskoning as hy nie Yahweh se Torah gehoorsaam nie, want met sy doop het hy 'n geestelike Israeliet of Jood geword.

**Rom 2:29** maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit Elohim.

Onthou, die Verbond en beloftes was alleenlik aan Abraham gemaak, toe alleenlik deur een saad, sy seun Isak. en toe Isak. se seun Israel (Jakob) en vandaar af na Yahshua. Die enigste manier hoe Heidene die belofte van ewige lewe kan ontvang is om in geënt te word in die boom van Israel.

**Rom 11:11** Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak.

**Rom 11:12** En as hulle val die rykdom van die wêreld is, en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!

**Rom 11:13** Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening

**Rom 11:14** as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red!

**Rom 11:15** Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?

**Rom 11:16** En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook.

**Rom 11:17** En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,

**Rom 11:18** moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.

**Rom 11:19** Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word.

**Rom 11:20** Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.

**Rom 11:21** Want as Elohim die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.

**Rom 11:22** Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van Elohim: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.

**Rom 11:23** Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want Elohim is magtig om hulle weer in te ent.

**Rom 11:24** Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?

Ag, as Christine van vandag tog net die eenvoudige feit wil verstaan. Ons Verlosser, wie se naam in Hebreeus Yahshua is, beteken "Yah is ons Verlosser", en Hy was 'n Joodse timmerman. Hy het na Sy eie mense Israel gekom (nie net Juda nie) en is die Verlosser van Israel. Luister na die profesie van Sagaria, die vader van Johannes die Doper aangaande Yahshua Messias.

**Luk 1:67** En Sagaría, sy vader, is vervul met die Heilige Gees en het geprofeteer en gesê:

**Luk 1:68** Geloofd sy Yahweh, die Elohim van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het,

**Luk 1:69** en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg—

**Luk 1:70** soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af—

**Luk 1:71** redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat,

**Luk 1:72** om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink,

**Luk 1:73** aan die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee

**Luk 1:74** dat ons, verlos uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien,

**Luk 1:75** in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.

**Luk 1:76** En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van Yahweh uitgaan om sy weë reg te maak;

**Luk 1:77** om kennis van saligheid aan sy volk te gee in die vergifnis van hulle sondes,

Die verse is baie duidelik: Yahshua het aarde toe gekom as die Messias van Israel om Sy gekose volk terug te koop en om Sy beloftes aan Abraham, Sy diensking te vervul. Deur Sy genade en liefde het Hy verlossing oop gemaak aan die Heidene om ingeent te word in die boom van Israel. Wat die Heidene die laaste 1900 jaar gedoen het was om Yahshua in 'n Heiden Verlosser en Yahweh in 'n Heiden god te verander. Jy sien dit nooit in die Skrif nie. Een van die mees misleidenste leerstellings wat vandag geleer word, word genoem “**vervangings teologie**”. Dit is die ideë dat Yahweh nie langer die Elohim van Israel is nie, maar dat die kerk Israel vervang het. Dit is absoluut nie waar nie!! Die wonderlike plan van verlossing wat ons verstaan van die boonste verse sluit nie net in die wonderlike plan van inenting van die Heidene in die een boom van Israel nie, maar dat in die eind tyd sal die natuurlike takke weer terug geënt word in hulle eie boom

**Rom 11:1 Ek vra dan: Het Elohim miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israëliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin.**

**Rom 11:2 Elohim het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie.**

**Rom 11:5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.**

**Rom 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het;**

**Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die sondes van Jakob afwend;**

**Rom 11:27 en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.**

**Rom 11:28 Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders.**

**Rom 11:29 Want die genadegawes en die roeping van Elohim is onberoulik.**

**Rom 11:30 Want soos julle ook vroeër aan Elohim ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid,**

**Rom 11:31 so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang.**

**Rom 11:32 Want Elohim het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir almal barmhartig te kan wees.**

Nee, Yahweh het nie Sy volk Israel weg gegooi nie. Hy beplan om die natuurlike takke in die eind tyd, terug te ent aan hulle eie boom.

Luister (na) wat Yahweh aan Israel sê aangaande die eindtyd en die ingaan in die Nuwe Verbond in die laaste dae:

**Ese 36:24 En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.**

**Ese 36:25 Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drek gode sal Ek julle reinig.**

**Ese 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.**

**Ese 36:27 En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen.**

**Ese 36:28 En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n Elohim wees.**

Nog 'n baie opwindende ding oor die eind tyd is die vereniging van die koningkryk van Israel (die noordelike tien stamme) met Juda en Benjamin vir die eerste keer sedert Koning Salomo. Onthou vroeër in die boek, het ons die skeiding van die tien seuns van Jakob (Israel) met die twee ander seuns (Juda en Benjamin) bespreek. Israel was in gevangenskap geneem in 721 V.M. deur die Assisiërs. Toe word Juda in gevangenskap geneem in die begin van 605 V.M. deur die Babiloniërs. Alhoewel Juda (die Jode) toe gelaat was om terug te keer na die land van Israel het hulle nooit soewereiniteit gehad tot 1948.

Die noordelike 10 stamme verdwyn (hoofsaaklik na Europa) en is nie herken tot vandag toe. Luister na die groot profesie in Esegiel 37:15-28 oor die her-vereniging van Juda en Israel vir die Messias se 1000 jaar bewind.

- Ese 37:15 Verder het die woord van Yahweh tot my gekom en gesê:
- Ese 37:16 En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote.
- Ese 37:17 Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand.
- Ese 37:18 En as die kinders van jou volk met jou spreek en sê: Sal u ons nie te kenne gee wat u met hierdie dinge bedoel nie?
- Ese 37:19 sê dan vir hulle: So spreek Yahweh hulle Meester: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand.
- Ese 37:20 So moet dan die hout waar jy op skrywe, in jou hand wees voor hulle oë;
- Ese 37:21 en sê vir hulle: So spreek Yahweh hulle Meester: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.
- Ese 37:22 En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.
- Ese 37:23 En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekElohim en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n Elohim wees.
- Ese 37:24 En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel.
- Ese 37:25 En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig.
- Ese 37:26 En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig.
- Ese 37:27 En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees en hulle vir My 'n volk wees.
- Ese 37:28 En die nasies sal weet dat Ek Yahweh is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

Hierdie Verbond beloftes gemaak deur Yahweh aan Abraham het feitlik verlore gegaan die laaste 1900 jaar. Hy het Abraham belowe dat Hy die nasie van Israel terug sou bring in die millennium koningryk. Die rede hoekom die kennis verlore gegaan het is omdat die Christendom Heidense en vervangings teologie gebruik het, miskien onwetend, om die ware goeie boodskap te onderdruk, gebring deur Yahshua van Nasaret (’n Jood) amper 2,000 jaar gelede. Hulle preek oor die persoon van “Jesus” maar hulle vertel nie die boodskap wat Yahshua gebring het nie. **Die boodskap van die komende Koningryk van Yahweh!** Die boodskap dat Hy die Koning in Jerusalem sal wees, en dat al 12 stamme van die seuns van Israel weer terug gebring sal word na hulle land vir 1,000 jaar van vrede en voorspoed. Yahweh sal weereens hulle Elohim wees en Israel Sy volk.

Die verlore seun in **Lukas 15** is **Israel** en die getroue seun is **die Nuwe Verbond (Testament) gelowiges**. Net soos die vader vir sy seun gesê het om te juig want sy broer was dood en is nou weer lewendig, moet ons ook juig met die hervereniging en herstel van Israel in die kommende dae van die Messias. Yahweh het nie sy volk verwerp nie soos ons in Romeine die 11de hoofstuk lees. Hy het hulle alleenlik aangepor tot jaloesie deur verlossing ook aan die wereld te bied. Yahweh sal Sy woord eerbiedig en die verbonds beloftes wat Hy aan getroue Abraham gemaak het, volbring.

- Mig 7:18** Wie is 'n Elohim soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbehae in goedertierenheid.
- Mig 7:19** Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.
- Mig 7:20** U sal trou bewys aan Jakob, goedertierenheid aan Abraham, wat U aan ons vaders met 'n eed beloof het sedert die dae van die voortyd.

Elke woord van die Heilige Skrif sal volbring word, presies soos dit geskryf is. As Yahweh praat, is dit asof dit alreeds gebeur het.

**Jes 55:11 so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.**

Elke woord wat Yahweh geuiter het in die heilige Skrif sal gebeur. Dit is 'n skande dat moderne Christendom amper die hele Skrif “weg” gespiritualiseer het. Hulle het Yahweh letterlik 'n leuenaar gemaak. Die predikers sal aan hulle gemeentes sê: “Ag, dit is net geestelik”. Wat hulle eintlik bedoel met geestelik is dat dit “mee weg gedoen is”. Amper elke profeet in die Skrif praat van 'n letterlike terugkeer van die 12 stamme van Israel na hulle land. Die Skrif is baie duidelik dat wanneer 'n Heiden deel word van die een boom van Israel, word hy 'n Israeliet van die saad van Abraham deur Messias.

**Gal 3:29 En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.**

Het jy geweet dat die woord “nuut” in die Nuwe Verbond nie meen “nuut” in vergelyking met oud nie? Nee, eerder “herstel” of “verfris”, met sy oorspronklike eienskappe (kenmerke) (die Torah) onveranderd! Die Ou Verbond was 'n verbond oor die Torah, maar dit was nie die Torah self nie. In die Nuwe Verbond het die Torah nie verander nie, maar ons oordeel vir sonde (die breek van die Wet) het verander. Daar was geen dekking (versoening) vir sondes in die Ou Verbond nie, net 'n aanhoudende herinnering deur diere offerhandes van hulle hulpelose toestand. In die Nuwe Verbond het ons ware versoening en 'n volle dekking vir ons sondes deur geloof in Yahshua se bloed. Torah het nie verander nie. Sonde is nog sonde: die breek van die Torah. Slegs ons oordeel het gegaan van af die letter na geloof. Die volk van Israel sal weer die kans kry om Yahshua se bloed te aanvaar as versoening van hulle sondes. Hulle sal weer terug gebring word na hulle land saam met ons vader Abraham en Yahshua vir 1,000 jaar van vrede.

**Sag 10:6 En Ek sal die huis van Juda sterk maak en aan die huis van Josef hulp verleen en hulle 'n woonplek aanwys, want Ek ontferm My oor hulle; en hulle sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie, want Ek is Yahweh hulle Elohim, en Ek sal hulle verhoor.**

Bykans die hele boek van Sagaria praat oor die end tyd en die terug keer na die aarde van Yahshua om Sy volk Israel te red. Baie Christene vadag fokus alleenlik op die aspek van Yahshua wat terug kom vir Sy bruid, die gemeente van gelowiges. Dit is waar dat Hy wel terug kom vir Sy bruid! Maar dit is net helfte van die storie. Hy kom ook terug om Sy volk Israel te red van die krygsmagte wat hulle omsingel. Dit sal die vreeslikste tyd wees wat die wereld ooit geken het of deur sal gaan.

**Sag 14:1 Kyk, daar kom 'n dag vir Yahweh; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem!**

**Sag 14:2 Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie.**

**Sag 14:3 En Yahweh sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van Sy stryd, die dag van oorlog.**

**Sag 14:4 En in dié dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.**

**Sag 14:5 En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal - en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussia, die koning van Juda. Dan sal Yahweh my Elohim kom, al die heiliges met U!**

**Sag 14:6 En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees.**

**Sag 14:7 En dit sal 'n enige dag wees wat aan Yahweh bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.**

**Sag 14:8 En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees.**

**Sag 14:9 En Yahweh sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal Yahweh een wees, en sy Naam een.**

**Yahweh het Israel lief.** Ware gelowiges moet oorsteld van vreugde wees om dieselfde wonderlike boodskap wat Yahshua, ons Verlosser, verkondig het, die restorasie van Israel, te kan verkondig. Luister na die waarskuwing van Yahshua aan enigeen wat probeer om Israel te benadeel.

**Sag 2:8 Want so sê Yahweh van die leërskaare: Hy het My gestuur agter heerlikheid aan na die nasies wat julle uitgebuit het; want wie julle aanraak, raak Sy oogappel aan.**

Yahshua het oor Jerusalem gehuil. Hy het gesê dat Hy hulle onder Sy beskerming sou neem soos 'n hen as hulle net besef het dit was hulle tyd van Sy besoek.

**Luk 13:34 Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig; hoe dikwels wou Ek jou kinders bymeekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie.**

**Luk 13:35 Kyk, julle huis word vir julle woens gelaat. Voorwaar, Ek sê vir julle dat julle My sekerlik nie sal sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van Yahweh!**

Ja, Israel was weg gegooi maar nie vir altyd nie. Yahshua het gesê dat hulle net weg gegooi is tot hulle Sy terug keer sien. Dan sal hulle die gate in Sy gewigte en in Sy voete sien soos hulle Hom tereg gestel het. Berou hê en treur oor Hom en Yahshua van Nasaret as Messias, die Seun van Yahweh, aanvaar.

**Sag 12:9 Ook sal Ek in dié dag daarna soek om al die nasies wat teen Jerusalem aankom, te verdelg.**

**Sag 12:10 Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smeking; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het (Hande en voete), en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind.**

Dit is interessant om op te let dat in die oorspronklike Hebreeus tussen die woorde “my” en “wie” kry jy die eerste en laaste letters van die Hebreeuse alfabet, “alef” en “tav”.

**Open 1:8 Ek is die Alfa(alef) en die Oméga(tav), die begin en die einde, sê Yahweh, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.**

Openbaring vertel ons dat Yahshua Homself die “Alfa en die Omega” noem. Hierdie is die eerste en die laaste letters van die Griekse alfabet. Hier in **Sagaria 12:10** het Hy inderdaad een van Sy name aan Sy kinders, Israel, ge-openbaar. Dit gaan 'n wonderlike, glorieryke dag wees! Hulle sal weet dat HULLE die Messias vermoor het. Hulle sal innige berou he en Yahweh sal genade aan hulle bewys en hulle vergewe. Wat 'n opwindende voorreg is dit nie om vandag te lewe en vir Hom om sy wonderlike waarhede aan sy ware gelowiges te onthul.

**Luk 10:23 En Hy het Hom omgedraai na sy dissipels en afsonderlik aan hulle gesê: Salig is die oë wat sien wat julle sien;**

**Luk 10:24 want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie.**

Hoe voel jy? Voel jy geseënd om die ware plan van Yahweh te vind? Voel jy opgewonde en vreugdevol vir die terugkoop van die kinders van Israel deur Yahweh? Gaan jy voort met 'n singende stem, soos dit genoem word in **Jesaja 48:20**, en verklaar dit tot aan die einde van die wereld? Sê jy: “Yahweh het Sy kneg, Jakob, verlos”. Net soos die skaamte wat Israel gaan voel wanneer hulle besef dat hulle Yahshua verwerp het die eerste keer, sal baie Christine die selfde voel oor die verwerping van Sy Woord en Sy Torah. Yahweh wil jou nie veroordeel nie maar om jou te herstel. Net soos Hy genade sal hê vir die kinders van Israel, wil Hy genade hê vir alle Christine as hulle die nuttelose, Heidense gebruike van die mense verwerp en ware berou sal toon. Ons Vader wag met uitgestrekte, liefdevolle en vergewensgesinde arms, as ons tog maar net sal erken dat ons sondig, berou sal hê en terug draai na Hom in gehoorsaamheid. Wil jy saam met Yahshua regeer gedurende die glorieryke tyd? Indien wel, moet jy 'n lewe van waarheid, heiligheid en geloof in die beloftes waarvan ons gelees het, lewe. Dit is waaroor die hele millenium gaan – die vernuwning van Israel en die Torah wat uit gaan van af Sion. Israel sal 'n model wees vir die res van die wêreld om aan hulle te wys dat Yahweh se wette werk vir ware Voorspoed. Yahshua sal regeer oor die hele wêreld vanaf Jerusalem, as Koning van Konings. Kom ons eindig die hoofstuk met 'n gedeelte oor die verwagting van die snel komende Koningkryk.



Jes 65:17 Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.

Jes 65:18 Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees.

Jes 65:19 En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor My volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweene of die stem van geskreue nie.

Jes 65:20 Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.

Jes 65:21 En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet:

Jes 65:22 hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.

Jes 65:23 Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur Yahweh gesien is, en hulle nakomelinge is by hulle.

Jes 65:24 En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek.

Jes 65:25 Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê Yahweh.

Mig 4:1 En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van Yahweh vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom.

Mig 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van Yahweh en na die huis van die Elohim van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van Yahweh uit Jerusalem.

Mig 4:3 En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.

Mig 4:4 Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van Yahweh van die leërskaars het dit gespreek.

Mig 4:5 Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy Elohim, maar óns sal wandel in die Naam van Yahweh onse Elohim vir ewig en altoos.

Mig 4:6 In dié dag, spreek Yahweh, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.

Mig 4:7 Dan sal Ek die wat kreupel was, tot 'n oorblyfsel maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En Yahweh sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid.

Mag die dag baie vinnig kom en mag ons vlekloos en heilig wees in Sy aangesig met sy terug keer!

## HOOFSTUK 6 – MAN VAN SONDE

Tot hiertoe het ek verduidelik van die bedrog wat die satan gebruik het op die planeet Aarde vir ongeveer 1,900 jaar. Ons het merkwaardige veranderings gedurende die tyd. Van die vroegste gelowiges was die gemeente gebou op die fondament van die Torah (wet) en die profete. Yahshua Homself is die vernaamste hoeksteen (**Efe 2:20**). Die huidige kerke vandag lyk heeltemal verskillend van die vroeë gemeente. Die kerke is gevul met Heidense gebruike, mens gemaakte hiërargies en 'n gevaarlike bedrieglike evangelie van wetteloosheid en vervangings teologie. Hoe is dit moontlik dat in so 'n tegnologiese gevorderde wêreld, met miljoene web werwe en elke moontlike manier van vinnige verbinding, dat die meeste mense nogtans bedrieg word oor hierdie eenvoudige waarhede? Die antwoord is tweevoudig! Eerstens, soos on in diepte verduidelik het, die vleeslike, menslike verstand is vyandig teenoor die Torah (wet) en weë van Yahweh. Meeste mense is behep in hulle strewe na 'n eie huis, kar, DVD's. TV en ander genot verskaffings apparate. Hulle het nie 'n opregte begeerte om Yahweh te ken nie. Hulle wil van Hom weet sodat hulle veilig kan voel in hulle hiernamaals, maar hulle wil Hom nie persoonlik ken nie. Meeste Amerikaners(en baie westerse mense) is so besig in die strewe na materiële rykdom en sosiale status, en so bekommerd oor hulle self, dat hulle nie die nodigheid van 'n een-tot-een

verhouding raaksien nie. Hulle sien werklik nie die nodigheid om een honderd persent afhanklik van Yahweh te wees nie. En ek kan sien hoekom. Hulle hele bestaan is gebaseer op **self** en daar is geen plek vir geloof nie. Hulle verdien 'n goeie salaris elke week of maand om te betaal vir kos, huis, klere en elke vorm van genot. Hulle het elke moontlike tipe versekering, so hulle het Yahweh nie nodig vir hulle gesondheid. In plaas daarvan om in geloof te lewe is hulle heeltemal onafhanklik van die hulp van Yahweh en totaal vertrouwd op self. My vrou en ek is besig met sendeling werk vir 'n goeie klompie jare. Ons het baie brandarm, hawelose gelowiges ontmoet in plekke soos Honduras, Mexico, Nigerië, Filippyne, Sri Lanka en Sjina, om maar net 'n paar te noem. Van hierdie arm, amper gebroke mense het ons die verkil gesien tussen die gemaklike, volkome bevoorregte Amerikaners. Hulle het 'n nood vir Yahweh – NOU!

**Open 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.**

Die vers beskryf die gemiddelde Europeër en Amerikaanse gelowiges. Die konsep van oorlog, sonder kos of om in 'n vlugteling kamp vir jare te leef is ondekbaar, net soos dit vroeër vir my was voordat ek dit met my eie oë gesien en belewe het. En nog hoor ek Amerikaners sê dat die wêreld nie so sleg is nie. Hoe kan 'n ware volger/volging van Messias dit ooit sê? Miljoene baba's word wêreld wyd elke jaar geaborteer. Twee derdes van die wereld lewe in ontsettende armoede. Miljoene gaan dood van hongers. HIV en allerhande vreeslike siektes versprei onbeheersd. Geweld is ooral en werklik net soos **Mattheüs 24:14** sê: sal die liefde van die meeste verkoel. Hollywood en TV het vandag substituut ouers vir baie van ons kinders geword. Woorde kan nie die onsedelikheid beskryf wat ons vind in ons vermaaklikheids bedryf nie. Hoe kan enigeen aanspraak daarop maak dat h gelowig is en tog vir ure sit en kyk na gemors, sepies, sinnelose sport en seks verwante gewelddadige prente? Hoe kan iemand hierdie dinge daagliks doen en dan wil sê dat hulle die gees van Messias het? Hoe kan vroue half naak en volkome verslaaf wees aan wêreldse modes en sê hulle het die gees van Messias? Hoe kan vroue meer bekommerd wees oor hulle loopbaan as hulle familie en sê hulle het die gees van Messias? En dié sodannige Christine sal die woorde van die boek veroordeel as wetsverering (legalism). "The proof is in the pudding". Die resultaat van die plesier soekende, selfsugtige leefstyl het gelei tot meer wetteloosheid en sedelike verval. Die wêreld is in die moeilikheid oor opstandigheid. Die mensdom se oordeel is toe te skryf aan die feit dat hulle dink hulle weet beter as hulle Skepper. Sy tyd is amper verstreke. Dit is die eerste rede hoekom so baie gelowiges bedrieg word vandag. Hulle gee net nie om nie. Hulle sien nie die nodigheid vir Yahweh of boetvaardigheid (berou) nie. Hulle het hulle eerste liefde verloor asook hulle liefde vir die waarheid.

**2Tim 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

**2Tim 2:11 En daarom sal Elohim hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,**

**2Tim 2:12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.**

Hierdie is 'n baie ernstige gedeelte. Die liefde vir die waarheid is nie alleenlik 'n plus punt nie, maar 'n moet om gered te word! Ek het vroeër genoem dat die miskien die belangrikste boek sal wees na die Heilige Skrif wat jy ooit sal lees, en ek bedoel dit. Ek het eerlikwaar die boek uit liefde geskryf. Daar is baie op die spel: jou **EWIGE LEWE!** Ek probeer nie om jou bang te maak nie, maar dit is baie ernstig. Meeste boeke wat jy lees is vol mooi stories, om jou 'n warm gevoel te gee, maar wat ek skryf is die waarheid en skriftelik. Daar is groot bedrog gepleeg deur die satan.

**Open 12:9 die ou slang wat genoem word duiwel en satan, wat die hele wêreld verlei,**

**2Th 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf**

Valse, korporatiewe kerke wil jou bedrieg om te dink dat daar 'n reuse herlewing kom net voor die terug keer van die Messias. Dit is absoluut nie waar nie. Dit is afvallige en wettelose berigte! Kyk om jou en jy sal besef die leuen is hier! Meeste belydende Christen predikers leer 'n welvaart evangelie en vertel vir jou hoe wonderlik alles is. Hulle is soos die blinde wat 'n blinde lei. Die Skrif sê dat albei in 'n put sal val. Die satan het meeste mense in die wêreld net waar hy hulle wil hê – glo aan vinnige en maklike antwoorde. “Sê net 'n vinnige gebedjie” en siedaar, al jou probleme is opgelos. “Moet jou nie bekommer oor gehoorsaamheid nie” vertel hulle jou, want die Torah (wet) is teen die ‘kruis’ vas geslaan. Skei, lieg op jou inkomste belasting, moet jou nie bekommer oor 'n wit leuntjie nie, want “Jesus het jou lief.” Die satan het sy leermag van predikante besig om sy werk te doen.

**2Kor 11:13 Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Messias.**

**2Kor 11:14 En geen wonder nie! Want die satan self verander hom in 'n engel van die lig.**

**2Kor 11:15 Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.**

En dit bring my by die tweede punt betreffende die Groot afvalligheid, soos genoem in die vorige verse. Die satan het baie in die korporatiewe godsdiens besigheid. Hulle verkondig die wetteloosheid dwars oor die wêreld. Dit is ironies hoe hulle jou vertel dat om Yahweh se Torah te gehoorsaam is of jy jou redding probeer verdien en tog sê die bogenoemde verse baie duidelik: “Hulle einde sal wees volgens hulle werke”. Hulle vertel jou die halwe waarheid. Jy kan nie jou redding verdien nie, dit is waar. Maar die ander helfte van die storie is dat nadat jy die belofte van die ewige lewe en die vergiffenis van sonde ontvang het, deur die bloed van Yahshua, sal jy elke dag moet probeer om jou “dwarsbalk” op te neem en Hom volg. Jy behoort die Torah van Yahweh te gehoorsaam as leidsman op jou pad (**Ps 119:105**), en dan moet jy uit die wêreld kom en Yahweh in heiligheid en nederigheid opsoek. Moet nie aardse rykdom by mekaar maak wat deur mot en roes verwoes gaan word of gesteel word, maak vir jou hemelse skatte bymekaar wat vir ewig en ewig sal hou (**Mat 6:19-21**). Sonder om doekies om te draai gaan ek jou vertel wat ek van Christine dink vandag. Dit is niks anders as 'n biljoen-dollar besigheid nie. Jy is nie 'n kind van Yahweh in hulle oë nie; jammer om vir jou dit te sê, jy is slegs 'n manier van geld maak – en baie ook!

**Mat 10:8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.**

Die Skrif is baie duidelik. Maar in die Christin wêreld vandag is daar 'n prys vir alles. “Jy het die bandjie nodig vir jou ewige lewe” sal hulle jou vertel, “en slegs R40,00”. Jy hoor hulle op radio en TV advertensies besig om boeke, tydskrifte en bande te verkoop, altyd besig om vir meer en meer geld te smEEK.

Party van hulle smEEK vir geld elke week van die jaar. Hulle vertel jou gereeld dat as jy nie 'n sekere bedrag geld stuur nie, hulle van die lug af moet gaan. Een man het die vermetelheid gehad om te sê dat indien hy nie een miljoen dollars teen 'n sekere tyd kry nie sal sy god hom dood maak. Hy het nie die geld teen die spesifieke datum gekry nie maar toe gesê dat sy god hom so nodig het en daarom nie sy lewe geneem het nie. Hulle sê verder om Yahweh se Torah te gehoorsaam is om hulle genade goedkoop te maak (cheapens their grace). Ek kan aan niks dink wat my genade goedkoper kan maak as om 'n prys daaraan te heg nie! Elke preek, elke video, elke toer: hulle maak altyd 'n profyt. Party van die mans dra allerhande goue juwele en bestuur duur karre, party het selfs hulle eie vliegtuie. Dit is NIE die voorbeeld wat ons Verlosser vir ons gestel het terwyl Hy op die aarde was nie.

**Mat 8:20 En Yahshua sê vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.**

Hierdie valse predikers verkondig nie net maklike, wêreldse genade sonder werklike berou of die nodigheid om 'n heilige lewe te lei nie, maar hulle het 'n besigheid gemaak uit Elohim se gekose kinders. Luister na die teregwyding van ons Verlosser Yahshua aan die kwaksalwers van Sy dag wat dieselfe dinge gedoen het.

**Mat 21:12 En Yahshua het in die tempel van Elohim ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi.**

**Mat 21:13 En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak.**

**2Kor 6:16** Of watter ooreenkoms het die tempel van Elohim met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende Elohim, soos Elohim gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Ons is deel van daardie tempel en soos ons meester Yahshua dit amper 2,000 jaar gelede gedoen het, moet ons ook die tempel van Yahweh skoon maak. Ons behoort die valse predikers te verwerp wat die mees heiligste ding in ons lewens vat – ons genade – en wat 'n bespotting daarvan maak vir finasieële gewin.

**1Pe 5:2** Hou as herders toesig oor die kudde van Elohim wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;

Gelowiges moet weet dat hulle 'n verantwoordelikheid het om vrylik hulle tiendes en offerhandes te deel vir die verkondiging van die goeie nuus. In elk geval om 'n prys te sit op geestelik materiaal is VERKEERD. Hiermee 'n afskrif van 'n brief wat ek aan honderde predikers die laaste paar jaar gestuur het. Maak afskrifte van die brief en gee dit uit soos die heilige Gees jou lei.

AAN enigeen in die liggaam van Messias wat die Woord van Yahweh verkoop (bande, Cd's, DVD'S, boeke, preke, ens.....)

“Hierdie is 'n boodskap van berisping maar nie van toorn nie, eerder uit besorgdheid en liefde. Yahweh Elohim het my gelei om die brief aan jou te skryf omdat Hy jou lief genoeg het om jou te waarsku oor die ernstige daade wat jy bedryf. Dink daaroor na vir 'n oomblik. Glo jy in die Tien Gebooie? Ek is seker dat jy gaan sê: ja. Die woorde wat jy praat op jou bande of boeke, is dit jou eie woorde of is hulle geïnspireer deur die enigste ware Elohim van die heelal? As jou antwoord “hulle is geïnspireer deur Yahweh” dan steel jy Yahweh se woorde deur dit te verkoop. Jy begeer ook wat nie joune is nie en jy lieg deur jou naam of bediening daaraan te koppel teen 'n prys. As dit wel deur Yahweh geïnspireerd is en belangrik vir die gemeente is, wys jy nie die liefde aan hulle wat jy moet hê vir jouself.

**Mat 10:8** Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.

**Jes 55:1** O Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!

Ek veroordeel nie jou hart nie, maar die vrugte wat jy dra. (**Mat 7:16**). Bekeer jouself onmiddelik, en stop om 'n mark uit die Woord van Yahweh te maak of jy sal oes wat jy saai. En as jou antwoord aan die vraag is dat die woorde nie deur Almagtige Yahweh geïnspireer is nie dan wil niemand dit hoor nie. Dit is hoog tyd om die tempel van Yahweh te reining! Dit is hoog tyd om 'n end te maak aan die besigheid wat gemaak word van die Heilige Skrif! Yahweh ons Elohim sê die volgende:

**1Pet 4:17** Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van Elohim. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van Elohim ongehoorsaam is?

Die tyd het gekom vir die Yahweh om die huurlinge te reinig.

**Ese 34:1** En die woord van Yahweh het tot my gekom en gesê:

**Ese 34:2** Mensekind, profeteer teen die herders van Israel; profeteer en sê vir hulle, die herders: So spreek Yahweh : Wee die herders van Israel wat aan hulleself weiding verskaf! Moet die herders nie die skape laat wei nie?

**Ese 34:3** Julle eet die vet en beklee julle met die wol; julle slag die vettes, maar die skape laat julle nie wei nie;

**Ese 34:10** So sê Yahweh : Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en Ek sal my skape uit hulle mond uitruk, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie.

**Sag 11:8 En ek het die drie herders in een maand vernietig. Toe het my siel ongeduldig geword oor hulle, terwyl hulle siel ook van my afkerig geword het.**

Wil jy die kans vat en een van die mans wees? Die ware woord van Elohim is die evangelie van verlossing. Dit is 'n gratis geskenk (gawe) aan almal wat berou het oor hulle sondes en glo in die bloed van Yahshua Messias vir die boete betaal oor die pleeg van daardie sondes. Dit het nie 'n geldelike prys nie. Dit maak ons genade goedkoop. Dit beteken nie dat 'n man wie se lewe die evangelie is, nie daarvolgens kan leef nie.

**1Kor 9:14 So het Yahweh ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe.**

Dit is waar geloof inkom. Ons hemelse Vader weet wat ons nodig het. Hy sal "vrywillige tiendes of offerandes" voorsien vir al ons benodigdhede. Maar dit bly 'n sonde en gruwel in Sy gesig as Sy "Heilige Woord" verkoop word. Dit sluit ook in om te betaal om 'n boodskap van iemand te hoor. Sy ware gemeente is nie 'n besigheid nie. Almal wat die mans finansieel ondersteun sal deel in hulle sonde. Dit is nodig dat ons die boosheid tussen ons moet verwerp. Onthou die tien maagde: die vyf dwase maagde (**Mat 25:9-10**) het olie gaan koop en is sodoende uit gesluit. Moet nooit ooit weer een sent aan enige evangelis of profesie klub gee wat 'n prys of handel dryf met Yahweh se kinders nie.

**Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van Elohim en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.**

Die keuse is joune. Ek het die boodskap van die wagter verkondig (**Ese 33:1-11**), bekeer of laat die bloed op jou eie kop wees." (**Einde van brief**).

Laat ek jou die vreeslike oordeel wys wat Yahweh hierdie hebsugtige, geld gierige korporatiewe predikers gaan gee.

**Ese 34:4 julle versterk die swakkes nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gewond is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie en wat verlore is, soek julle nie; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid.**

**Ese 34:5 So het hulle dan verstrooid geraak, omdat daar geen herder was nie; en hulle het die voedsel geword vir al die wilde diere van die veld en het verstrooid geraak.**

**Ese 34:6 My skape dwaal rond op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is My skape verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek.**

**Ese 34:7 Daarom, o herders, hoor die woord van Yahweh:**

**Ese 34:8 So waar as Ek leef, spreek Yahweh, gewis, omdat My skape 'n prooi geword het en My skape as voedsel gedien het van al die wilde diere van die veld, omdat daar geen herder was nie, en My herders na My skape nie vra nie; en die herders aan hulleself weiding verskaf, maar My skape nie laat wei nie**

**Ese 34:9 daarom, o herders, hoor die woord van Yahweh!**

**Ese 34:10 So sê Yahweh: Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal My skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en Ek sal My skape uit hulle mond uitruk, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie.**

**2Kor 6:17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek Yahweh; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;**

Die probleem met die geld maker koperatiewe besighede wat hulle self kerke noem is dat hulle glad nie 'n een-op-een verhouding in gees en waarheid, met Yahweh aanmoedig nie. Hulle leer nie vir die mense behoorlik van die Heilige Skrif nie. Hulle vertel 'n klomp stories en vermaak hulle gehore en maak van jou 'n pasiewe toeskouer/gelowige. Hulle sal oor geloof praat, of liefde, of hoop en baie ander onderwerpe maar nooit werklik grawe na die diepere geheime van die Skrif. Hulle wil jou afhanklik maak aan hulle sodat jy elke week terug sal kom en hulle ondersteun met jou geld. Hulle sal redes uit dink om jou geld te kry – kerk geboue, verspreiding van die boodskap (wat hulle nie doen nie), enige iets om jou te kry om jou beursie oop te maak. Hulle sal jou oorval met sosiale bedrywighede verwant met/aan die kerk om jou nog meer verplig te laat voel om elke week terug te gaan. As jy ander gemeentes of gelowiges besoek sal hulle jou skeef aan kyk of as jy hulle doktrines

bevraagteken sal hulle gou-gou van jou ontslae raak. Hulle belangrikste doel is om nie golwe te maak nie. Stabiliteit, nie die waarheid, is hulle belangrikste doelwit.

Hulle skat hulle sukses aan die hoeveelheid mense en geld wat hulle kry. Baie min gemeentes in die wêreld het beide die ware goeie nuus soos in die boek beskryf is, asook die krag van die Heilige Gees. Hulle mag baie emosioneel wees, hulle kan sing en huil, hulle mag selfs in wat hulle noem, vreemde tale, babbel of bid. Maar as dit gebaseer is op Heidense gewoontes, leuens en 'n valse evangelie boodskap, hoe kan dit ons hemelse Vader verheerlik? Emosies kan Hom nie verheerlik nie. Kennis kan hom nie verheerlik nie. Wat Hom wel verheerlik is 'n suiwere hart en om Hom te aanbid in die gees en waarheid. In die laaste dae roep ons hemelse Vader sy ware heiliges uit die koperatiewe fiasko's na 'n geestelike wildernis om hulle persoonlik te onderrig.

**Ese 34:11 Want so sê Yahweh: Kyk, hier is Ek, en Ek sal na My skape vra en vir hulle sorg.**

**Ese 34:12 Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir My skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid.**

Die wolk waarvan Yahweh praat is die wolk van verwarring wat hierdie geld maker kerke geskep het. Yahshua het gesê dat Hy Sy gemeente – Sy uitverkorenes – sal bou. Ons is veronderstel om een liggaam te wees, dog is daar duisende verskillende koperatiewe kerke vandag, en almal maak aanspraak daarop dat hulle die “regte een” is. Kan hulle almal die “regte een” wees? Daar is niks anders as verwarring in die kerke vandag en Yahweh is nie die skepper/bewerker van verwarring nie.

**1Kor 14:33 want Elohim is nie 'n Elohim van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges.**

Toe ek onder die beheer van 'n koperatiewe kerk was, het hulle my vryheid weg geneem. Ek was alleenlik toegelaat om mense in die organisasie te dien. Nou, as 'n dienskneg van Yahweh, kan ek die hele gemeente dien. Ons oordeel of iemand 'n ware gelowige is deur die vrugte wat hy dra, net soos die Skrif sê, nie aan wie hulle behoort nie. Het jy al ooit daaraan gedink, as ons een liggaam is, hoekom, wanneer ons 'n stad ingaan daar honderde verskillende Christelike kerke is? 'n nog groter raaisel is dat selde of ooit sal die verskillende kerke ander erken, saamwerk of vriendskaplik saam verkeer. Yahshua se liggaam is 'n spirituele organisasie, nie 'n fisiese organisasie nie. In Amerika word al hierdie verskillende kerke geregistreer by die regering. 'n Vorm, 5013C word ingevul, om hulle te vrywaar van inkomste belasting. Wat nou gebeur is dat hulle saamsmelt met die regering, die regering word hulle vennoot en hulle word die raadgever en kontroleerder van wat gepreek of gesê word. Hulle het 'n dienskneg van die staat geword en dit om inkomste belasting vry te spring (geld)!

**Mat 6:24 Niemand kan twee meesters dien nie; want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie Elohim én Mammon dien nie!**

Jy kan nie vir Yahweh en materialisme (geld) dien nie. Jy is die slaaf waaraan jy gehoorsaam is. Die oomblik wat jy afhanklik word van 'n koperatiewe tjek, van 'n kerk organisasie, sal jy kompromitteer met jou waardes en geloof vir daardie geld. Ek glo in die leierskap van die ouer mans. Ek is self 'n geordende leeraar. 'n Ware leeraar, egter, sal die kudde beskerm en versorg. Hy moet onselfsugtig wees en die voorbeeld stel om die beste dienskneg ooit te word.

**Mat 20:26 maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.**

'n Ware dienskneg is nie daar om oor die kudde te heers en geld te kollekteer nie, maar om op te pas. Hy is die een wat 'n goeie kennis van die Skrif moet hê, asook ware liefde vir Yahweh se kinders. Sy werk is om op te lig, nie af te breek nie, die geestelike gawes van die kudde. Hoekom is die koperatiewe kerke so dood vandag? Hoekom sien jy nie die krag van die Ruach HaKodesh? Want die meeste leiers is nie geestelik gekwalifiseer om ware leeraars te wees nie. Yahweh, deur inspirasie van die Ruach HaKodesh, maak iemand 'n leeraar.

Jy word nie 'n ware leeraar deur kollege toe te gaan of om by hooggeplaaste leeraars te kruip of deur nepotisme nie. Dit is wyd verspreid in koperatiewe kerke vandag. Ons sien nie dié voorbeeld in die Skrif nie. **1 Tim 3:1-7** gee 'n duidelike definisie oor die kwalifikasies van 'n leeraar.

- 1Ti 3:1 Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk.**
- 1Ti 3:2 'n Opsier dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;**
- 1Ti 3:3 geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;**
- 1Ti 3:4 een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.**
- 1Ti 3:5 Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van Elohim sorg dra?**
- 1Ti 3:6 Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.**
- 1Ti 3:7 Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.**

Die verse diskwalifiseer tussen 70-80% van huidige predikante in die wêreld. Dit is baie duidelik dat hy net een vrou kon hê. En tog het die sogenaamde predikante van vadag twee, drie en selfs vier huwelike agter die rug. Nog 'n kwalifikasie wat baie gaan druipe is dat hulle nie geld mag lief hê nie. Hy moet bekwaam wees om te onderrig. As 'n prediker leer dat die Torah teen die boom vas geslaan is en dat jy Yahweh deur Heidense praktyke kan aanbid, is hy gediskwalifiseerd. Om te kwalifiseer vir die posisie van 'n leeraar is vir mans alleenlik en **nie** vir vrouens nie. Dit is baie duidelik van **1 Kor 14:34-40** en tog is daar baie vrouens wat beweer dat hulle pastoors of predikante is. Dit maak nie saak hoeveel ander boek kennis 'n man mag hê nie; onthou, dit is wêreldse kennis en dit kom van die kennis van die boom van goed en kwaad. Hy moet gasvry wees – en hoeveel leeraars daar buite is net die teen oorgestelde – hulle is selfs ongenaakbaar. Hulle familie en kinders moet goed regeer word en hulle mag nie 'n nuwe bekeerling wees nie. Weet jy van enige kerk organisasie op aarde wat werklik hierdie verse as riglyn het by ordinasies? Besef jy dat die meeste van die leerstellings wat uit hierdie miljoen-dollar korporasie kerke kom gegee word deur skriftelike ongekwalifiseerde mans? Geen wonder dat die ware boodskap van die Goeie Nuis van Yahshua se Koningryk verdruk word nie. Ons word aangesê om uit die wêreld te kom en tog is meeste van die kerke reg in die middel van wêreldgesindheid. Afvalligheid (apostasie) en kettery is baie ernstige sondes in die oë van Yahweh.

- 2Jo 1:9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Messias nie, hy het Elohim nie. Wie in die leer van Messias bly, hy het die Vader sowel as die Seun. (Sy boodskap was, as jy My liefhet, onderhou My geboeie).**
- 2Jo 1:10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.**
- 2Jo 1:11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bese werke.**

Ek besef dat Christine wat kerk toe gaan vir sosiale redes nooit ooit die verse sal verstaan nie. As ons 'n kerk of organisasie gaan ondersteun wat teen Yahweh se Torah en woord preek, dan neem ons deel in hulle ewel. Ons is so na aan die einde van die era en die wederkoms van Yahshua na die aarde. Daar is nie meer tyd vir kerk-kerk speel nie. Ons moet skei van wetteloosheid en heilige kinders word vir Yahweh. Ek will verse oor die valse leeraars bespreek en verduidelik hoekom die kudde so mislei word.

- Ese 22:26 Sy priesters verkrag My wet en ontheilig My heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir My sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig.**
- Ese 22:27 Sy vorste is in hom soos wolwe wat prooi verskeur, om bloed te vergiet en siele om te bring, dat hulle onregverdige wins kan maak.**
- Ese 22:28 En sy profete pleister vir hulle met los kalk deur bedrieglike gesigte te sien en vir hulle leuens te voorspel met die woorde: So sê Yahweh - terwyl Yahweh nie gespreek het nie.**

Klink dit bekend? Dit is presies van die koperatiewe predikante van vandag doen. Hulle leer nie die wette van Yahweh nie, hulle leer omdat hulle gierig is vir geld. Hulle ontheilig die Sabbat dag (interessant) en leer dat daar geen verskil is tussen die skoon en onrein kosse nie. Dan gaan hulle so ver en vertel die onnugterde kerkgangere, met ydele woorde en visies dat, “Yahweh het my dit vertel” en “Yahweh het my dat vertel”. Wil jy graag weet wat Yahweh daarop te se het? Maak oop die heilige Skrif en hoor eerste hands van Hom wat Hy te se het oor die eindtyd kwaksalwers.

**Mal 2:7** Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, (hulle behoort as hulle ware knegte van Yahweh is) want hy is 'n boodskapper van Yahweh van die leërskaare.  
**Mal 2:8** Maar julle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig (van Torah) laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê Yahweh van die leërskaare.  
**Mal 2:9** So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering by die hele volk, omdat julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak (Torah).

Moet nie verbaas wees dat dit vandag in die liggaam gebeur nie. Dit was geprofeteer. Yahshua se disipels het Hom gevra wat die tekens van die tye met Sy wederkoms sal wees op aarde in **Matt 24:3**. Sy antwoord in verse vier en vyf is die nommer een ding om na uit te kyk.

**Matt 24:4** En Yahshua antwoord en sê vir hulle: **Pas op dat niemand julle mislei nie.**

**Matt 24:5** Want baie sal onder My Naam kom en sê: **Ek is die Messias! en hulle sal baie mense mislei.**

Het jy geweet dat die woord vir “mislei” in die vierde vers beteken: “veroorzaak om te swerf, te verlei, om te swerf van die veiligheid van die waarheid en kuisheid/reinheid”. Yahshua waarsku sy dissipels teen valse leraars wat gelowiges verlei weg van die veiligheid van die waarheid. Daar is 'n groot beloning as jy die waarheid behou (**Ps 19:11**). Hulle sal sê dat Yahshua die Messias, die Seun van Elohim is, hulle kan die feit nie verbloem nie, maar hulle sal gelowiges mislei in die laaste dae deur hulle te laat glo dat as hulle Sy naam verklaar hulle vryheid het om te sondig; in ander woorde, wette (Torah) -loosheid. “Moet nie bekommerd wees nie, volg jou eie gewete maar moet net nie ander veroordeel nie” sal hulle jou vertel. Dit is die blinde wat die blinde lei. Die apostel Petrus het ons gewaarsku oor hierdie onderwerp wat ons nou bespreek, dat valse leraars die woorde van die ewige lewe sal verdraai in wetteloosheid.

**2Pe 3:16** net soos in al die briewe. Hy (Paulus) spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf.

**2Pe 3:17** Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie.

Moet nie verbaas wees oor hoe groot die kettery is nie. Onthou dat die einde nie kan kom tensy daar 'n groot gevalling is en die man van sonde onthul word nie.

**1Ti 1:6** waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies;

**1Ti 1:7** hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie.

**2Ti 3:14** Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,

**2Ti 3:15** en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Messias Yahshua.

**2Ti 3:16** Die hele Skrif is deur Elohim ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg wysing, tot onderwysing in die geregtigheid,

**2Ti 3:17** sodat die mens van Elohim volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Jy moet onthou toe Paulus die brief aan Timoteus geskryf het, daar nie 'n Nuwe Testament was nie. Die Nuwe Testament het nie deel van die Heilige Skrif geword tot en met die 4de eeu nie, toe die Katolieke Kerk dit gekanoniseer (canonized) het nie. Paulus het nooit soos die korporatiewe kerke vandag geleer dat Yahweh se Torah mee weg gedoen is nie. Die korporatiewe kerke sal heel moontlik met gedeeltes van die bogenoemde skrif saamstem. Ek is seker dat hulle sal saamstem dat dit baie lonend is. Paulus het ook uit die Ou Testament gepreek.

**Hand 28:23** En hulle het vir hom 'n dag bepaal, en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van Elohim uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Yahshua.



Kom ons gaan terug na **Matteus 24** en die profesie vir die eind tyd. In vers 10 word dit gese dat baie aanstoot gaan neem en mekaar sal verrai. Die woord “aanstoot” beteken letterlik om verlei te word tot sonde, versaking, afvallig word. Hoe waar is dit tog nie vir vandag. Hoeveel broeders en predikante het jou so lief dat hulle jou terug sal draai na die woord van Yahweh? Nie baie! Meeste word kwaad en neem aanstoot as jy met liefde hulle korrigeer van uit die geskrewe Woord. Hulle probeer om die meeste mense te verlei tot sonde en wetteloosheid.

**Jer 23:1 Wee die herders wat die skape van My weide laat omkom en hulle verstrooi, spreek Yahweh.**

**Jer 23:2 Daarom, so sê Yahweh, die Elohim van Israel, aangaande die herders wat My volk oppas: Julle het My skape verstrooi en hulle verdrywe en hulle nie opgesoek nie. Kyk, Ek besoek oor julle die boosheid van julle handeling, spreek Yahweh.**

**Jer 23:3 En Ek self sal die oorblyfsel van my skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig.**

Ons hemelse Vader is teen die korporatiewe predikers en Hy is besig om Sy kinders uit te roep, in die geestelike wildernes in om sodoende al hulle onsuiverhede weg te vat en hulle voor te berei vir Yahshua se terug keer. In **Ese 20:33-38** verduidelik dit die hele plan van ons hemelse Vader vir die eind tyd.

**Ese 20:33 So waar as Ek leef, spreek Yahweh, Ek sal gewis met 'n sterke hand en met 'n uitgestrekte arm en met uitgestorte grimmigheid oor julle regeer.**

**Ese 20:34 En Ek sal julle uit die volke uitlei en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, deur 'n sterke hand en deur 'n uitgestrekte arm en deur uitgestorte grimmigheid.**

**Ese 20:35 En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke, en Ek sal daar met julle in die gerig tree van aangesig tot aangesig.**

**Ese 20:36 Soos Ek met julle vaders in die woestyn van Egipteland in die gerig getree het, so sal Ek met julle in die gerig tree, spreek Yahweh.**

**Ese 20:37 En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaen en julle bring in die band van die verbond.**

**Ese 20:38 En Ek sal uit julle afsonder die wat opstandig is en teen My oortree; Ek sal hulle uit die land van hul vreemdelingskap uitlei, maar hulle sal in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek Yahweh is.**

Ja, Yahweh is besig om 'n klein groepie uit die wêreldse, geldmaker kerke te roep en om hulle in 'n geestelike wildernis in te roep waar Hy hulle korrek sal leer vanuit Sy woord. Hy verklaar in **Jer 23:4** dat Hy vir hulle goeie herders sal gee. Daar is goeie, ware Yahweh-geveesde predikers in die wêreld. Die probleem is dat daar nie naastenby genoeg is in teenstelling met die baie mense in die wêreld wat aanspraak maak daarop dat hulle gelowiges is. Die goeie nuus is dat jy nie meer 'n slaaf van die korporatiewe kerke hoef te wees nie. Daar is 'n beweging in Amerika asook wêreldwyd, van 'n groeiende hoeveelheid huis gemeentes net soos in die eerste eeu gemeente. Het jy geweet dat meeste gemeentes in huise ontmoet het in die begin? Dit was eers drie of vier honderd jaar later dat groot, miljoen dollar kerke gebou word met Heidense kunswerke in die binnekant en die falliese simbool as torings aan die buitekant. Jou genade is te waardevol om toetelaat dat mans van jou 'n mark maak. Jy hoef nie langer in die gevangenskap van die mans te wees nie. Luister na wat die Apostel Paulus sê:

**Rom 2:13 omdat nie die hoorders van die wet by Elohim regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.**

## **HOOFTUK 7 – DIT IS TYD OM WAKKER TE WORD**

Dit is hoog tyd dat Yahweh se volgelinge wakker word en die waarheid van die Skrif uit 'n profetiese oog punt sien. Ons lewe in wat die Skrif beskryf as die eind tyd, bestempel as die tyd van “Jakob se benoudheid” of die “Groot verdrukking” en dit is net om die draai. Al Yahweh se kinders sien uit met groot vreugde en verwagting na Yahshua se komende Koningryk. Maar die harde, koue realiteit is dat die groot verdrukking eers moet kom. Baie glo dat hulle opgeraap gaan word hemel toe, maar daar is nie een enkele vers in die Skrif wat praat van 'n pre-verdrukkings opraping nie! Dit is nog net 'n ander leuen van die satan om Yahweh se kinders te verhoed om te strewe na 'n heilige lewenswyse. Yahshua gaan terug kom Aarde toe. Ons gaan nie hemel toe nie. Die volgende vers maak dit baie duidelik.

**Joh 3:13** En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is.

Hoekom kan Christine nie eerlik na die woord van die Skrif kyk nie? Geen man is in die hemel nie, nie Abraham, nie Jakob, nie David of Moses nie. Die Skrif verwys na die dooies as “ontslape”.

**1Kor 15:51** Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,

**1Kor 15:52** in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

In die Skrif word die dooies beskryf as ontslape in die graf. Hulle is nie in die hemel nie.

**Heb 11:39** En alhoewel hulle almal (Die vaders van die gelowiges) deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,

**Heb 11:40** omdat Elohim iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.

Ons belofte is om verander te word, soos Yahshua, in 'n geestelike wese, soos Yahshua, met die opstanding van die heiliges, by Sy terugkeer. Let ook op in **1 Kor 15:52** word dit genoem wanneer die opstanding gaan plaas vind. Dit gebeur met die LAASTE TROMPET. In Openbaring is daar sewe trompette wat deur boodskappers geblaas word.

**Open 8:2** En ek het die sewe boodskappers gesien wat voor Elohim staan, en sewe basuine (trompette) is aan hulle gegee.

Met die geskal van die eerste trompet, word die aarde geslaan en een derde van al die bome op aarde word verbrand, so wel as al die groen gras. Met die tweede trompet word die see geslaan en die derde trompet, al die water op aarde. Met die vierde trompet word die hemele geslaan en 'n derde van die son en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre word verduister. Met die vyfde trompet word twee honderd miljoen bose geeste vry gelaat van uit die bodemlose put. Hulle word toegelaat om pynlike sere aan almal te gee wat nie die stempel van Yahweh het nie. Met die sesde trompet word 'n derde van die mensdom uit gewis. Dan, en alleenlik dan, na ál die beproewinge, word die sewende trompet geblaas.

**Open 11:15** En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van Yahweh geword en van sy Messias, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.

Die dooies sal opgewek word, en die wat nog leef en wat getroue gelowiges is, sal saam opgeneem word in die lug, om ons Verlosser te ontmoet met Sy terugkeer (**Matt 24:13**).

**1Th 4:15** Want dit sê ons vir julle deur die woord van Yahweh, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van Yahshua, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.

**1Th 4:16** Want Elohim self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van Elohim; en die wat in Messias gesterf het, sal eerste opstaan.

**1Th 4:17** Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word om Yahshua te ontmoet in die lug; en so sal ons altyd by Yahweh wees.

Hier lees ons dat daar nie 'n pre-verdrukking opraping is nie, maar ons word opgeneem (opgevang) met Sy wederkoms by die blaas van die sewende trompet, NA die verdrukking.

**Mat 24:29** En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.

**Mat 24:30** En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid

**Mat 24:31** En Hy sal Sy boodskappers uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal Sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Dit is na die verdrukking van daardie dae dat die heiliges bymekaargemaak sal word. Die woord hemel, verkeerdelik vertaal in meeste Geskrifte, moet lees “uitspansel”. In die Skrif is daar ’n aanduiding van drie hemele: die lug, buitenste ruimte en die derde hemel waar Yahweh se troon is. Waar dan kom die idee van ’n wegraping vandaan? Dit kom van die vers wat ons nou net aangehaal het in **1 Thes 4:17**. Die woord “weggevoer” (caught up) kom van die Griekse woord “harpazo” waar wegraping vandaan kom. Maar dit is baie duidelik, van dié vers en ander wat ons aangehaal het, dat ons “weggevoer” word met die laaste trompet. Hoekom is die pre-wegraping leerstelling so gevaarlik? Ek het vele kere met Christine gepraat om hulle wakker te maak oor die gevaarlike (ernstige) tye waarin ons lewe. Die antwoord is gewoonlik: “Ek hoef nie bekommerd te wees nie, ek gaan weggeraap word voor dit”. **Mattheüs 24:13** sê baie duidelik dat ons moet volhard tot die einde. Die wegraping was nie ’n mening wat deur die eerste gelowiges geondersteun is nie maar het begin in die 1800 van ’n “visie” van ’n klein dogtertjie. Die geloof aan beskerming deur beproewing is nie verkeerd nie. Yahweh sal Sy ware, getroue gelowiges beskerm deur die vreeslike tye wat op die aarde gaan kom. Wat gevaarlik is oor die wegraping teorie is dat baie hulle nie voorberei vir die vreeslike tye wat aan die kom is nie. Ons moet wakkerskrik soos vermeld word in **Heb 3:13**: “**terwyl dit vandag genoem word**”. Ons moet wegbreek van eindelose ure van plesier nastreef en niksseggende TV ens. Ons moet ophou om staat te maak op ons weeklikse of maandlikse betaalstaat en heeltemal te vertrou op Yahweh. Ons moet ophou om op versekering te veel staat te maak. Ons geloof moet in Elohim en in Hom alleen wees. Ons moet werklik leer om in geloof te loop elke dag en nie bekommerd te wees oor die dag van môre nie. Slegs deur geloof kan ons die koninkryk ingaan. Ons lewe in die mees sondige, plesiersoekende samelewing wat die mensdom nog ooit belewe het. **Lukas 17:26-32** vertel ons dat die eind tyd sal wees soos in die dae van Noag en Sodom en Gomorra. Die probleem in albei samelewings was ongeloof en morele losbandigheid. Daardie samelewings het niks inverhouding met ons samelewing van vandag. Hoe dan dit meer losbandig word? Homoseksualiteit is wettig en aanvaarbaar deur meeste. Babetjies kan wettiglik vermoor word deur aborsies. Het jy geweet dat van vier weke af ’n babetjie ’n hartklop het? Dat hulle ’n senuweestelsel ontwikkel? Hulle het klein handjies en voetjies. Dieselfde mense wat veg om aborsies wettig te hou sal hulle lewens waag om diere en die omgewing te beskerm. Hoekom? Want die geloof stelsel van die menseras is deurmekaar. Hulle het die Torah van Yahweh geruil vir hulle eie menslike sinlike gewete. Vandat Yahweh se Torah en gebed uit die skole verwyder is, het die samelewing vinnig afdraand gegaan soos ’n rollende sneeubal. Die mans van sonde, wat hulleself predikers van “Jesus” noem, het net die verhoog opgestel vir groter wetteloosheid wat nog moet kom. Hoe kan ons verwat dat enige regering die wette van Yahweh moet volg, as predikante almal se dat dit mee weggedoen is? Die verhoog is reg en die wêreld ryp vir die onthulling van die ware man van sonde. Dit is werklik n wettelose samelewing. Dit gaan alles terug na die Tuin van Eden. Eden beteken letterlik: “om in die teenwoordigheid van Yahweh te wees”. Dit was nie net ’n plek nie maar ook ’n omgewing. Die manier om in die omgewing te bly is om in Hom te glo; nie net in dit wat vir ons gerieflik is nie, maar in elke enkele woord.

**Mat 4:4 Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van Elohim uitgaan.**

Toe Adam en Eva opgehou het om in Yahweh te glo, en die satan se leuen te glo, was hulle uit Eden gegooi of “van die teenwoordigheid van Yahweh”. Die mens was onder die vloek van die Torah van daardie tyd. Die vloek is die straf (boete/penalty) vir Torah verbreking, nie die Torah self nie. Die Torah (Wete) is foutloos.

**Ese 18:4 die siel wat sondig, dié moet sterwe.**

Yahshua het Aarde toe gekom om ons vry te koop van die doodstraf, om ons ’n nuwe gees en hart te gee om gehoorsaam te wees, om ons terug te sit in Eden, “in die teenwoordigheid van Yahweh”. Met Sy dood, het die voorhangsel in die Tempel (skeiding van Yahweh) van onder na bo in twee geskeur. Dieselfde ding wat Adam van Yahweh se teenwoordigheid geskei het sal jou ook skei. **ONGELOOF!**

**Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om Elohim te behaag; want hy wat tot Elohim gaan, moet glo dat Hy is, en ’n beloner is van die wat Hom soek.**

Elke woord wat Yahweh vir ons gee is vir ons voordeel. Glo jy dit? Glo jy dat elke wet, elke verordening en elke oordeel tot jou voordeel is? As jy dit glo, hoekom sal jy nie gehoorsaam wees nie? Yahshua se die Sabbat was gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie (**Matt 2:27**).

**Psa 111:7 Die werke van Sy hande is trou en reg; al Sy bevel is betroubaar.**

**Psa 111:8 Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig; uitgevoer in trou en opregtheid.**

**Psa 111:9 Hy het aan Sy volk verlossing gestuur; Hy het Sy verbond vir ewig ingestel; Sy Naam is heilig en vreeslik.**

**Psa 111:10 Die vrees van Yahweh is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid.**

Luister na die belofte wat Yahweh maak met die wat Hom lief het en Sy geboorte onderhou (bewaak, beskerm). Wanneer Yahweh iets belowe is dit of dit alreeds gedoen is.

**Deu 7:9 Jy moet dan weet dat Yahweh jou Elohim, Elohim is, die getroue Elohim wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en Sy geboorte onderhou, in duisend geslagte.**

**Deu 7:10 Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met Sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde.**

**Deu 7:11 Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge wat ek jou vandag beveel om dit te volbring.**

Dit is voorspellings vir die eind tyd dat valse leraars in die gemeente van Yahshua sal inkruip en wetteloosheid sal preek om so doende die verhoog voor te berei vir die man van sonde, die valse messias.

**Judas 1:3 Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.**

**Judas 1:4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, onheilige mense wat die genade van onse Elohim verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, Elohim, en onse Meester Yahshua Die Messias verloën.**

Die satan het hierdie valse leraars gebruik om die meeste Christene vandag te verblind.

**2Kor 4:3 Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan,**

**2Kor 4:4 naamlik die ongelowiges in wie die Elohim van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Messias, wat die beeld van Elohim is, op hulle nie sou skyn nie.**

Die valse messias gaan net soos die regte Messias lyk vir die wat nie weet of wat onverskillig staan teenoor die heilige Skrif.

**2Kor 11:14 En geen wonder nie! Want die satan self verander hom in 'n engel van die lig.**

Die Skrif sê dat die man van sonde alle vorms van valse tekens en wonderwerke sal doen.

**2Tim 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen**

**Open 13:13 Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.**

**Open 13:14 En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.**

Die man van sonde kom nie en lyk soos die duiwel nie, nee, net die teenoorgestelde! Hy kom as 'n religieuse figuur, soos die Pous, en die meerderheid van die wêreld, wat nie in die waarheid glo nie, sal hom aanvaar. Hy maak nie net daarop aanspraak dat hy 'n groot religieuse figuur is nie, hy beweer dat hy Elohim self is.

**2Th 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf**

**2Th 2:4 die teëstander wat hom verhef bo al wat Elohim genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van Elohim as Elohim sal sit en voorgee dat hy Elohim is.**

Die bedrog sal so groot wees dat as dit moontlik is selfs die ware uitverkorenes bedrieg sal word.

**Mat 24:24 Want daar sal valse Messiasse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.**

Dit is 'n skrikwekkende gedagte. Daar is slegs 'n klein getal wat die ware uitverkorenes is. Die vers sê dat baie geroep word maar net 'n paar word gekies. Die bedrog sal kom omdat die liefde vir die Skrif en waarheid nie teenwoordig in die huidige wêreld is nie. Yahweh sal die bedrog toelaat want hulle het die wêreld en sy tradisies meer lief as vir Hom.

**2Th 2:6 En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.**

**2Th 2:7 Want die verborgenheid van die ongeregtheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is;**

**2Th 2:8 en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat Yahweh met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak,**

**2Th 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen**

**2Th 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

**2Th 2:11 En daarom sal Elohim hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,**

**2Th 2:12 sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid.**

Wat so skrikwekkend van die vers is, is dat Yahweh toelaat dat die bedrog gebeur omdat mense nie Sy woord lief het nie. Miljoene boeke word elke jaar deur mense geskryf, maar slegs een boek is geskryf met die vinger van Yahweh.

Hartseer om te sê dat meeste Christine die boek nog nooit heelmaal gelees het nie en nog minder om dit elke dag te lees. Die heilige Skrif is ons kos, ons (lifeline) lewe. Kan jy jou voorstel om vir weke of maande sonder kos te gaan? En tog gaan meeste Christine daagliksonder dié belangrike geestelike kos. Meeste van die wêreld sal die enigste ware Elohim verwerp en die valse profeet aanneem in die eindtyd omdat hulle die Woord van Elohim verwaarloos het.

**Open 13:3 En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.**

**Open 13:4 En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?**

In verse 16-17 praat dit van 'n merk wat aan die hele wêreld gegee sal word as eerbewys aan die dier. Dié merk word op die regterhand en voorkop gesit. Dit sal "666" wees, die merk van die mens. Ek het baie gelowiges gehoor sê: Ek sal nooit die merk vat nie, omdat almal wat dit vat hulle ewige lewe sal verloor". As jy mooi kyk hoekom die merk op die hand en die voorkop is sal jy verbaas wees. Ons dink met ons verstand (voorkop) en ons werk met ons hande. Die merk van die dier gaan verby die letterlikke merk of rekenaarskyfie in jou, al hoewel dit in die sal wees wat dit aanvaar. Ons doelwit moet wees om die Woord van Yahweh in ons voorkop (verstand) te hê en om die gedagtes in dae om te sit (werk met ons hande).

**Deu 6:6 En hierdie woorde (Sy Torah) wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;**

**Deu 6:8 Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë (voorkop) wees.**

Dit is baie belangrik. Die merk van die satan is die nommer van die mens, 666, en is in die hand en voorkop. Die merk van Yahweh is Sy Torah en is ook in die voorkop (geloof), en is volbring deur die hande (werke). Baie glo nie dat die wêreld se Heidense aanbidding van Yahweh en Yahshua deur vervangings teologie baie saak maak nie, maar duidelike sien jy twee merke. Die merk van die mens sisteem, met Heidense tradisies, en Yahweh se

verseëling, met Sy koninklike Torah en Heilige dae gebaseer op die waarheid. Ons is te na aan die einde om Russiese roulette met ons Verlosser te speel. In **Open 6** praat dit van sewe seëls wat oop gemaak moet word om die groot verdrukking te begin. Vyf van die seëls is huidig aanwesig in een of ander vorm.

#### **EERSTE SEEL:**

**Open 6:2 En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.**

Dit is voorstelling van die valse gelowe wat algemeen in die wêreld is. Amper alle georganiseerde gelowe is deurtrek met soveel Heidense en valse doktrines dat dit moeilik is om hulle as ware Christine te beskou.

#### **TWEEDE SEEL:**

**Open 6:4 En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekóm, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.**

Dit is 'n voorstelling van oorlog. Daar is huidiglik honderde verskillende oorloë wat geveg word. Nog nooit was daar so baie oorloë nie.

#### **DERDE SEEL:**

**Open 6:5 En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.**

**Open 6:6 En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.**

Daar is hongersnood oor die hele wêreld. Huidiglik is daar amper 'n biljoen mense op aarde wat van honger dood gaan en dit word al hoe erger. Een helfte van die wêreld ondervind erge droogte en in ander areas is daar vreeslike vloede. Asië, die Midde Ooste en Afrika is in gevaarlike droogte situasies en baie dele het hongersnood. Daar is verskriklike lyding aan die gang in Oos Europa. Die HIV epidemie in Afrika is verstommend en skrikwekkend. Volgens berigte het die swart gemeenskap in Suid Afrika die hoogste voorkoms van HIV in die wêreld. Om by die ander smarte te voeg is daar Mal koei siekte, bek en klou seer en die Asiatiese griep wat pluimvee affekteer. Miljoene diere moet af en toe geslag word.

#### **VIERDE SEEL:**

**Open 6:7 En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk!**

**Open 6:8 En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.**

#### **VYFDE SEEL:**

**Open 6:9 En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van Elohim en die getuienis wat hulle gehad het.**

**Open 6:10 En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?**

**Open 6:11 En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknepte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.**

Meer Christine is in die laaste jare dood gemaak as die 2000 jaar voor dit. Sudan, Egipte, Sjina en Indonesië is net 'n paar plekke waar die sterftes plaas vind. Dit word nie wêreld wyd gepubliseer nie weens politiek en finansiële redes. As 'n Moslem tot bekering kom is daar 'n doods vonnis op sy lewe. Ons het baie ontmoet van

areas soos Afrika en die Midde Ooste wat in die situasie is. Baie moes vir hulle lewens vlug. Statistiek wys dat 'n Christin omtrent elke 10 minute, iewers in die wêreld, vermoor word.

### **SESDE SEEL:**

Daar gaan 'n wêreld wye aardbewing plaas vind. Ons word vertel dat dit so sterk gaan wees dat elke berg en eiland uit sy plek geskryf sal word. Ná die seël, sal die gramskap van Yahweh en die ergste plaes wat nog ooit die mensdom getref het, begin. Hongersnood en die pestilensies gaan erger word. Sterre sal van die hemel val en daar sal haelstene wees wat oor 40kg gaan weeg. Meeste mense op die Aarde sal gedurende die tyd sterf.

**Jes 24:1 Kyk, Yahweh maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.**

**Jes 24:2 Dieselfde lot tref die volk en die priester, die slaaf en sy heer, die slavin en haar meesteres, die koper en die verkoper, die uitlener en die lener, die skuldeiser en die skuldenaar.**

**Jes 24:3 Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want Yahweh het hierdie woord gespreek.**

**Jes 24:4 Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag.**

**Jes 24:5 Want die aarde is onheiligh onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.**

**Jes 24:6 Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor.**

Die seëls van **Openbaring** is ooreenstemmend in **Mattues 24** toe Yahshua aan sy disipels vertel het wat om te verwag in die eindtyd. Yahshua maak die opmerking in **Matteus 24:7** dat daar "aardbewings in verskillende plekke" sal wees. Dit is interessant om van die toename in die hoeveelheid aardbewings in die laaste tien jaar te hoor. Die nommer het verdubbel volgens die "United Geological Survey". Dit is nog 'n teken wat wys dat Sy terugkeer baie naby is.

**Mat 24:32 En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is.**

**Mat 24:33 So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.**

**Mat 24:34 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie.**

Ons is, om die minste te sê, besig om die geboorte pyn van Yahshua se kommende Koninkryk te sien. Met alles wat so vinnig versleg, is ons miskien verder in die profesie as wat meeste sal erken.

### **IS JY GEREED OM JOU SKEPPER TE ONTMOET?**

**2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Messias verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.**

Wat is jou werke? Maak die Skrif jou bang? Dit behoort! Die tyd van "kerk speel" is verby. Hoeveel uur per dag staan jy aan Messias af as sy dienskneg? Hoeveel uur per dag bid jy, bestudeer jy jou Skrif, dien die weduwee, die weeskind en die armes? Het jy dit al ooit gedoen? Dit is tyd dat jy jousef en jou trots een kant sit, Yahweh daagliks soek AS jy in Sy koninkryk wil wees.

**Luk 17:26 En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens:**

**Luk 17:27 hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het.**

**Luk 17:28 Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou.**

**Luk 17:29 Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig.**

**Luk 17:30 Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.**

**Luk 17:31** In daardie dag moet hy wat op die dak sal wees, terwyl sy huisraad in die huis is, nie afkom om dit weg te neem nie; en so ook moet hy wat op die land sal wees, nie omdraai na wat agter is nie.

**Luk 17:32** Dink aan die vrou van Lot!

**Luk 17:33** Elkeen wat probeer om sy lewe te red, sal dit verloor; en elkeen wat dit verloor, sal dit behou.

Hoeveel het die dae van Noag oorleef? Hoeveel het oorleef toe Yahweh Sodom verwoes het? NIE BAIE NIE! Lees weer: Elkeen wat probeer om sy lewe te red, sal dit verloor; en elkeen wat dit verloor, sal dit behou. Die hele wêreld is gebaseer op self, plesier soekend en gierigheid. Daar is geen ruimte vir die Koningryk van Yahweh!

**Efe 5:5** Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgoddienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Messias en van Elohim nie.

Die wêreld is besig om verby te gaan terwyl jy die boek lees. Nou is die tyd om vorentoe te kyk na Yahshua se Koninkryk en om op te hou lewe vir die huidige godelose wêreld. Lewe jy as 'n slaaf van die Messias of as 'n Koning van jouself? Jou lewe is gekoop en klaar betaal!

**1Kor 6:20** Want julle is duur gekoop. Verheerlik Elohim dan in julle liggaam en in julle gees wat aan Elohim behoort.

Yahshua vertel ons dat Hy baie sal wegstuur wat verklaar dat hulle Hom ken!

**Mat 7:21** Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is.

**Mat 7:22** Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?

**Mat 7:23** En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!

Alles in die lewe wat die moeite werd is neem harde werk en toewyding. As jy 'n dokter of 'n prokureur gaan word, sal dit jou jare van harde werk en studies neem; hoekom sal ons dink dat voorbereiding vir heerskappy saam met Yahshua enigsins anders sal wees?

In **Open 2:17** sê Yahshua dat Hy verskuilde manna sal gee aan enigeen wat sal oorkom.

**Matteüs 24:13** sê ook dat hulle wat sal uithou tot die EINDE sal gered word. Jy moet wakker word, hou op om die satan toe te laat om jou tyd en jou lewe te beheer.

**Efe 5:15** Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;

**Efe 5:16** en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.

Hier is 'n denkbeeldige storie wat aan my gegee is. Terwyl jy dit lees, sal jy begin wonder hoe denkbeeldig dit regtig is.

## **IS JY BESIG?**

Die satan hou 'n wereld wye konverensie. In sy aanvangs rede vir sy bese engele sê hy: Ons kan die Christine nie stop om kerk toe te gaan nie. Ons kan hulle nie stop om hulle Skrif te lees nie en die waarheid te leer nie. Ons kan hulle selfs nie weerhou van 'n intieme, blywende verhouding met die Messias nie. Maar dit is wat ek vir julle sê om te doen: weerhou hulle om nie 'n houvas aan hulle Verlosser te kry nie en handhaaf daardie lewensbelangrikke houvas op hulle die hele dag lank!

“Hoe doen ons dit?” skreeu die bese geeste.

“Hou hulle besig met onbelangrikke dinge van die lewe en bedink ontelbare planne om hulle gedagtes besig te hou” antwoord hy. “Verlei hulle om te spandeer, spandeer, spandeer en om te leen, leen, leen. Oortuig die vrouens om te gaan werk vir lang ure en dat die mans 6-7 dae 'n week, 10-12 ure per dag moet werk, sodat hulle die lee leefstyl kan bekostig. Hou hulle besig sodat hulle nie tyd kan spandeer met hulle kinders nie. As die



familie opbreek sal die huis baie gou geen uitkoms bied vir die druk van hulle werk nie. Verlei hulle verder om na die radio te luister of MP3's, terwyl hulle iewers heen ry. Prikkel hulle verstand so dat hulle nie die stille, klein stemmetjie van Yahweh kan hoor nie. Hou hulle DVD, TV, CD's en kompers konstant aan die gang. Laat hulle BESIG wees deur NIKS te doen nie. Maak seker dat alle winkels, restaurante en besighede oral in die wêreld konstant oop bly en nie-Skriftelike musiek speel. Dit sal hulle verstand in beslag neem met boodskappe van die vlees en sodoende die eenheid met Messias verbreek. Bedek hulle koffietafeltjies met tydskrifte en koerante. Bestook hulle verstand vir 24 uur per dag. Maak inbreuk op hulle oomblikke in die motor met advertensie borde. Oorvloei hulle posbusse met gemors pos, advertensies, Lotto lotings en enige tiepe nuusbriewe en promosies wat gratis produkte, dienste en valse hoop aanbied. Maak seksualiteit deurdringend en deurlopend. Sit wulpse, pragtige meisies op die voorblad van tydskrifte sodat die getroude mans uiterlike mooiheid sal begeer en sodoende teleurgesteld sal word met hulle vrouens. Gee vir hulle prente wat weelderige, spoggerige, wellustige leefwyses voorstel wat eintlik nie bestaan nie. Hou hulle so besig dat hulle nie tyd het om in die natuur in te gaan en oor die wonders van Yahweh te bepeins nie. Gee vir hulle sensasionele sport geleenthede, konserte en rolprente in plaas van bepeinsing. HOU HULLE BESIG, BESIG, BESIG! En as hulle wel ontmoet vir geestelike gemeenskap, betrek hulle in skinder, afguns en eiegeregtigheid, sodat hulle sal vertrek met verontrustende gewetes. Dit sal hulle gesprekke beperk tot vlak, onbelangrikke, nuttelose onderwerpe. Gaan aan! Laat hulle betrokke raak in siele werwing, maar vul hulle lewens met so baie onbelangrike sake dat hulle nie die tyd het om hulle krag van die Messias te soek nie. Baie gou sal hulle op hulle eie krag staat maak, hulle gesondheid en hulle families op die spel plaas vir wat hulle dink belangrik is. Hulle sal insig verloor oor hoe belangrik die menslike gees (soul) werklik is. EK Sê VIR JULLE, DIT SAL WERK!"

**Dit was nou vir jou 'n konverensie!** En die bose geeste het gretig begin werk aan hulle opdrag om "Yahweh se kinders" besig, besig, besig te hou en om hier en daar rond te hardloop. Die bose geeste het selfs Yahweh se geordende dag van rus gesteel! VRA JOUSELF....beskryf dit MY familie? Wie word verheerlik deur my lewenswyse? Wil Yahweh he ek moet anders lewe? IS EK GEWILLIG om te doen wat dit sal vat om te verander? Dié storie is so waar. Met tyd wat min is, moet ons ons self vra, verheerlik ek regtig vir Yahweh in my lewe? Hoe toegewyd is ek aan my roeping? Ons sien dinge wat in die wêreld aangaan wat vir ons wys dat die einde naby is. Geen vers word meer werklik as die volgende een nie:

**Dan 12:4 En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.**

Definitief sien ons dit vandag. Dit is moeilik om die lewe voortstel sonder karre, vliegtuie, TV's, kompers en elektrisiteit. Maar onthou, vir 5,900 jare, vanaf Adam se skepping, was daar geen moderne tegnologie nie. Slegs in die laaste 100 jaar, en dan spesifiek die laaste 40 of 50 jare, het dinge baie vooruit gegaan. Hierdie vooruitgang is besig om die mensdom se verwoesting teweeg te bring. Met meer kennis kom groter euwel. Ons staar groot skaalse probleme in die gesig: van globale verwarming en die verwoesting van die osoon laag en die atmosfeer, asook kos probleme veroorsaak deur genetiese manipuleerde plante en diere. Moet ook nie vergeet van Atoombomme wat elke man, vrou en kind op die Aarde kan vernietig nie. Die mens, sonder die Ruach HaKodesh van Yahweh is inherent boos/godeloos. Met elke nuwe uitvinding kom meer verwoesting. Elke ding wat Yahweh geskape het is goed en die mens verwoes dit. Dit het so ver gegaan dat as Yahweh nie die dae verkort in die eind tyd nie, sal die mens elke geskape wese op die planeet vernietig.

**Mat 24:22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.**

**1Pe 4:17 Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van Elohim. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van Elohim ongehoorsaam is?**

Die einde vir die wat nie gehoorsaam is nie is ewige skeiding van Yahweh! Verlossing is gratis, maar nie goedkoop nie. Ons moet die vrye geskenk wat vir ons geoffer word, vasgryp en dit met ons hele hart vertroetel.

**Mat 7:13 Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.**

**Mat 7:14 Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is MIN wat dit vind.**

Ons moet ons self oordeel, sodat ons nie deur Yahweh veroordeel word nie.

**(1 Kor 11:31).** As die satan die hele wêreld bedrieg het (**Open 12:9**), dan is dit tyd dat jy uit die wêreld uit kom. Moet nie langer bedrieg word nie. Luister na wat die Heiliges doen gedurende die groot verdrukking's periode.

**Open 14:12 Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die GEBOOIE van Elohim en die geloof in Yahshua BEWAAR (beskerm, oppas).**

Geloof sonder werke is dood en daar is TIEN gebooie, nie nege!

**Jakobus 2:10 Want wie die hele wet onderhou, maar in EEN opsig struikel, het aan almal skuldig geword.**

Ons moet elke woord uit die mond van Yahweh gehoorsaam en nie kies en keur wat ons lewens pas nie. Tyd word baie vinnig minder en ons mag nie een dag langer wag om 'n volle verbintenis aan Elohim te maak nie – om lief te hê en gehoorsaam te wees.

### **WAT OM VOLGENDE TE DOEN?**

Daar is 'n klomp informasie aan jou gegee in hierdie boek. Baie van dit wat onder jou aandag gebring is het jy miskien nog nooit van tevore gehoor nie. Dit sal tyd vat om al die informasie in te neem, maar die volgende vraag is: "Wat gaan jy doen met die informasie wat ons Hemelse Vader jou mee geseën het?" Alhoewel baie van die bewyse in die boek dogmatiese (ver)wys na die veranderinge in die ware gemeente wat Yahshua amper 2,000 jaar gelede begin het tot die korrupte Heidense kerke van vandag, is ek seker dat baie nog sal voortgaan met hulle valse Heidense praktyke in plaas van omdraai en die Yahweh geordende feeste en aanbidding aan te hang. **MAAR DIT HOEF NIE JY TE WEES NIE!** As jy lees in die Skrif, sal jy sien dat dwarsdeur die geskiedenis die mensdom konstant in rebellie was teen hulle Skepper. Nog nooit was daar 'n tyd, in die amper 6000 jaar van die mens se bestaan, dat die meeste in die samelewing gehoorsaam was aan Elohim. Selfs in antieke Israel, soos ek bewys het, was die meeste mense nooit gehoorsaam aan Yahweh nie en hulle het die boete daarvoor betaal om in diaspora te gaan vir meer as 2500 jaar.

Dit is nie verbasend, dat selfs met die werklike feite as bewyse, dat meeste nie moeilikheid wil maak in hulle families en gemeentes deur Yahweh se wette te gehoorsaam nie. Maar soos ek alreeds gesê het, dit hoef nie jy te wees nie. As jy kyk na die kort tydperk, wat ons die lewe noem, sal jy sien dat die hele bestaan van die mensdom op aarde niks anders as 'n toets is nie. Dit is 'n toets om te sien of ons gehoorsaam sal wees vir ewig en of ons betroubaar sal wees om die heelal te beheer as 'n Koning en 'n Priester vir Hom. Ek weet dat vir baie die kort 70-80 jaar (as ons so geseënd is om so lank te leef) soos 'n ewigheid voel. Meeste mense wil nie besef dat hulle sterflike wesens is nie.

**Psa 49:11-12 Hulle binneste gedagte is: hul huise sal vir ewig wees, hul wonings van geslag tot geslag; hulle noem die lande na hul name.**

Die mens wou nog nooit met sy sterflikheid vrede maak nie. Hulle gaan skool toe vir 15 en selfs vir 20 jaar om te leer vir iets wat heelwaarskynlik nie eers sal bestaan wanneer Yahshua se koningryk kom nie. Ons Hemelse Vader het ons geroep tot 'n beroep wat vir ewig en ewig sal staan. Hy het Sy uitverkorenes gekies om te help om die kinders van die mensdom terug te roep na Hom toe. As jy deur die geskiedenis van die mens blaai sal jy sien dat in alle geslagte daar net 'n handjie vol mense was wat werklik die weg van ons Hemelse Vader gevolg het, en dat die meeste van die gemeenskap die weg van die wêreld of van die satan gevolg het. Die ewige verbond van geloof was omdat een man, Abraham, gehoorsaam was. Met die vloed, was net een man gevind, wat regverdig was naamlik Noag. Weereens, gedurende die dae van Sodom en Gomorra het Abraham gepleit dat Yahweh die stede sou spaar as hy net 10 regverdige kon vind, behalwe vir Lot, kon hy niemand anders kry nie. Sedert die besluit van Adam en Eva om hulle eie weg te volg, in plaas daarvan om absoluut te glo dat die weg van onse Hemelse Vader perfek is, het Yahweh toegelaat dat die mens sy eie vrye will kan gebruik om self besluite te neem in hulle lewens, en al wat die toets is, wat ons die lewe noem, is om te sien of ons sal veg teen die weg wat 99% van die wêreld geneem het en om gehoorsaam te wees aan Hom. Dit is hulle wat Hy vir ewig kan vertrou en Konings en Priesters maak vir Sy koningryk. Ek sê nie dat dit maklik gaan wees nie. Nee, net die teenoorgestelde, dit sal 'n lewe wees van beproewing en worstel.

**2Ti 3:12 En almal wat ook Elohimvrugtig wil lewe in Messias Yahshua, sal vervolgd word.**

Ek is nie hier om heuning om jou mond te smeer en te sê dat daar nie verdrukking sal kom op alle ware gelowiges om ons te reining vir ons Messias se terug keer nie. Ek is hier om jou aanmoediging te gee dat as jy besluit om die hoër roeping te kies, dat jy dit nie alleen sal hoef te doen nie.

**Joh 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.**

Wanneer jy jou heeltemal verbind aan Yahweh en Yahshua en die bloed verbond met ons Hemelse Vader deur die bloed van Sy Seun aangaan, sal jy nie langer alleen veg teen die satan en die wêreld nie, maar nou het jy die Almagtige Skepper wat vir jou veg. Jy het 'n verbonds Venoot, wat alhoewel Hy sal toelaat dat jy deur beproewings gaan vir jou eie reiniging, Hy jou nooit in die steek laat nie.

**Jes 49:15 Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie!**

Ek kan eerlik vir jou vertel dat noudat jy n een-in-een verhouding met Yahweh deur Sy Seun Yahshua het, sal jy wonderwerke in jou lewe ervaar en die krag van die Ruach HaKodesh wat jy nie geglo het moontlik kan wees nie. As jy jou eerste tree gee in geloof, maak nie saak wat die gevolge gaan wees nie, dan, en dan alleen, sal jy die Hand van die Almagtige sien soos nog nooit tevore nie. Jou lewe sal heeltemal verander weg van die kommersieële vervaardigde valse geloof van 'n koperatiewe geld grypende besighede genoem 'n kerk, na die ware gemeente van Yahweh. Die woord wat vertaal is as "kerk" kom van die oorspronklike Griekse woord "ecclesia" wat eintlik beteken "die geroepenes". Dit is nie gebou met 'n Heidense toring en ook nie 'n entiteit wat vorms ingevul het vir belasting ontduiking nie. Dit is die einste mense, die geroepenes, van Yahshua Homself. Toe Yahshua oorspronklik sy eerste disipels uit geroep het, het hulle in sinagoges bymekaar gekom totdat hulle uitgegooi was en vandaar het meeste gemeentes in huise ontmoet.

**1Kor 16:19 Die gemeentes van Asië groet julle. Aquila en Priscilla saam met die gemeente wat in hulle huis is, laat vir julle baie groete weet in Yahweh.**

Gedurende die laaste 7 jaar het baie mense wat die boek gelees het geskryf en vertel dat hulle die valse wereldse kerke verlaat het en nou alleen voel. Ek wil vir jou vertel en sodoende bemoedig dat jy nie alleen is nie. Toe my Vrou en ek Amerika 10 jaar gelede verlaat het om in die sendingveld te gaan werk, het ons ook so gevoel. Ons bly in Israel meeste van die jaar en reis na die verspreide Broeders en Susters die ander deel van die jaar, en toe ons begin het, het ons amper geen geld en baie min ondersteuning gehad. Die laaste 6-8 jaar het Yahweh ons geseën sodat in ons menslike swakheid ons nou oor die 30 lande mense bedien en ons het 'n wonderlike program genoem: "My brothers Keeper" vir Broeders en Susters wat swaar kry in Asië en Afrika en ander plekke reg rondom die wêreld. Ons het gehelp om baie nuwe gemeentes te begin en te beskerm die laaste paar jaar, ek het baie nuwe broers en susters gedoop in die familie van Yahweh. Baie van die gemeentes is klein plaaslike groepies of huis gemeentes net soos in die eerste eeu. Die Heilige Skrif is soos 'n sirkel wat homself aanhou herhaal. Baie van die profesieë in die Skrif het dubbele en selfs drie voudige vervullings. Is dit nie wonderlik om te sien dat ons Hemelse Vader Sy mense terug roep na die ware Skriftelike geordende gemeenskappe net soos die vroeëre gelowiges? Ons word ook geseën deur Yahweh om gasheer te wees vir die drie pelgrims feeste: Pasga, Pinkster (Shavuot in Hebreeus) en die Huttefees (Sukkot) in die land, Israel. Weereen in die eind tyd, plaas Yahweh 'n verteenwoordigheid in Jerusalem. Ons het ook 'n pelgrimstog deur die land van Israel geneem met die broeders en sisters gedurende die Huttefees. Dit sal een van die wonderlikste ondervindings wees wat jy ooit in jou hele lewe sal hê, en dit is om jou erfenis te sien. Dit sal die Skrif laat lewe soos nog nooit tevore nie. As die boek vir jou 'n seën was en jy 'n volle verbond wil sluit met Yahweh en gedoop word in die een en enigste naam in die Hemel en aarde waardeur almal gered kan word (ie. Yahshua), maak kontak met ons en ons sal probeer om reëlins te tref sodat 'n ware dienskneg van Yahweh jou kan bystaan. Elke dag wat verbygaan nadat jy die boek gelees het en jy nie verander nie, maak jou kans al hoe minder en minder. Dit is baie belangrik dat ware verbonds kinders gemeenskap moet he met mekaar en mekaar onderskraag en aanmoeding in die waarheid en in ons (walk) lewenswyse. Geen mens is 'n eiland nie. Dit sal baie makliker wees vir die satan om jou te verlei en vir jou om weg te val van die waarheid as jy alleen is. Ons het 'n lewenslange belofte gemaak om Yahweh en Sy kinders te dien en ons is hier om jou te help op enige manier waar ons moontlik kan. Ons kan jou verwys na opregte gees gevulde gelowiges wat net soos jy probeer om die waarheid te volg. Ons weet van baie suster gemeentes reg oor die wêreld. Maak gebruik van ons webtuiste en kontak besonderhede wat voor in die boek is.

Ek wil graag die boek eindig met 'n storie wat nou kort met my in Jerusalem gebeur het. Dit behoort enigeen met net 'n bietjie gewone begrip te laat verstaan hoekom ons Yahweh se wette moet gehoorsaam na bekering.

'n Man kom sien my vir berading omdat hy geglo het dat hy die onvergeeflike sonde gepleeg het. Hy vertel verder dat hy moedswillig/opsetlik gesondig het nadat hy 'n gelowige in Yahshua geword het. Hy sê ook dat hy voel dat hy in elk geval na die poel van vuur sal gaan, so hoekom moet hy aanhou om die Torah van Yahweh te gehoorsaam? Die man se dilemma was nie baie anders as al die ander mense van vandag nie. Alhoewel baie wettelose Christine ons beskuldig dat ons probeer om ons verlossing te verdien omdat dit ons strewe is om Yahweh se Torah te gehoorsaam, verstaan ons dat dit nie die geval van ware gelowiges is nie. In vele aspekte is ons nie baie anders as die jong man wat geglo het dat hy die onvergeeflike sonde gepleeg het nie.

**Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van Elohim,**

Alle ware gelowiges besef dat ons werke ons slegs die doodsvonnis kan kry, dus kan niemand wat ooit geleef het tot voor die troon van Yahweh gaan en vra vir verlossing deur ons werke nie.

**Rom 3:20 aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.**

Die punt is dat op die oordeelsdag twee dinge kan gebeur: Yahweh se genade of geregtigheid sal heers. Of ons sal toegang tot Sy Koningryk verkry deur die genade van die gestorte bloed van Sy Seun Yahshua, of ons sal kry wat ons verdien, om in die poel van vuur gewerp te word. Albei scenarios is absoluut regverdig in die oë van Yahweh, en dit is Sy reg as Skepper van alles om te bepaal watter scenario uitgevoer gaan word. Nou hoekom sal iemand die Torah van Yahweh gehoorsaam? As ons alreeds gered is SONDER die Torah, hoekom sal ons dit gehoorsaam, en as ons wel na die poel van vuur gaan, wat sal dit ons baat om die Torah te onderhou in daardie geval? Die antwoord is dieselfe vir albei gevalle. Torah was nooit veronderstel om 'n verlossings saak te wees nie, dit was veronderstel om ons te leer wat die verksil tussen reg en verkeerd is (**Ps 119:105**). Daar is nie 'n enkele persoon op die planeet wat nie gelukkig wil wees nie, en die realiteit is dat die direkte geluk in ons lewens totaal afhang van die daaglikse besluite wat ons neem. Hetsy ons egskeiding bespreek, seksuele oordraagbare siektes, ongelukkige werk situasies, of ons die huur kan betaal of nie, al die vrae is die resultaat van slegte besluite wat ons gemaak het in ons lewe. Die Torah, of die Wet van Yahweh in die heilige Skrif is daar om ons te leer wat reg en verkeerd is, om te voorkom dat ons so baie swak besluite in ons lewe neem wat net kan lei tot ellende en ongelukkigheid.

**Psa 19:7-8 Die wet van Yahweh is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van Yahweh is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.**

Die Torah is perfek, maar ons is nie. Intendeel meeste mense neem besluite gebaseer op die gevoel van die hart.

**Jer 17:9 Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?**

Dus, die vraag is nou of jy gered is en glo, en al glo jy nie in Yahweh nie, is dit nog wys om Torah te gehoorsaam.

**Gal 3:12b maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.**

Gehoorsaamheid aan die Torah van Yahweh kan net lei tot 'n betekenisvolle, gelukkige lewe. Dit sal ons beskerm teen egskeiding, siektes, verbittering en al die ander strawwe wat saamval met sonde. Dit is nie alleenlik geloof nie, dit is wetenskaplik - Eet vark en dit lei tot hart kwale. Eet giftige kosse soos skulpvis en jy kry hepatitis en ander siektes. Egbreek en ontug lei tot seksuele oordraagbare siektes. Selfs Spreuke 14 vertel vir ons:

**Spr 14:30 'n Rustige hart is die lewe vir die vlees, maar hartstog 'n verrotting vir die gebeente.**

Dit is 'n wetenskaplike feit, dat mense met haat en bitterheid been kanker sal ontwikkel. 'n Vriend se pa was deur sy dokter vermaan dat hy sy lewe met tien jaar verkort het omdat hy 'n gees van jaloesie gekoester het. Yahweh

se Torah is soos swaartekrag – dit faal nooit nie, as jy dit breek gaan dit jou breek. Dit is hoekom die Apostel Paulus vir ons sê:

**Rom 7:12 Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.**

Die probleem lê nie by die perfekte Torah van Yahweh nie, maar by die rebelse geaardheid van die mens.

**Spr 14:12 Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.**

Die enigste rede hoekom ateïste nie in Yahweh wil glo nie is omdat hy nie verantwoording wil doen aan 'n hoër gesag nie. Soos ons gewys het is daar geen ontsnapping van die wette van die natuur wat Yahweh van krag gemaak het nie. Jy sal oes wat jy gesaai het, dus of jy gered is of nie, is dit net wysheid en die eindgeluk in elke individu se lewe of hy die Torah van Yahweh gaan gehoorsaam of nie.

Nog 'n man wat ek die somer ontmoet het met dieselfde idees, bepeins of dit nodig is om Yahweh se Torah te gehoorsaam of nie.

Hy vertel my toe die volgende: hy het homself 'n eenvoudige vraag gevra. Wat sal die toestand in die wêreld wees as almal net een van die Tien Gebooe gehoorsaam? Kom ons sê: “Jy sal nie steel nie”. Hy het nagedink en gesê: “Daar sal nooit ooit weer 'n ontvoerde kind wees nie. Daar sal nooit ooit weer egbreek wees nie want iemand sal nie 'n ander man se vrou steel nie. Daar sal geen spanning in die wêreld wees nie want niemand sal iemand anders se land wil steel nie. Daar sal geen slotte aan deure wees nie want jy sal hulle nie nodig hê nie. Nou ja, klink dit vir jou na slawerny of vryheid?

Daar is 'n tweede rede hoekom ware gelowiges Torah sal gehoorsaam. As Torah die perfekte wil van Yahweh is, soos ons gesien het, dan sal ons alles moontlik doen om ons verhouding met Yahweh suiwer te hou. Dus, sal ons die Torah gehoorsaam in geloof, soos ons vader Abraham dit gedoen het. Omdat ons Yahweh glo as Hy sê dat Sy woord PERFEK IS! Vir my om selfs een enkele letter van Sy woord te verander sal wys dat dit nie perfek is nie en dan maak ek van myself 'n skepper naas Hom, en breek die eerste gebod.

**Deu 5:7 Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.**

Om te sê dat die Torah op my hart geskryf is daarom hoef ek dit nie te onderhou nie maak glad nie sin nie. Dit is soos iemand wat longontsteking het en sê dat omdat sy medisyne in die yskas is sal hy beter word al neem hy nie daarvan nie. Hoe kan iets op jou hart geskryf word en terselfdertyd mee weg gedoen word? Dit is om waarlik met Yahshua se gees van genade te spot. Hy sê baie duidelik. As jy Hom lief het, gehoorsaam Sy gebooe.

**1Joh 2:4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooe nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.**

Dit is baie duidelik dat die wat aanspraak maak dat hulle ware volgelingen van Yahshua is, moet maak soos ons lees in:

**1Joh 2:6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.**

Dit is nie almal wat in die lig van die Skrif loop nie.

**Jes 8:20 Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie. PASOP VIR WOLWE IN SKAAP KLERE!**

**Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is.**

**Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?**

**Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!**

Hoe ons die perfekte wil van Yahweh ken is deur Sy Woord, die Torah en die Brit Chadasha (die Nuwe Testament), laat ons strewe om een te wees met ons Hemelse Vader deur die woorde wat Hy vir ons gegee het.

Laat ons wees soos ons Meester Yahshua wat nie gekies en gekeur het watter gebooie Hy wou gehoorsaam nie, maar wat gesê het:

**Mat 4:4** Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van Elohim uitgaan.

**Open 22:12** En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

**Open 22:13** Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

**Open 22:14** Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

**Open 22:15** Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgoddienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.

**Open 22:16** Ek, Yahshua, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

**Rom 2:13** omdat nie die hoorders van die wet by Elohim regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.

**1Joh 2:3** En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. (Daar is tien, nie net nege).

**1Joh 2:4** Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. (Het jy die waarheid lief?).

**1Joh 2:5** Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van Elohim waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.

**1Joh 5:3** Want dit is die liefde tot Elohim, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.

**Joh 14:15** As julle My LIEFHET, BEWAAR My gebooie.

**Joh 14:21** Wie My gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

**Rom 3:31** Maak ons dan die wet tot niet deur die GELOOF? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons BEVESTIG die WET.

**1Joh 5:21** My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amein.

**Deu 10:12** En nou, Israel, wat eis Yahweh jou Elohim van jou as net om Yahweh jou Elohim te vrees, in al Sy weë te wandel en Hom lief te hê en Yahweh jou Elohim te dien met jou hele hart en met jou hele siel,

**Deu 10:13** om te hou die gebooie (10 nie 9) van Yahweh en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, dat dit met jou goed kan gaan?

**Mal 4:4** Dink aan die wet van Moses, My kneg, wat Ek hom beveel het op Horeb vir die hele Israel— insettinge en verordeninge.

**Mal 4:5** Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van Yahweh aanbreek. (Ons is baie na aan die dag. Jy behoort te luister!)

**Jos 1:8** Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

**Deu 7:9** Jy moet dan weet dat Yahweh jou Elohim, Elohim is, die getroue Elohim wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.

**Deu 7:10** Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde.

**Deu 7:11** Hou dan die gebod en die insettinge en die verordeninge wat ek jou vandag beveel om dit te volbring.

**Deu 11:1** Daarom moet jy Yahweh jou Elohim liefhê en altyd sy ordening, sy insettinge sowel as sy verordeninge en sy gebooie onderhou.

**Deu 11:27** die seën as julle luister na die gebooie van Yahweh julle Elohim wat ek julle vandag beveel;  
**Deu 11:28** en die vloek as julle nie luister na die gebooie van Yahweh julle Elohim nie, maar afwyk van die weg wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.

**Spr 3:1** My seun, vergeet My onderwysing nie, en laat jou hart My gebooie bewaar;  
**Spr 3:2** want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder.  
**Spr 7:1** My seun, onderhou My woorde en bewaar My gebooie by jou;  
**Spr 7:2** onderhou My gebooie, dan sal jy lewe, en My onderwysing soos jou oogappel;

**Psa 118:8** Dit is beter om by Yahweh te skuil as om op mense te vertrou.

**Psa 111:7** Die werke van Sy hande is trou en reg; al Sy bevels is betroubaar.  
**Psa 111:8** Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig; uitgevoer in trou en opregtheid.  
**Psa 111:9** Hy het aan Sy volk verlossing gestuur; Hy het Sy verbond vir ewig ingestel; Sy Naam is heilig en vreeslik.  
**Psa 111:10** Die vrees van Yahweh is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid.

**Heb 4:9** Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van Elohim;

**Spr 28:9** Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel.

**Exo 31:18** En Hy het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom te spreek op die berg Sinai, die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, beskrywe met die vinger van Elohim.

**Joh 8:32** En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

**Jos 24:15b** maar ek en my huis, ons sal Yahweh dien.

**Mal 3:6** Want Ek, Yahweh, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.

Kan al die verse verkeerd wees?

**Mal 3:6** Want Ek, Yahweh, het nie verander nie!

Ons moet al die gebooie gehoorsaam, hulle is vir altyd! AMEIN.

**Mat 10:8** **Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.**

Jy sal opmerk dat daar geen koopprys vir die boek is nie. Meer as die helfte van die woorde van die boek is direkte aanhalings van die Heilige Skrif. Dit sal diefstal wees om die woord van Yahweh te verkoop, dog doen baie dit. Hierdie is 'n poging om Christine wakker te maak (vir) die regte waarheid van die Skrif. Hierdie boek is 'n geskenk aan jou. As jy meer boeke wil hê, kontak ons. Ons het ook CD's oor 'n verskeidenheid onderwerpe beskikbaar as 'n geskenk aan enigiemand wat hulle graag wil hê. Alles kan ook baie maklik af gelaai word van ons webtuiste:

[www.coyhwh.com](http://www.coyhwh.com)

Ander naslaan materiaal van belang:

Mystery Babylon Religion - Ralph Woodrow  
Two Babylon's - Alexander Hislop  
From Sabbath to Sunday - Samuele Bacchiocchi

Christianity Unmasked - Dan Israel

Verwysings in die boek geneem uit:

- (i) Catholic Encyclopedia
- (ii) Shannon Achey , “Unveiling the Christmas Story
- (iii) W.L. Pettingill, “Bible Questions Answered”
- (iv) Finas Dake, “Dakes Annotated Reference Bible”
- (v) Woodrow, “Babylon Mystery Religion
- (vi) Alexander Hislop, “Two Babylons, page 109-110”
- (vii) Ibid
- (viii) Jessee Lyman Hurlbut, Story of the Christian Church, pg 33
- (ix) Charles Caldwell Ryrie, Ryrie Study Bible, Note on Acts 10:2
- (x) Kenneth Barker, Zonderman Study Bible, note on Acts 10:3
- (xi) Ron Kelly, History of the Church of Elohim
- (xii) John Ogwyn,, Elohim’s Church Throughout the Ages
- (xiii) Nathan Ausobel, Pictorial History of the Jewish People
- (xiv) Joan Comay, Who’s Who in Hewish History
- (xv) Eusebius, Life of Constantine
- (xvi) Gibbons, Triumph of Christendom
- (xvii) Eusebius, Life of Constantine
- (xviii) John Ogwyn, Elohim’s Church throughout the Ages